

Maak julle roeping en verkiesing vas



TB
222.12

VAN

G.P.L. VAN DER LINDE

MAAK JULLE ROEPING EN VERKIESING VAS

(Preke oor Eksodus 1-24)

Deur

G.P.L. van der Linde V.D.M.

(Emeritus professor Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika)

Uitgegee deur die Calvyn Jubileum Boekefonds

Inhoud

Voorwoord.....	3
1. Die sataniese verset teen die verkiesing.....	4
2. Die Here dink aan sy verbond.....	7
3. Die groot verskynsel	9
4. Die Here het weggegaan maar is tog by ons.....	11
5. Die heiligheid van die verbond	13
6. Onverklaarbaarhede op die weg van verlossing	16
7. Die Here dwing die wat Hy na sy voorneme roep, op die geloofsweg.....	19
8. Die Here alleen is groot	22
9. Die vyand magtig, maar God almagtig	24
10. Die Here en die afgode	27
11. Die bloedpoort	31
12. Die eiendom van die Here deur die bloed van die Lam.....	34
13. Hy wat verkies en roep, sorg self dat die roeping en verkiesing vasgemaak word	36
14. Beskamende ongeloof.....	39
15. Die jubelende belydenis van 'n beskaamde kerk	42
16. Ons daaglikse brood.....	45
17. Die ontmoeting met die verbondsbrekers	48
18. Moses die profeet en koning	51
19. Israel ontmoet die Here	54
20. Die verblindende	57
21. Die stryd om ons roeping en verkiesing vas te maak.....	60
22. Die rus	63
23. Pasop vir vermenging	66
24. Die bloed van die verbond	69

Voorwoord

Graag voldoen ek aan die versoek om vir 'n geagte kollega en 'n gewaardeerde vriend 'n aanbeveling te skryf in 'n boek wat hy publiseer.

Nadat ek die manuskrip deurgegaan het, is dit vir my nie moeilik om 'n woord van warm aanbeveling te skryf nie. Die boek wat u voor u het, is nie maar net nog 'n preekbundel nie. Ja dit is 'n preekbundel. Nog wel oor die tweede Bybelboek, die boek Eksodus. Dit alleen is al die moeite werd om 'n serie van 24 preke oor die geskiedenis van die uittoeg van die volk Israel uit Egipte te lees. Tog is hierdie boek nie 'n preekbundel in die gewone betekenis van die woord nie. Dit is meer.

Die skrywer gee 'n aantal preke in die vorm van vervolgstowwe. Hierin is hy 'n goeie leerling van Calvyn wat vroeër in Genève ook op hierdie manier gepreek het. Preke oor 'n hele Bybelboek gee die gemeente 'n dieper insig in die Woord van God en hierdeur word die gelowiges werklik opgebou in die geloof. Wat is nou die uitsonderlike van hierdie preekbundel? In hierdie preke word nie net op 'n boeiende wyse historiese stof as preekstof behandel nie. Die skrywer laat sterk uitkom dat ons hier met openbaringsgeskiedenis te doen het. Telkens vra hy daarom by die behandeling van elke hoofstuk: wat openbaar die Here hier aan ons vandag? In sy speurtog na God se openbaring in die eerste helfte van die boek Eksodus het die skrywer tot die ontdekking gekom dat ons in die eerste plek hier die wonder van Goddelike uitverkiesing aanskou. Dit het hy dan ook as vertrekpunt vir al hierdie preke geneem: God wat verkies! Vanuit die leerstuk van die uitverkiesing trek die skrywer in sy preke die lyne deur na die verbond, die versoening deur veldoening en die goddelike sorg vir sy kerk. Besonder sterk laat die skrywer hierby die aksent val op die roeping. Dit lyk vir my dat die waardevolle van hierdie preekbundel veral lê in die pragtige balans wat gehandhaaf word tussen uitverkiesing en roeping. Hier is nie sprake van eensydige beklemtoning na die een of ander kant nie. Daarom kan saamvattend gesê word dat hierdie preke uitloop op 'n kragtige appél aan die kerk van vandag: "Gemeente, julle moet julle des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie (2 Petrus 1:10). Die diepte van die ellende van die mens deur ons sonde en ongehoorsaamheid word in hierdie preke nie weggesteek nie. Maar hier teenoor word die rykdom van die verlossing in Christus Jesus helder voor oë gestel. Wat in hierdie preke ook 'n mens opval, is die duidelike beskrywing van die werk van die Heilige Gees. Hierdie preke kan met groot seën as vervolgstowwe in vakante gemeentes gelees word. Maar wie God se Woord persoonlik wil ondersoek, kan hom hier verdiep in die rykdom van die Heilige Skrif. Die aandagtige leser sal agterkom hoe aktueel die Woord van God is. Met die bede dat die Here hierdie indringende preekbundel met sy seën mag bekroon, wil ek die werk van my kollega en vriend graag van harte by die lesers aanbeveel.

Prof. L. Floor,

Potchefstroom, 11-2-1990.

1. Die sataniese verset teen die verkiesing

LEES: Eksodus 1

TEKS: Eksodus 1:1-4, 10 en 22

SING: Skrifb. 24:1 en 2; Pss. 25:2; 92:3; 74:3 en 6

Ons het 'n verskriklike verhaal gelees. Faraó het 'n slim plan beraam sodat Israel nie kan vermeerder nie. Hy het die Egiptenaars tot hardheid jeens hulle aangehits en deur swaar werk hulle lewe verbitter. Die opdrag om die seuntjies by geboorte dood te maak en later, om hulle in die Nyl te gooi, loop uit op doelbewuste volksmoord. Vergete was die jubelende trompetgeskral van 'n paar eeue terug waarmee Josef se vader en broers in Egipte verwelkom is, en die gasvrye aanbidding van 'n rustige woonplek in die land. Al wat hierdie Faraó nog weet is dat daar 'n eienaardige, vreemde volk in sy land woon. Hulle getalle neem so toe dat hulle 'n bedreiging geword het. Wat sal gebeur as daar oorlog kom en hulle kies die kant van die vyand? 'n Oorweldigende vrees het Faraó beetgepak. Met die volk Israel moet 'n plan gemaak word. Deur harde werk is eers probeer om te verhoed dat hulle vermeerder. Maar toe hulle desondanks vermeerder, moes die moord op die seuntjies by geboorte sorg dat hulle oor 'n klompie jare nie meer as 'n aparte volk sal bestaan nie.

'n Grillige verhaal van teleurgestelde verwagtings, sou ons sê! 'n Verhaal wat vir die strydende kerk vandag dan seker geen hoop inhou nie. Het dit dan nog sin om in die prediking daaraan aandag te gee? Inderdaad moet dit gebeur. Die Heilige Gees het die verhaal immers laat opteken tot lering, ja, tot vertroosting en opbou van die kerk van alle tye.

Dit gaan immers hier om die kinders van Israel wat in Egipte gekom het. Die kerk van die Here; die wat Hy kragtens sy verkiesing en voorneme roep en vergader in die verbondsgeslagte deur die eeue heen! In Egipte was die geslag by hulle aankoms nog 'n skrale sewentig siele. Nou het hulle inderdaad, soos belofte is, uitgebreek in menigtes. 'n *Toonbeeld toe, soos elke ware kerk vandag, van die verkiesing en die verbond wat die Here gewaarborg het.* Hy het dit eers gedoen deur die bloed van die besnydenis, daarna deur die bloed van die paaslam en vanaf Sinai deur die van offerdiere. Dit het alles heengewys na die bloed van Jesus die Christus. In Hom is ons verkiesing en die verbondsbloefte ewig vas!

Dit is vas! Maar so skerp die Heilige Gees ons dit in die teksgedeelte in: Daar is 'n verset wat 'n stryd van lewe en dood ontketen teen die verkiesing en verbond! Reeds deur die naamsverandering van Jakob na Israel by die Jabbok is die lig gewerp op die stryd! Daar werp dit die lig op die stryd soos dit voortkom uit die onbewuste verset aan die kant van die uitverkorenes. Jakob, soos sy vaders voor hom, het die verkiesing en die verbond met verwondering en blydschap aanvaar. Tog blyk dit telkens dat hulle nie peil trek op die waaragtigheid van die bloefte nie. Reeds Abraham wil onder andere deur Hagar as vrou te neem, die bloefte van 'n nageslag uiteindelik self waar maak. Hy wag nie op die Here, op sy tyd en wyse nie! Jakob is by uitnemendheid die man wat, eers met die hulp van sy moeder, voortgaan deur listige planne en selfs bedrog om te verseker dat sy verkiesing en die bloefte aan hom, hom nie sal ontglip nie! Hy wou self sy roeping en verkiesing vasmaak. Hierdie optrede word dan by die Jabbok blootgestel as 'n worsteling teen God in. En eers as die vleeslike krag van Jakob gebreek is deur die ontwrigting van sy heup en hy worstel met en vasklem aan God om geseën te word, is hy Israel die Vors van God. Eers na die erkenning van sy eie swakheid; die onmoontlikheid om in eie kragte die magte wat sy verkiesing ongedaan en die bloefte aan hom kragteloos wil maak, te oorwin en die totale onderwerping aan en vertrouwe op God wat self sy bloefte waar maak, het Jakob vir Esau tegemoet laat stap as vors van God — as stryder en oorwinnaar in sy Naam. So het hy ook saam met sy gesin as Israel in Egipte gekom — as die uitverkore geslag aan wie die Here self sy bloefte waar maak. Hy en sy seuns wonderbaarlik deur die smarte van Josef heen van 'n hongerdood gered, wat hulle maar as 'n skrale sewentig siele in Egipte vestig. Tog het hulle so vermeerder en buitengewoon

magtig geword dat die Farao na vier eeue geen raad meer met hulle in sy land geweet het nie! Eers as die verset waardeur die uitverkorenes self meewerk aan die poging om hulle verkiesing ongedaan te maak, gebreek is, skitter die wonder van God se werk in die verwerkliking daarvan voor ons oë. Dit is alleen die werk van Hom wat Abraham en sy nageslag uitverkies, en wat van Jakob, die bedrieër Israel — vors van God — gemaak het, dat die paar siele wat in Egipte gekom het, kon uitbreek in so 'n magtige volk — 'n volk wat aan die Here behoort! Dit is alleen sy voortgaande werk dat daar vandag nog 'n kerk is; dat ons nou hier byeen is! Hy breek steeds die verset teen Hom in ons — wat juis uitkom in ons pogings om self te sorg dat ons verkiesing 'n werklikheid word — om op sy genade alleen te pleit en so die versoeningswoord te hoor ruis: jou sondes is vergewe! En so roep Hy ons dan die vaderhuis met sy baie woonplek in!

Deur die aandag aan die begin van die verhaal oor die nakomelinge van Jakob in Egipte op die Naam Israel te vestig, laat die Heilige Gees ons van die begin af iets verstaan van die stryd waarin ons gewerp word in die verwerkliking van die verkiesing en verbond. Dit laat ons iets verstaan van die bevel van Jesus: Stry hard om in te gaan in die koninkryk van die hemele. Stry hard; worstel met God; roep Hom allereers aan om jou sondige verset te breek en jou op Hom alleen te verlaat. Ons moet jubel in die vastheid van sy verkiesing en verbond!

Die stryd het egter ook 'n ander, vreesaanjaende kant! Israel was in Egipte. Vir Egipte was hulle nie die wonder van God se genade nie, wel 'n bedreiging. Die kerk is in die wêreld wat self soos God wil wees, en daarom vyand is van God en die wat aan Hom behoort. Hier in Egipte word die lig skerp gestel op die betekenis van Genesis 3:15. Daar is vyandskap tussen die saad van die vrou en die van die slang! En wat hierdie vyandskap in die werklikheid van die lewe van die kerk — van hulle wat God na sy voorneme roep — beteken, laat die Heilige Gees ons gaandeweg in die verhaal van Israel in Egipte sien. Hy laat ons sien dat dit nie net 'n stryd is om jouself in God se hande te gee nie, maar ook om uit die hande van Satan wat die wêreld teen die volk van God gebruik, te bly!

Die slang met behulp van sy aanhangers, die ongelowiges, storm met vreeslike moordlus af op die saad van die vrou, die kerk in die wêreld! Deur die eeue heen maak hy slim planne om die geloof van die wat die Here na sy voorneme roep, te laat ophou. Hy laat versoeking na versoeking op ons los sodat ons Christus sal loslaat en sy beloftes as ydel opsy skuif. So wil hy bewerk dat ons afvallig word. Maar, soos met Israel in Egipte en Jesus in die woestyn en die kerk deur die eeue, misluk Satan se slim planne steeds. Jesus verdryf hom met krag en majesteit en in die krag van Christus oorleef die kerk steeds deur die eeue en elke gelowige vandag nog!

Deur die eeue het Satan die ongelowige wêreld telkens sy slim planne om die kerk uit te roei en so die verkiesing ongedaan te maak, laat inruil vir openlike en brutale moordaanslae. Eers is die lewe van Israel verbitter deur swaar werk, toe is heimlik opdrag aan die vroedvroue gegee om die seuntjies by geboorte dood te maak. Eindelik is openlik bevel gegee om al die seuns wat gebore word in die Nyl te gooi. Vervolginge en brandstapels, marteltuie, galeie en donker selle moes deur die eeue die kerk finaal knak omdat slim planne deur dwaalleraars, beloftes van wêreldse weelde en genot die kerk nie kan onderkry nie. En in die jongste tye beleef ons weer 'n nuwe vlag slim planne wat deur die wêreld heen moet uitloop op 'n openlike moordaanslag op die kerk. Tewens die antichristendom, wat hande sluit met die brutale heidendom, het die laaste jare met verdubbelde krag probeer om by die kerk die dwaasheid van die kruis tot ons eie ondergang tuis te bring. Die vergoddelikte mens met sy wetenskap en tegniek, met sy onvervreembare regte moet deur dwaalleraars in die plek van die Here van die kerk gestel word. In die jongste tyd dui uitsprake van politieke groepe en vervalsde kerke al hoe meer daarop dat daar in ons land wel aan geen plek meer sal wees vir die kerk van die Here nie — net vir 'n gemeenskap wat voor die mens en sy regte buig, sal daar plek wees.

Dit is die werklikheid wat opval en beleef word onder die werk van God in die

verwerklíking van sy ewige verkiesing langs die weg van die verbond. Hy ontplooi daarin die stryd in ons eie hart teen ons eie vlees sowel as die stryd teen die aanvalle van die Bose en sy magte. 'n Stryd wat vir ons teen grondslag lê aan die toegang tot die koninkryk van die hemele! 'n Stryd wat ons nie kan ontwyk nie, en 'n stryd waarin ons al hoe meer moet leer om onself te verloën en te bely dat Jesus die Christus en Here is! Dit lyk donker vorentoe vir die kerk en elke gelowige, maar — en dit toon die Heilige Gees voortgaande in die verhaal van Israel wat ten dode opgeskryf was in Egipte — die kerk behoort aan die Here! Dit is en bly vrug van sy ewige verkiesing en die verbond van sy genade! Dit bly Israel, 'n volk worstelende om die seën van God!

Amen.

2. Die Here dink aan sy verbond

LEES: Eksodus 2

TEKS: Eksodus 2:23-25

SING: Pss. 144:1; 130:1 en 4; 74:1 en 7; 118:4 en 5

God, die Here, se werk in die verwerkliking van sy verkiesing langs die weg van die verbond, is wonderlik. Sy genade ondeurgrondelik. Dink aan sy worsteling met Jakob by Pniël. Hy maak sy verkiesing waar — selfs teen ons verset in! Ook teen die verset van Satan in.

In ons teks hoor ons hoe benoud dit vir die ou kerk in Egipte was en hoe benoud dit vir die kerk kan word in ons tyd onder die aanslag van Satan en sy magte.

"En in daardie lang tyd ..." Na Farao se voorneme om volksmoord op Israel te pleeg het daar reeds ten minste tagtig jaar verloop. Moses was al oor die veertig (Hand 7:23) toe hy na Midian gevlug het. Uit ons teks, gelees in die lig van hoofstuk 3 sowel as Handeling 7:30, was Moses reeds 40 jaar toe hy die groot verskynsel, die doringbos wat brand maar nie verteer word nie, gesien het. Vir ruim tagtig jaar — 'n lang tyd — was Israel in 'n oorlewingstryd gewikkel. Met deurgewerkte hande; rûe wat stukkend geslaan is; oë dof van smart, pyn en honger, het hulle in daardie lang tyd voortgestrompel. Hulle moes krampagtig planne bedink om die blote bestaan moontlik te maak. Toe het 'n man uit die huis van Levi met " 'n dogter van Levi" getrou. 'n Seun is gebore; 'n seun bestem vir die Nyl. Maar eers steek hulle hom weg en na drie maande word hy aan die Nyl, wat sy doodsbed moes wees, toevertrou tot redding. In 'n mandjie dryf hy op die rivier om spoedig deur Farao se dogter gevind te word. Omdat sy hom uit die water getrek het, noem sy hom Moses. Soos Moses het seker nog ander seuntjies deur vernuftige planne die lewe behou, en op ander maniere is die lewe vir hulle ook draaglik gemaak. Anders sou daar weinig meer as vroue en 'n paar ou manne oorgebly het "in daardie lang tyd".

By planne alleen het dit nie gebly nie. Hulle het ook gesug en geweeklaag oor hulle slawerny. "En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God". Toe, soos Jakob nadat die Here sy verset teen Hom gebreek het, het hulle Hom vasgegryp. "En hulle geroep om hulp ... het opgeklim tot God". Van alle eie krag gestroop, uit dieptes gans verlore, van redding ver vandaan, het hulle jammerklagtes opgeklim in Gods oor. Dit is genade om so te kan roep. So begenadig die Here sy kerk deur die eeue om hierdie geroep om hulp, as totale ondergang dreig, ten hemel te laat opklim — na Hom toe. Nie alleen dring die Heilige Gees die hart en mond om die nood hoorbaar voor hom uit te roep nie, Hy het ook aan ons wat nie reg weet wat om te bid nie, die woorde laat opteken waarmee ons ons nood aan Hom kan voorlê! Dink maar aan die hartgeskrei soos dit onder andere in die Psalms onder woorde gebring is.

As ons van alle kante deur die vyand in aanvegtinge bedreig word; as ons innerlik verskrik die angste van die hel op ons voel aandrang, is dit Hy, die Heilige Gees wat aan ons gegee is, wat ons opwek om ons node in Gods oor te klaag en wat selfs die woorde in die hart en mond lê om dit te kan doen! Dit gebeur ook as die vervolgingsvure teen die kerk aangesteek word. In die eerste drie eeue van die bestaan van die Nuwe Testamentiese kerk en ook tydens die Reformasie en daarna is steeds gegryp na die woorde waarmee die kerk reeds vroeg geleer is om uit die dieptes die hulpgeroep te laat opklim tot God.

Ook vandag word in lande waar die antichristendom al hoe meer gevestig raak, "die gesug en geweeklaag vanweë die slawerny" gehoor. Die kommer oor wat vir die kerk in ons land voorlê, laai ook op terwyl die dreigstem van die antichristendom al sterker word. Weet ons nog waar ons hulp vandaan kom? Bedroef dan nie die Heilige Gees, wat ons deur sy Woord leer waar ons hulp vandaan is en hoe ons ons geroep om hulp moet laat opklim tot God, nie! Die geroep van Israel, die ou kerk in Egipte het destyds tot God opgeklim. Hy het die geroep van die kerk deur die eeue nog altyd gehoor; ook vandag

hoor Hy, en as die antichris wel aan al sy woede teen die kerk loslaat in 'n laaste poging om God se werk ongedaan te maak, sal hy hulle gekerm hoor!

Hy hoor nie net nie. Hy doen ook! Toe die gekerm en die geroep om hulp in Egipte tot God opgeklim het, het Hy *gehoor en gedink aan sy verbond* met Abraham, met Isak en met Jakob. Hy het hulle nood gesien en dit ter harte geneem. Hy het gesien en geweet: dit is *My volk* aan wie Ek *My beloftes* gegee het! Nog altyd sien Hy sy kerk in ons nood met deernis aan. En dan sien Hy veral Jesus Christus, ons Hoë Priester, aan sy regterhand met sy deurboorde hande en Hy hoor Hom terwyl Hy met medelyde vir ons intree. Hy sien en hoor sy lydende volk en elke kind en Hy dink aan sy verbond, beseël met die bloed van sy Seun! Hy doen dan iets daaraan!

In daardie lang tyd toe daar vir Israel geen tekens meer van sy verkiesing en die verbond was nie, het Hy al klaar iets gedoen! Sonder dat hulle sy hand kon opmerk, het Hy die planne van Farao teëgehou en nie laat geluk nie. Israel het bly voortbestaan. Hy het, soos die profeet Jesaja later sou sê, ter wille van sy kerk nie geswyg nie. Hy sou ter wille van hulle nie stil wees nie totdat hulle geregtigheid sou uitbreek soos 'n glans en hulle heil soos 'n fakkel wat brand. Hy was destyds besig vir Israel, besig tot hulle bewaring — daartoe besig in die huwelik van 'n man uit die huis van Levi met 'n dogter van Levi! Hy was besig vir Israel in die geboorte van 'n mooi seuntjie uit die huwelik — hoewel hy ten dode opgeskryf was! Deur die geloof — sy gawe aan die ouers — het hulle die seuntjie vir drie maande weggesteek vir die moordenaar en deur die geloof het sy moeder hom in 'n mandjie van biesies op die Nyl laat plaas waar Farao se dogter hom sou vind (vgl. Heb. 11:23).

So spot die Here van die kerk met die wat sy werk wil verydel. Hy gebruik juis die mag wat Satan se uitwissingswerk moes doen om die één wat Hy tot redding van sy volk verwek het, nie alleen uit die Nyl op te haal nie maar ook om hom op te voed en te onderrig ter voorbereiding vir die groot werk waartoe Hy hom bestem het.

Die Here roep Moses (Hand 7:25) en dryf hom uit na sy volk as hy veerig jaar oud is. As hy egter sy roeping ook soos die Egiptenaars by wie hy in die skool was, deur eie berekening in drif en eie vermoë wil vervul, lyk dit of hy tot mislukking gedoem is. Al het hy heen en weer gekyk om seker te maak dat hy nie gesien word nie, het sy doodslag tog nie verborge gebly nie. Hy moes vlug — maar ook in die vlug is die Here besig ten behoeve van Israel! Moses se voorbereiding word nou in die volgende veertig jaar deur Hom self behartig. Selfs toe die Here al so druk *besig* was *vir* Israel om hulle verkiesing 'n werklikheid te laat wees en bly, het hulle nog niks daarvan gemerk nie. Dit was vir hulle asof Hy nie hoor nie, asof Hy van sy verkiesing en verbond vergeet het! Tog het Hy hulle gekerm gehoor en het Hy gedink aan sy verbond en daar reeds iets aan gedoen. En dit is die troos van hierdie prediking! Dit kan nooit so donker of swaar wees vir sy kerk en kind nie, of die Here dink aan sy verbond! Aan sy verkiesing en sy beloftes aan die wat Hy na sy voorneme geroep het! Wie wanhopig in aanvegtinge en selfs in lewensbedreiging deur die antichristendom of die antichris self aan die eindtyd, kerm en om hulp roep, weet: Hy ken ons nou, en Hy sal ons dan ook ken en Hy sal weet: dit is sy tortelduif wat bedreig word deur die gedierte wat roof en skeur! God se verlossingswerk in Jesus, die Christus, kragtens sy verkiesing en verbond is onpeilbaar diep, wonderlik en troosryk. Die strydende kerk en gelowige wat voor die brullende leeu wat wil verslind staan, weet onse Here hoor. Hy sien en Hy dink aan sy verbond; ja, doen altyd iets daaraan! Hy is besig met ons redding!

"Die Heer is goed en wondersterk
Hy sal sy werk
deur niks laat keer nie.
Laat my, o Heer wat my bewaar
tog nou nie vaar,
en nimmer meer nie!"

Amen.

3. Die groot verskynsel

LEES: Eksodus 3

TEKS: Eksodus 3:3

SING: Pss. 145:1,2 en 12; 130:3 en 4; 125:1 en 2; 149:1 en 2

Die Heilige Gees maak aan ons, deur die gebeurtenisse van destyds in Egipte, bekend hoe Satan die roeping en verkiesing van die kerk wil verydel. Die kerk is egter nie aan Satan in die aanslag oorgelewer nie. Ons geroep klim op na Hom toe. Hy hoor en dink aan sy verbond. Hy sien en ken ons, sy kerk, sy kinders.

En tog: in ons klein geloof merk ons dikwels niks daarvan nie. Vir ons — hetsy in geestelike uitputting deur versoekinge of aanvegtinge, hetsy deur doodsdreiging en vervolging — is dit dan asof Hy nie hoor nie; ons nie ken nie; of dat Hy sy verbond vergeet het. Alle aandag word vir die swaar van die stryd opgeëis en bitterheid laai op in die gemoed. Van die werklikheid dat God dink aan sy verbond en steeds besig bly om sy verkiesing te verwerklik in die bewaring en uitbreiding van sy kerk, merk ons dan niks op nie. Dit is dan asof die gebeure met ons 'n vaste patroon volg onder die beheersing van mensehande — ons eie of die wat sterker as ons is.

Destyds het Israel Moses se geboorte seker as doodgewoon gesien. Miskien het party gesê: hoe dwaas om in so 'n tyd 'n kind te verwek en in die wêreld te bring. Die moderne pleit vir geboortebepערking en vrugafdrywing is dan miskien ook weer nie so modern wat die gedagte daaragter betref nie. Die gedagte naamlik dat die betrokke man en vrou beskik oor die ontstaan en voortbestaan van 'n nuwe lewe! Miskien het ander weer die vernuf van sy ouers wat hom drie maande lank weggesteek het, geprys. Eers toe sy moeder hom tog maar moes prysgee aan die Nyl, al was dit in die hoop dat hy op een of ander manier gered sal word, het hulle dalk skouerophalend gesê: dit het sy nou van haar dwaasheid! Hulle moes geweet het dat mens die werklikheid van die vyand se mag nie kan weg dink nie. Sit die gedagte nie dalk ook maar agter die optrede van die predikante en selfverklaarde Christelike leiers wat vandag so gretig is om deur samesprekings met die antichristendom en heidendom die dreigende lot van die kerk af te weer nie? Tye het verander, vernuwing is nodig. Die kerk moet sy hooghartigheid sowel as sy afgesonderheid laat vaar, of ten gronde gaan in 'n wêreld wat die leer van sonde en genade, van 'n onderworpenheid aan God as dwaasheid en selfs gevaarlik beskou! Wie wil vashou aan die kruis van Christus, moet maar die gevolge van sy "dwaasheid" verdra!

Moses self is aanvanklik seker ook deur die gedagte beheers. Nadat die Here hom uitgedryf het en hy die harde arbeid van sy broers gesien het; nadat hy in die opwelling van 'n oomblik die Egiptenaar wat 'n Hebreeuse man mishandel het, doodgeslaan het, het hy geswig voor die mag van Farao en gevlug. Hy het sy vreemdelingskap in Midian doodgewoon aanvaar en sy lewe as skaapwagter van sy skoonvader gemaak. Hy kom dan agter in die woestyn met sy skape by Horeb. Daar sien hy 'n groot verskynsel — 'n doringbos wat brand in die vuur maar die doringbos word nie verteer nie. Hy het al baie van die droë struik sien brand, maar dit nog nooit nie! Dit moes hy van nader bekyk!

As hy nader gaan, kom hy agter dat "die Engel van die HERE aan hom in 'n vuurvlam uit die doringbos" verskyn. Toe hy nuuskierig die verskynsel wou betrag, het God na hom geroep — aan hom bekend gemaak dat Hy in die vuurvlam is. God maak Hom so deur die vuurvlam in die doringbos aan Moses bekend as 'n verterende vuur! Hy laat Moses sy heiligheid en majesteit sien! Hy is die Heilige. Dit moet ons altyd onthou — die sonde het geen plek naby Hom nie. Hy verteer wat nie pas by sy heiligheid nie soos 'n vuur! Daarom roep die vier lewende wesens, die ganse skepping dus, aan die einde sonder ophou dag en nag: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die almagtige wat was en wat is en wat kom." Dit moet veral die Satan en sy helpers op aarde weet: Hy is 'n verterende vuur vir elkeen wat Hom weerstaan.

Hy, die Heilige, is in die doringbos! So laat Hy Moses en ook ons vandag begryp dat, al

meen ons Hy is ver en dat ons aan onself oorgelaat is, Hy tog in sy Majesteit en heerlikheid hier, hier by ons is. Die vuurvlam in die doringbos. Soos Hy beloof het kragtens sy verkiesing, is Hy onse God en ons die skape van sy weiding. Dit laat Hy ons nog steeds elke rusdag, die dag waarop Hy ons ontmoet, deur sy Gees en Woord weet. Hy is hier — by ons, soos Hy beloof het. In ons nood, as dit lyk asof Satan en sy helpers te magtig vir die kerk en kinders van die Here is, is Hy nogtans by ons! 'n Muur van vuur om ons! Hy trek 'n laer om ons, keer en verteer uiteindelik die vermeteles wat sy werk aan ons wil verydel. Die kerk word nie oorweldig deur die magte van Satan nie. Die doringbos brand nie uit nie — die vuur is daar tot behoud daarvan en nie tot vertering nie!

God het neergedaal om Israel destyds, en sy kerk nog altyd tot aan die voleinding "uit die hand van die Egiptenaars", die Satan en sy helpers, te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land, na 'n goeie en vrye land ... Hy het neergedaal as 'n brandende vuur te midde van sy volk, hulle tot bewaring. Maar hoe kan dit? Dit is 'n volk wat self ook wederstrewig is. 'n Volk wat reeds in hulle vader Jakob met God geworstel het, in verzet omdat hy God se werk uit sy hande wou neem! Ontvang en gebore in sonde, worstel die wat Hy uitverkies het, nog altyd teen Hom in. Steeds word in verzet teen sy verlossingsplan 'n eie plan opgedring! Steeds, word geweier om ons aan Hom en Hom alleen te onderwerp en om Hom in aanbidding te aanskou terwyl Hy die werk wat Hy in die verkiesing en verbond begin het, voltooi!

As sondaars en ook as geroepenes wat die ore en oë vir die groot werke van Hom wat roep toestop en sluit, sou ons kan verwag dat die teenwoordigheid van die Heilige onder ons ook gevaarlik en uiteindelik dodelik moet wees. Dat die doringbos tog verteer sal word!

Moses skrik dan ook as hy hoor God is in die vuurvlam. Hy maak sy gesig toe; hy is bang om Hom teen te kom! So sou Israel ook later by Sinaï terugskrik en sidderend voor Hom staan as Hy by dieselfde Horeb sy teenwoordigheid ewe-eens bekend wou maak deur vuur en rook, en die berg wat vreeslik bewoel!

Tog verteer Hy Moses, Israel en ook ons nie deur sy heilige teenwoordigheid nie. God verskyn aan Moses as die Engel van die HERE, die Seun, Tweede Persoon van die Drie-eenheid, wat vlees sou word en in wie God vir Hom 'n volk uitverkies het! Die Engel van die HERE, God self (vers 4, 6 en 8) die heilige God maak vir Hom ruimte in die midde van 'n sondige volk. Hy self beskerm ons teen die vuur van sy heiligheid deur die straf van ons sonde op Hom te neem. So sou dit later by Sinaï in die offerdiens beklemtoon word. Die vyand moet sidder, maar Israel, die kerk in Hom verkore, moet Hom met blye eerbiedsgroet ontmoet! Eerbiedig moes Moses die skoene van die voete aftrek en naderkom. Ons moet bewus wees van sy heilige teenwoordigheid in die persoonlike gebed, die opneem van die Woord, in die huisgodsdienste, die eredienste, maar ook oral waar ons ons elke dag beweeg, eerbiedig voor sy aangesig staan! Eerbiedig en met aanbiddelike verwondering, omdat die Heilige God wat 'n verterende vuur is tog in ons midde is en ons nie verteer nie! Eerbied moet straal uit ons hele voorkoms. Uit ons houding, kleredrag, gesprekke, ja, uit ons hele uiterlike moet dit duidelik wees: ons weet die Heilige God is deur sy Engel, onse Here Jesus Christus, in ons midde, altyd by ons. Hy is 'n vuurvlam in ons midde wat ons nie verteer nie, maar ons beveilig teen die vyand wat sy werk aan ons wil ongedaan maak.

Amen.

4. Die Here het weggegaan maar is tog by ons

LEES: Eksodus 3:8-4: 17 en Handeling 1:6-11

TEKS: Eksodus 3: 10 en 11

SING: Pss. 47:1 en 3; 143:8; 10:1 en 4; 105:5 en 15

Hemelvaart! Dit bring opnuut die manier waarop die HERE sy ewige verkiesing en verbond verwerklik na vore. Hy het na sy kerk neergedaal in die vuurvlam as Engel van die HERE om hulle uit die hand van Satan te verlos en hulle te laat optrek na 'n goeie en wye land. Eers maak Hy dit aan Moses duidelik in die verskynsel van die doringbos wat brand maar nie verteer word nie. Dit het ook reeds heengewys na die Woord wat vlees geword en onder ons kom woon het. Toe dit met die eerste koms van Christus werklikheid geword het, kon die kinders van God juig: "Ons het sy heerlikheid gesien; die heerlikheid wat Hy as die eniggebore Seun van die Vader het, vol genade en waarheid" Joh. 1:14); "Ons het Hom self gehoor, ons het Hom met ons eie oë gesien ..." (1 Joh. 1:1). In Jesus Christus het die LEWE toe voor en in die midde van die kerk gestaan. Die Seun van die mens was sigbaar tussen die goue kandelare.

Maar só sien ons Hom nie meer nie. Die groot verskynsel van die doringbos het verdwyn. Jesus het uit die midde van sy kerk vertrek en na die hemel opgevaar. Hulle het staan en kyk hoe 'n wolk Hom wegneem. Dit, terwyl die kerk, sy kerk wat Hy met sy bloed gekoop het, in 'n doodstryd gewikkeld is met die Satan en sy helpers in die wêreld, teen die gedierte wat om ons roof en skeur!

Dit, ook ten spyte van sy versekering ... "Ek het neergedaal om hulle te verlos en hulle te laat optrek ... na 'n goeie en wye land!" En ten spyte van sy belofte: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

Tog is die waarheid wat deur die brandende doringbos ingeskerp is, nie opgehef met die verdwyning van die groot verskynsel nie. Die Here het sy Woord aan Moses getrou gebly en die beloftes van Jesus die Christus dat Hy altyd met ons is, is nog net so waar. Hy is nog steeds in ons midde — die vuurvlam tot ons behoud teen die magte van die hel! Sy naam is HERE: Ek is wat Ek is! Die Onveranderlike wat altyd sy Woord hou en al sy beloftes vervul. Wat Hy sê, doen Hy! En in ons teksgedeelte laat Hy ons weet hoe ons ook nog kan sien dat Hy in ons midde is en bly, al het Hy opgevaar na die hemel en voor die oë van sy dissipels verdwyn. Hy is en bly in ons midde, besig om die goeie werk wat Hy in ons begin het, te voltooi (Filippense 1:6).

Hy beveel Moses: "Gaan dan heen dat Ek jou na Farao kan stuur en lei My volk ... uit Egipte uit... Ek sal met jou wees" (vv. 10 e.v.). Dieselfde bevel herhaal Jesus net voor sy hemelvaart: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, ... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matt. 28:19). Israel sou Hom nie sien in hulle midde nie en ons hande tas Hom nie meer soos die van die dissipels nie, maar hulle het. Ons hoor en sien Hom tog deur sy Woord wat Hy met krag laat spreek tot die wêreld en in ons midde deur die wat Hy stuur. Hy het Moses na Farao gestuur om sy volk uit Egipte te lei. Hy was deur die Woord aan Moses toevertrou, vir Farao 'n verterende vuur en vir Israel tot behoud. Hy het die apostels gestuur om die wêreld die oordeel aan te sê en om die wat aan Hom behoort, te vergader en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy beveel het. En Hy vertrou sy Woord toe aan bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens om in troue roepingsvervulling sy teenwoordigheid by sy volk tot verwerkliking van sy verkiesing deur die verbond te laat sien in die wêreld. Ook deur die troue roepingsvervulling ooreenkomstig sy Woord van ouers, van mense in hulle aardse beroep, van owerheidspersone — ja, van elkeen, laat die Here hoor en sien hoe Hy in sy kerk teenwoordig is tot ons bewaring en beskerming. Hy is 'n verterende vuur vir ons vyande, 'n muur van vuur wat ons omring terwyl die magte van die hel ons te pletter wil loop!

Deur Moses te stuur na Farao en sy volk uit Egipte uit te lei, toon Hy dat Hy nie die goeie werk wat Hy begin het, laat vaar nie. Hy sal dit voltooi teen die verset van Farao in en

ook teen die verset van die wat Hy roep as medewerkers in die voltooiing van sy werk!

"Maar Moses het tot God gespreek: Wie is ek, dat ek na Farao sou gaan en dat ek die kinders van Israel uit Egipte sou lei?" Later stel hy sy verset teen die roeping baie sterker as hy sê: ... "Ag, Here, stuur tog deur wie U wil stuur" (4:13). Die Here moet liever iemand anders stuur, nie vir hom nie! Hierdie woorde van Moses stel ons voor die werklikheid van die ondeurgrondelike lankmoedigheid van God met die wat Hy na sy voorneme roep. Hy begenadig ons om sy medewerkers (vgl. 1 Kor. 3:9) te wees in die verwerkliking van sy verkiesing deur die verbond, maar ons wil nie! Of ons nou tot die besondere amp in die georganiseerde kerk, of as man en vrou in die huwelik, of as werknemer of werkgewer, of as owerheidspersoon of wat ook al, geroep is, daar is maar altyd een of ander vorm van verset of teenspraak teen die roeping. Ons oue mens skaar hom altyd by die vyand. Die teenspraak kan ook as beskeidenheid aangemerkt word. Ook die apostel Paulus sou later uitroep: "En wie is tot hierdie dinge bekwaam?" (2 Kor 2:26.) Ja, wie is ons om in een of ander roeping in die wêreld of in die gemeente deur Woord en daad te toon dat die Here in ons midde is en besig is om sy verkiesing te verwerklik en ons te verlos uit die hand van die mensemoordenaar, Satan? Hy is besig om ons te lei om die volkomenheid van sy Ryk in te gaan en op die nuwe aarde onder die nuwe hemel as één volk van God aan Hom die lof, die dank, eer en aanbidding te bring in alle ewigheid"! Wie is ons? Die roeping is te hoog en wonderbaar vir my, sondaar, met al my gebreke!

So 'n beskeie huiwering betaam inderdaad die geroepene wat dink aan sy eie onbevoegdheid as sondaar en wat die hoë roeping verg. Maar verset teen die roeping en 'n weiering om dit op te neem of om die moeilike dele daarvan uit te voer, is sonde en verwek die toorn van die Here (4:12 en 13). Want die verset teen die roeping is duidelik ongeloof in die Woord en wantroue in die beloftes van Hom wat kragtens sy ewige voorneme roep! Hy het mos gesê: 'Ek het jou verlos, — Ek het jou by jou naam geroep; jy is Myne" (Jes 43:1). Aan Moses gee Hy boonop nog verskillende tekens om sy roeping voor Farao en Israel te bevestig en aan ons beseël Hy sy beloftes, begrepe in die roeping, in die sakramente.

Wie nou ten spyte van dit alles in verset bly teen die roeping, of wie ontrou is in die vervulling van sy roeping om te toon dat die Here na sy Godheid, majesteit genade en Heilige Gees in ons midde is en werkzaam is deur sy Woord, weerstaan onse Here in die voleinding van sy werk aan die wat Hy na sy voorneme wil roep en uit die mag van die duisternis roep! Dan is jy ook besig om teen die ewige verkiesing van God in verset te kom en die oue mens laat jou oorloop na die vyandskamp waar slim planne beraam word om die voorneme en die werk van God te verydel! Weet dan, gemeente: die Here het opgevaar en tog is Hy nog by ons en Hy werk onder ons tot ons redding en bewaring. Hy verbreek die verset van Satan ook deur mense wat Hy stuur na Farao om sy volk uit Egipte te lei. Hy het opgevaar en sit aan die regterhand van die Vader, maar het ons tog nie as wese agtergelaat nie. Hy is by ons deur sy Heilige Gees wat sigbaar werk onder ons deur die Woord wat Hy aan die wat Hy roep en stuur, toevertrou het! Waak dan dat u nie op een of ander manier u teen die roeping versit as bedienaar van die Woord, ouderling of diaken nie; ook nie as ouer wat geroep en gestuur word en gebind is in die doopsbelofte om u kind uit die slawehuis uit te lei nie; ook nie in u daaglikse lewe waar u geroep is om die verkiesende liefde van God in oordeel en genade te verkondig deur 'n sout vir die aarde en 'n lig vir die wêreld te wees nie! Weerstaan Hom nie in die groot werk tot ons verlossing wat Hy Hom voorgeneem het nie! Laat sy toorn nie teen een van ons ontvlam omdat ons weier om in troue roepingsvervulling sy teenwoordigheid in sy kerk, in 'n vuurvlam, te verkondig nie!

Amen.

5. Die heiligheid van die verbond

LEES: Eksodus 4: 18-31

TEKS: Eksodus 4:24-26

SING: Pss. 122:1; 131:1 en 2; 92:3 en 5; 43:3

"En Hy het hom laat staan".

Moses was op pad om in opdrag van die HERE sy volk Israel, uit Egipte te lei. Hy kon uiteindelik nie aan sy roeping ontkom nie. Hy wat roep neig ten slotte — of liever, dwing ten slotte — die wederstewige hart tot onderwerping en gehoorsame roepingsaanvaarding. Hy oorweldig nie net nie, maar maak tot roepingsvervulling bekwaam (4:14-17). Oorweldig, maar tog nog nie heeltemal bewus van die diepe grond en omvang van die roepingsvervulling nie, het Moses op weg gegaan. Die HERE gee hom dan eers tot bemoediging nog kortliks 'n oorsig van wat op hom wag. Maar "op die pad in die herberg het die HERE hom teëgekom en wou hom doodmaak". Dit is tog onbegryplik: die HERE het hom vanaf geboorte, ja, nog voor sy geboorte bestem om sy volk uit Egipte uit te lei. Hy het hom wonderbaarlik in die lewe laat bly en selfs in die huis van Farao, wat beveel het dat alle Hebreeuse seuntjies by geboorte in die Nyl gegooi moes word, laat versorg en opvoed ter voorbereiding van die groot werk wat op hom wag.

Nou was Moses vir veertig jaar lank in die woestyn deur Hom verder onderrig. Hy het vir Moses gesê: "Gaan heen; keer terug na Egipte ..." Eindelik het die HERE hom op pad laat gaan om te doen waarvoor Hy hom laat gebore word het; hom in die lewe behou en op die besondere weg ter voorbereiding gelei het. En nou, na dit alles — na die besluit in ewigheid en die werk wat reeds tot uitvoering van die besluit gedoen is, kom dieselfde HERE Moses teen in die "herberg en wou hom dood maak"! Dit is asof Hyself nou 'n streep wou trek deur die verkiesing en voorbereiding van Moses as leier van Israel uit Egipte! Meer nog — asof Hy self die verkiesing en roeping van Israel — sy kerk, met die voorneme om Moses dood te maak, wou verydel!

Só, gemeente, kan ons alleen maar met verbystering wat oorgaan in verwondering en aanbidding, kyk hoe onse God sy ewige voorneme verwerklik! Want toe dit sover gekom het dat Moses reeds gevoel het hoe die bande en strikke van die dood al hoe stywer om hom draai, toe het Hy hom laat staan! Toe het meteens die verkiesing en roeping van sowel Moses en Israel weer vasgestaan! Hoe kan dit tog? Wou Hy Moses maar net laat skrik? Het Hy met die doodsdreiging maar net voorgegee om hom dood te maak? En sou ons die doodsdreiging teen die kerk en die gevolgde gelowiges deur die eeue heen tot vandag, en in die toekoms, ook net as 'n "leë" dreiging moet beskou? Die Here sal sy kerk, sy geroepe heiliges, tog nie doodmaak nie. Hy dreig net, maar laat hulle staan as dit op stuk van sake aankom! Ons hoef ons dus nie oor al die dreiginge te bekommer nie. Hy sal nooit sover kom om sy kerk dood te maak nie! Hy bedoel dit nie ernstig met die dreiginge nie!

Maar geliefdes, voordat ons tot so 'n ligsinnige konklusie kom, moet ons eers mooi luister wat die Heilige Gees hier aan ons wil sê. Die Heilige Gees deel ons mee dat, toe Hy Moses wou doodmaak, "neem Sippóra (sy vrou) 'n skerp klip en sny die voorhuid van haar seun af en gooi dit voor sy voete en sê: Waarlik, jy is vir my 'n bloedbruidegom"! Wat 'n intense worsteling in die huisgesin van Moses word nie in hierdie mededeling blootgelê nie! Moses, die verbondskind, deur sy ouers as een aangemerkt op bevel van die HERE deur die besnydenis, het nagelaat om sy seun te besny en daarmee die verbondsteken sowel as die verbond geminag. Met die versuim het hy eintlik 'n onverskilligheid jeens die hele verkiesingsgedagte ten toongestel. Die wonder dat God tog vir Hom 'n volk wat Hy uitverkies het laat gebore word uit die sondige menslike geslag, het by Moses so op die agtergrond te staan gekom dat hy onder die vyandige verzet van sy heidense vrou en waarskynlik sy skoonvader, wat 'n (heidense) Midianitiese priester was, geswig het dat hy hom nie aan die bevel van die HERE soos

reeds aan Abraham gegee, om sy seun op die agste dag te besny, gesteur het nie. En die besnydenis was juis die teken en seël vir Israel om die diep grond en die geheimenis van hulle verkiesing duidelik te maak en te waarborg. Dat hulle sy volk kon wees het Hy hulle gereinig van die vuilheid van die sonde — die voorhuid, wat allerlei vuilheid vergaar, word afgesny en weggegooi. So vër verwyder die HERE die sondevuilheid waaroor sy toom altyd brand; die sonde wat Hy nooit ongestraf laat bly nie, van die wat Hy uitverkies en roep om vir hulle 'n God te wees. Hy neem self die sonde weg sodat Hy by hulle kan woon en hulle tog nie deur sy heiligheid verteer word nie! En Hy doen dit deur bloedstorting! Die bloed van die besnydenis moes Israel laat verstaan dat die wat hy uitverkies, alleen deur bloed gereinig kan word, en alleen deur die bloed van die versoening in die teenwoordigheid van God kan verskyn! Net deur die bloed wat reinig, kan hulle lewe! Dit het die besnydenis afgebeeld en gewaarborg. En dit beeld die doop sowel as die Nagmaal vandag aan ons af en dit waarborg ons wat gedoop is, dat ons aan die Here behoort. Gereinig deur die bloed van Jesus moet ons tot Hom nader en met Hom wandel in 'n vyandige wêreld vol ongeregtheid. Ons moet ons doop ernstig neem. Wie sy doop en ook die Nagmaal met minagting bejeën en soos 'n wêreldling leef, moet weet: Die HERE kom so een, soos vir Moses, een of ander tyd teen met 'n ernstige, bedoelde, doodsdreiging. Want kyk, wie die tekens en seëls op een of ander manier minag, maak daarmee 'n bespotting van die verkiesing en verbond. Dit gebeur wanneer daar 'n oppervlakkigheid in die kerk ingesluip het om 'n streep te trek deur die diepe betekenis van die groot wonder van die ontstaan en voortbestaan van die kerk kragtens die ewige voorneme van God. Dan is daar wel 'n groot begaandheid oor die kerk wat so belangrik is en dan word wel geroep om vernuwing sodat die kerk nie sal sterf nie. Die geroep om vernuwing waarin Woord en sakramentsbediening as formalisme afgemaak en uitgeskuif word om die eie gemoedsbeleving en goeie werke die voorwaarde van die bestaan en voortbestaan van die kerk te maak, is dan die rede waarom die Here van die kerk die ontroue kerk teenkom en met die dood dreig! Ernstig dreig! Hy laat geen mens Hom volhardend teenstaan in die verwerkliging van sy ewige voorneme nie. Wie na sy voorneme geroep is, moet die roeping aanvaar in totale gehoorsaamheid en onderwerping aan Hom. Ook in die gebruik van die middele wat Hy ons beveel om te gebruik tot die verwerkliging van sy voorneme. Hy maak sy Woord waar, maar beveel deur sy Heilige Gees. "Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie. Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Petr. 1:10, 11).

Dit is die wonder wat oprys voor ons oë: Hy, onse Here, verkies en roep. Hy maak sy verkiesing waar deur ons dit te laat aangryp en met kragtige inspanning langs die weg wat Hy bepaal, vas te maak. En wie Hom in sy voorneme teenstaan en sy genade minag of lig ag, vind Hom uiteindelik 'n teenstander wat jou wil doodmaak!

Maar groot is sy ontferming en genade, ondeurgrondelik sy barmhartigheid, Hy laat die lewe uit die waaragtig bedoelde doodsdreiging voortkom!

Op een of ander manier het Hy Moses sowel as Sippóra laat weet hoekom Hy hom wou doodmaak. Deur Moses so teen te kom het Hy hom gestel voor sy sonde en die diepe grond van sy verkiesing en roeping, sowel as die van Israel soos afgeteken en beseël in die besnydenis, aan hom en selfs sy vrou duidelik laat word. Die noodsaak van versoening deur die bloed! Eers as dit aanvaar en geskuil word agter die bloed van versoening, word die verkiesing 'n werklikheid in die roeping! Selfs die heidense Sippóra begryp dat die lewe van haar man van die bloedstorting in die besnydenis afhang. Ergerlik voltrek sy dan self die daad wat sy Moses vantevore verhoed het om te verrig! Haar erge kras sy uit met die woorde: "waarlik, jy is vir my 'n bloedbruidegom." Daarmee — seker ook op aandrang van Moses — het selfs Sippóra se teensinnige daad tog die verbondsverhouding van die gesin met God herstel en het Moses in elk geval weer gestaan voor die feit dat hy alleen geroep is en Israel alleen kan uitlei uit Egipte omdat hy en hulle met God versoen is! En so is Sippóra, sonder dat sy dit self besef, profetes van die groot daad van God in die verwerkliging van sy verkiesing en roeping

tot Hy Jesus Christus, in wie ook die verkiesing van Israel gewortel was, sy bloed laat stort het op Gólgota. Daarom lees ons: "En Hy het hom laat staan"! "Toe het sy gesê: Bloedbruidegom! — met die oog op die besnydenis." Moses en Israel is as't ware uit die dood geruk deur die bloed van Hom, Jesus Christus; deur God gegee as die Middelaar en Borg wat soveel later sy bloed sou stort op Gólgota. Hy was so reeds afgebeeld in Moses as die Bloedbruidegom van sy Kerk en is so profeties deur Sippóra aan Moses en die kerk voorgestel!

So, geliefdes, het die Here deur die doodsdreiging aan Moses tuisgebring dat sy roepingsvervulling en die redding van Israel enkel en alleen vasstaan in die versoening wat Hy self bewerk! Die wat Hy roep, reinig Hy van die vuilheid van die sonde en dring hulle tot erkenning daarvan sodat Hy in ons midde kan wees soos 'n vuurvlam en ons tog nie verteer word nie!

Deur ons doop en die Nagmaal roep die Heilige Gees ons steeds toe: Jesus die Christus is julle Bloedbruidegom! Hy het sy bloed gestort sodat julle kan hoor as God roep om ook as sy medewerkers deel te kan hê aan die vervulling van sy onstuitbare voorneme. En eenmaal sal ons dan aansit aan die bruilofsmaal van die Lam, ons Bloedbruidegom.

Amen.

6. Onverklaarbaarhede op die weg van verlossing

LEES: Eksodus 5

TEKS: Eksodus 5:22

SING: Pss. 89:6; 72:2; 42:2 en 2; 3:1 en 2

"Here waarom ...?" Deur die eeue heen sou vromes ook soos onder andere die kneg van die Here, Job, en die profeet Habakuk, met hulle "waarom?" die aandag vestig op die onverklaarbaarhede op die weg van verlossing. Hier kla Moses dat die Here na hom gekom het met die verlossingsboodskap vir Israel en hom daarmee na Israel gestuur het met die opdrag en versekering dat hy hulle uit Egipte moet en sal lei "en U het U volk glad nie verlos nie". Die heerlike boodskap is met vreugde aangegryp; "die volk het geglo. En toe hulle hoor dat die HERE op die kinders van Israel ag gegee en hulle ellende aangesien het, het hulle in aanbidding neergebuig".

Vol roepingsdurf het Moses en Aäron na Farao gegaan terwyl die volk in gespanne afwagting toegekyk het. Die uitslag van die sending is egter net die teenoorgestelde van die verwagtings wat gewek is! Brutaal antwoord Farao op die eis in die Naam van die HERE dat hy die volk moet laat trek: Wie is die HERE na wie se stem ek moet luister om Israel te laat trek? Ek ken die HERE nie en ek sal Israel ook nie laat trek nie"! In plaas van verlossing is die sending van Moses vir Israel nou oorsaak van verswaarde diens. Farao het gesê: "Laat die werk swaar druk op die manne, dat hulle daarmee besig kan wees en nie op leuenagtige woorde let nie". Vir die opsigters van die kinders van Israel wat hulle saak by Farao wou bepleit en moes hoor: "Lui is julle, lui", het dit ook gelyk of Moses en Aäron aan hulle leuens vertel het. Driftig roep hulle dan die oordeel van die Here oor die "leuenagtige" leiers uit! Al wat van hulle verlossingsboodskap gekom het, was dat hulle Israel gehaat gemaak het in die oë van Farao en sy dienaars "sodat julle 'n swaard in hulle hand gegee het om ons om te bring". Swaarder diens; groter ellende! Dit was al wat gebeur het toe Moses "na Farao gegaan het om in U Naam te spreek ... en U het U volk glad nie verlos nie".

Die werklikheid het Moses oorweldig! Hy het geen verweer teen die bittere aanklag van die opsigters van Israel wat die woede van Farao moes trotseer, gehad nie! Dit verstaan Moses nie. Hy het tog net aan die volk die boodskap sowel as die opdrag van die HERE aan Farao om hulle te laat trek, deurgegee. Met verbystering moes hy self ook toekyk watter wending sake geneem het. Verward vra hy "HERE, waarom het U hierdie volk kwaad aangedoen? Waarom het U my tog gestuur?" Moses verwyt die HERE eintlik met sy waarom?" Waarom die goeie boodskap? Waarom my stuur as dit geen verlossing nie maar wel verdere mishandeling as gevolg het? " ... en U het u volk glad nie verlos nie"! Die kerk, elke roepingstroue ampsdraer, elke roepingstroue gelowige, staan vandag nog midde in hierdie werklikheid. Enersyds die heerlike troosryke Evangelie en andersyds die verswaarde diens onder 'n ongeduldige en onbarmhartige "owerste van hierdie wêreld". Dieselfde vrae; dieselfde "waarom?" — net onder ander omstandighede en in ander woorde, klim vandag ook uit die hart en mond van worstelende verbondskinders op in die ore van onse HERE. Die Evangelie word gepreek en die Satan en sy magte meteens aangesê om die volk wat die Here na sy voorneme roep, los te laat. Nog steeds laat Satan en sy aardse helpers hoor: "Wie is die HERE dat ons na Hom sal luister om die wat Hy roep los te laat?" Die Evangelie en die verkondiging daarvan hou aan die mense leuenagtige woorde voor. Dit word gesê dat aan die mense allerlei belofte word, veral met die oog op 'n lewe na die dood sodat hulle die verdrukking onder huidige strukture sal duld. Wat bied die Christendom nou eintlik aan die wêreld? Die prediking van die Evangelie was grotendeels maar 'n dekmantel vir die koloniale beleid van die Westerse lande. Veral Afrika is deur die sendelinge uitgebuit — so beweer selfs mense wat hulleself as kerkleiers van verskillende wêrelddele voorstel. Slawerny, armoede, hongersnood en siekte was steeds in Afrika die agterryers van die Evangelieprediking. Ook in S.A. is die massas arm en die wat die Goeie boodskap aan hulle gebring het, verdruk hulle en leef self in weelde.

"Ons het lank genoeg," sê hulle, "gelet op die leuenagtige woorde van die Westerse Christendom". Weliswaar hoor ons in die verband twee stemme. Eerstens die van die brutale antichristendom in samewerking met die openlike heidendom, wat minagting soos Farao sê "Wie is die HERE na wie se stem ek moet luister ...? Ek ken die HERE nie?" En dan word uit die oord alles gedoen om dit vir die voortbestaan van die kerk onmoontlik te maak. Dink maar watter maatreëls deur die kommunistiese owerhede al vir tientalle jare geneem word om die Woord van die Here stil te maak en om die bestaan van die volk van die Here so swaar as moontlik te maak.

Die gelowiges moet al hoe meer hoor dat dit vermetel is om voor te gee dat hulle alles opeis in die Naam van hulle God. Daar is tog vir ander mense ook ander gode, selfs geen gode nie. Christene is vermetel en moet op hulle plek gesit word. Tweedens is daar die wat beweer dat hulle optrede teen die kerk juis noodsaak word deur die Evangelie. Die Westerse Christendom sou die boodskap van die verlossing vervals het. Hulle bring nou die ware boodskap en hef die rewolusiekreet saam met die antichristendom en heidendom aan. Hulle gaan stilswyend 'n bondgenootskap aan met die magte van die duisternis. Die Woord van die Here word in die proses aangepas en selfs so omgevorm dat dit 'n boodskap uit die hart van die mens tot die mens is wat verseker dat sy begeertes en behoeftes bevredig sal word. Hulle streef die mens in sy gehoor. In sy lis kry Satan dit sover dat hulle onder die dekmantel dat hulle die boodskap van die Here deurgee, eintlik die leuen wat in die paradys losgelaat is bevorder. Hulle sluit teen wil en dank so aan by die geroep: "Wie is die HERE ...? Ek ken Hom nie".

Dit lyk asof die eis om die wat die HERE na sy voorneme roep, los te laat ook vandag die wrewel van die Satan en sy aardse helpers so opwek dat hulle die gelowiges in die wêreld eerder swaarder gebuk laat gaan onder die verdrukking as wat hulle verlos word!

U mag sê dat die bedreiging terwille van die Evangelie wel daar is vir ons, maar dat ons nog nie die wrewel aan die lyf voel soos dit wel gebeur met die gelowiges in sommige wêrelddele nie. Dit is so, maar ons moet daarop let dat dit nie by blote dreiginge bly nie. Ons ervaar die verswaarde diens reeds in die verhewigde druk deur 'n antichristelike wêreld om aan hulle eise te voldoen of te doen te kry met hulle wraak! Op geestelike gebied is dit nie meer 'n kwessie van toekomstige optrede nie. Die eis om te breek met die outydse sedes en lewenspraktyke word reeds op allerlei maniere onverbiddelik aan ons gestel. Hoe meer die profetiese Woord oproep tot 'n breuk met die wêreld, hoe meer word die samelewing en die alledaagse lewe gedwing tot die Antichristelike omverwerping van alle Christelike waardes en sedes. In geskrif, film en gesproke woord word die vir hulle, ou verslete lewensbeskouing aangaande 'n wêreld wat uit God, deur Hom en tot Hom is, afgekraak. In die lewenspraktyk word die sedeloosheid en godslastering van popgroepe, alternatiewe Afrikaanse musiekgroepe, ongehude saamwoners, skoonheidskoninginne en soveel ander wat die Woord van die Here minag, die gewone. Die stryd van ouers wat hulle kinders ooreenkomstig die doopbelofte moet opvoed, die gelowiges wat as mense van God, die beeld van Christus wil openbaar, word nie alleen gehoon en bespot nie, maar al hoe meer 'n plek in die samelewing ontsê. Dit is inderdaad nie meer so 'n vreemde gedagte dat mens, om enigsins deur die wêreld geduld te word, die merkteken van die dier sal moet vertoon nie! Die leefwyse of die bereidheid om te leef volgens die voorskrifte van hulle wat die Here nie ken of wil ken nie, is alreeds die sleutel tot die samelewing vir jongmense. Die jongmens wat die sleutel nie het nie, word eensaam en verstote in 'n hoek gedring en moet bereid wees dat die gemeenskapslewe by hulle verbygaan! In ons persoonlike lewe storm die eise van Satan nie alleen in versoekinge nie maar ook in aanvegtinge op ons aan.

Innerlike bedreigings en angste wil jou aandryf in die diens van Satan en die wêreld, met die spotstem in die ore: waar is jou God?

Inderdaad, die resultaat van soveel eeue van die prediking van die Evangelie aan die wêreld; aan Suid-Afrika en aan ons persoonlik is ontsettend! "Want vandat ek na Farao gegaan het om in u Naam te spreek, het hy hierdie volk mishandel, en U het U volk glad nie verlos nie". Juis ons roepingsvervulling in die wêreld verswaar ons stryd teen die

Sataniese magte; so dat daar in die donker uur voor ons oog geen tekens meer van die verbond van onse Here is nie! Roepingsvervulling maak die aardse lewe vir jou moeilik en weldra haas onmoontlik. Moses en Aäron moes saam met Israel onder verswaarde diens kwyn "en nie op leuenagtige woorde let nie". Toe Jesus gekom het om die wil van die Vader te doen, was daar geen plek vir Hom nie — Hy is minder geag as die jakkalse wat gate en die voëls wat neste het! En uiteindelik is Hy gekruisig omdat die owerste van hierdie wêreld sy onderdane in boosaardigheid teen Hom aangehits het. En, gemeente, die dienskneg is nie meer as die Here nie! Hoe kan ons dan verwag dat die Bose ons sal toelaat om uit sy greep die nuwe lewe in te stap, waartoe die Here ons na sy voorneme roep? Die Heilige Gees leer ons hier deur Moses se klagte die werklikheid wat Jesus ons voor oë hou met die woorde: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei... want die poort is nou en pad is smal wat na die lewe lei . . .". As ons die werklikheid eers begryp, sal ons nie so maklik onbarmhartig laat hoor dat die kerk, wat in 'n doodsworsteling gewikkel is, dood en die geloof kragteloos is nie! Dan sal ons self ten bloede toe stry en begryp dat elke worstelaar teen Satan en sy helpers vlees en bloed is! Vlees en bloed wat in die ervaring van die oormag van die brullende leeu, Satan, wat op jou afspring uit die dieptes roep: "Here, waarom het U hierdie volk kwaad aangedoen? Waarom het U my tog gestuur? ... en U het u volk glad nie verlos nie!" Hierdie dieptes is ons reeds in die Paradys voorgehou toe die Here die vyandskap tussen die vrou en die slang en hulle saad gestel het! Wie na die voorneme van onse Here geroep en so deur die Heilige Gees die gawe van die geloof toebedeel word, sweef na die hoogtes van die vrede by God en jubel in die verlossing, maar tegelyk word ons deur sataniese geweld in die dieptes ingeslinger terwyl hy God se werk aan en in ons wil verydel! Hy wil sy greep op ons behou. Israel moes vir Farao bly werk! Die Evangelie, gemeente, bied geen blye boodskap aangaande 'n vreugdevolle, probleemlose, gelukkige aardse lewe nie! Dit is nie die evangelie as gesê word: "Glo in Jesus en al jou probleme is opgelos en daar sal vrede en geluk op aarde wees terwyl al ons begeertes vervul sal word nie!" Nee, die Evangeliewoord spel stryd! Jesus sê Hy het nie gekom om vrede op aarde te bring nie, maar die swaard! Die verlossingswerk van God in Christus het die Satan met krag laat toeslaan. Die kindermoord deur Herodes, toenemende duiwel besetenheid, die kruisiging van Jesus en daarna die bloedige vervolging van die gelowiges wat weer verhewig soos die dag van die Here naderkom, is deel van die verlossingsweg waarop ons geroep is.

Die Evangelie, die verlossingsboodskap is waaragtig. Dit bring die vrede by God in ons Here Jesus Christus nou reeds op aarde. Maar dit ontketen ook vyandskap van die Satan en hy het die wêreld aan sy kant in sy desperate poging om God se werk te verydel.

Moses het die Here verwyt dat Hy Israel kwaad aangedoen en hulle glad nie verlos het nie — hy waag om dit kwyd te raak teen die Heilige wat Homself kort tevore in 'n vuurvlam aan hom openbaar het! Die verset teen sy roeping, die ongeloof waardeur hy die verkiesing en verbond feitlik as waardeloos bestempel, moes hom eintlik die lewe kos! Maar gemeente, die Here ken ons. Hy weet dat ons vlees en bloed is en Hy is barmhartig en lankmoedig teenoor die wat Hy kragtens sy roeping in die stryd ten bloede toe, werp! Hy straf nie die worstellende twyfelaar in ongenade nie. Hy antwoord in tere ontferming dat Hy sy volk nie kwaad aandoen nie. Teen alle skyn in is Hy besig om hulle te verlos. "Nou sal jy sien wat Ek Farao sal aandoen. Want deur 'n sterke hand sal hy hulle uit sy land uitdrywe".

Stry hard, ook onder verswaarde aanvalle en 'n byna hopelose verwagting in, en u sal sien wat Hy Satan sal aandoen! Hy, Jesus die Christus, sal as Hy kom, die Satan en al sy aanhangers en helpers in die poel van swawel en vuur gooi en sy volk die ewige Kanaan inlei!

Amen.

7. Die Here dwing die wat Hy na sy voorneme roep, op die geloofsweg

LEES: Eksodus 6

TEKS: Eksodus 6:8

SING: Pss. 23:1 en 2; 119:63; 73:5 en 6; 138:4

"Moses het toe so met die kinders van Israel gespreek ..." Wat die Here aan hom gesê het, dra hy wel oor aan Israel. Hy doen dit egter nog steeds onwillig. Dit is asof hy dit wat die HERE aan hom gesê het, na sy verwyd dat van sy beloftes niks gekom het nie maar eerder groter ellende vir die volk, nie weer ernstig kon neem nie. Ook Israel het nie na Moses geluister nie. En dit nadat die HERE Moses en die volk met groot lankmoedigheid teengekom het toe hy die brutale verwyd teen Hom uitgeslinger het dat Hy sy volk glad nie verlos het nie. Hy het Moses nie verjaag as ontroue en opstandige dienaar, en Israel as ondankbare volk, nie die deur gewys nie! Inteendeel: met groot ontferming en met ondeurgrondelike geduld bevestig Hy weer eens sy onveranderlike voorneme met sy volk. Deur 'n sterker hand gedwing sal Farao sy volk laat trek. Dit is asof die HERE Moses en Israel terugruk na die werklikheid waarom dit gaan! Sy werk wat Hy in die verkiesing begin en in die roeping soos dit gestalte gekry het in die verbond, voortsit en voltooi, staan voorop. Daarom benadruk Hy: "Ek is die HERE." Die Onveranderlike. Hy sê en doen nie die een dag dit en die ander dát nie. Hy spreek en handel volgens sy ewige Raad, ooreenkomstig sy verlossingsvoorneme!

- Ek sal julle uit Egipte lei!
- Ek sal julle verlos!
- Ek sal julle as My volk aanneem!
- Ek sal vir julle 'n God wees!
- Ek sal julle bring in die land waaromtrent Ek my hand opgehef het. Ek sal julle dit gee.
- Ek sal, waaragtig!

Dit word nog oor en oor aan die kerk en elke gelowige deur die HERE in die Woordverkondiging en sakramentsbediening, gesê: "Ons het met die HERE, die Onveranderlike God, wat in groot ontferming deur Jesus Christus na ons toe neergedaal het, te doen." Hy verander nooit! Hy laat nooit die goeie werk wat hy in ons begin het, vaar nie. Hy sal dit voltooi!

Oor en oor, as ons kla oor die hewigheid van die stryd of verwydend sê: "Vergeefs dat ek so opgepas het ... Dit help my nie," sê Hy aan ons "Wees nie bevrees nie. Ek het jou verlos. Ek het jou op jou Naam geroep jy is Myne." Hoe kragtig gryp die Here nie sy kerk, elke kind van Hom aan op die moeitevolle geloofsweg nie! Ons struikel en val; ons weier selfs om op te staan, maar Hy laat ons nie bly lê nie! Hy, die Goeie Herder, dryf ons saggies aan en laat ons nie ten gronde gaan nie. "Laat dan maar buig en beef al wat ons hier omgeef; . . . Ons sal nie beef of rugwaarts gaan nie!"

"Moses het toe só met die kinders van Israel gespreek maar — (en dit is die onmeetbare dieptes waarin die wat Hy na sy voorneme roep, kan val) — maar hulle het nie na Moses geluister nie, uit ongeduldigheid en weens die harde diens." Toe Moses die eerste maal aan hulle die Evangelie verkondig het, het die volk geglo. "En toe hulle hoor dat die HERE op die kinders van Israel ag gegee en hulle ellende aangesien het, het hulle in aanbidding neergebuig . . ." Maar nou na die verswaarde diens, hoor hulle met ongeduld die goeie boodskap — alweer net verwagtinge wat teleurgestel sal word! Ons luister nie daarna nie; ons aanvaar liever die harde diens onder Farao: dit is die werklikheid waarmee rekening gehou moet word. Ook Moses volhard met die uitsiglose houding. Hy wil niks meer met die opdrag om na Farao te gaan, te doen hê nie. Eenmaal het hy hom

aan 'n opdrag waarvoor hy nie kans gesien het nie, onderwerp. Langer gaan hy dit egter nie doen nie. As Israel nie eers na hom wil luister nie, hoe sal Farao wat reeds ergerlik is oor die trek-eis oorreed kan word deur 'n man wat boonop nog hinkel ook? Tot twee maal toe verklaar Moses beslis (vers 12 en 29) dat hy nie met die saak voortgaan nie. Dit maak aan hom geen verskil dat die HERE Homself weer eens aan hom as die Onveranderlike, wat nooit sy Woord ontroo is, openbaar het nie. So weerspannig, gemeente, kan die begenadigdes sowel as die boodskappers, die verkondigers van die verlossingsgenade, wees! Dan het ons 'n ongeduldige, eintlik weerspannige kerk, wat nie die halfhartige, lustelose prediking van predikers wat self nie meer iets verwag van die boodskap wat hulle moet oordra nie, ernstig opneem nie! Voor ons roep die Goeie Herder met 'n dringend — bewoë stem: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee!" "Luister en julle siele sal lewe!" Die skape is egter moeg van beur tussen die haak-en-steek-bosse deur en oor skerppuntige rotse heen, gestee deur die son in 'n barre streek. Moeg en lewensveragterend gaan hulle lê — die stem van die Goeie Herder wat lok na groen weivelde en waters waar rus is, gaan by hulle verby! En nog erger, die herders wat Hy aangestel het om sy stem te laat hoor, het self moeg geword en weier om voort te gaan met roep! Is dit nie, gemeente, wat ons vandag beleef as kerk nie? Daar is baie drukte oor die afval, oor hoe om die gemeente te bou — deur nuwerwetse metodes sal die kerk weer na die geloofhoogtes gevoer word. Maar hoe kan dit as ons nie weet hoe groot ons sonde en ellende is nie! As ons nie sien hoe totaal magteloos ons is in die greep van Satan wat uitdagend God se werk in die verkiesing en verbond wil verhoed nie?

Ons moet tot die besef kom dat ons so oorweldig is deur Satan dat terwyl onse Here ons na sy voorneme roep ons die roeping weerstaan asof Hy wat roep ons kwaad aandoen! Dit is nie 'n kwessie van aanpassing by moderne metodes van gemeentebou of pastorale sorg nie; nee, dit is 'n kwessie van skape en herders wat moeg geword en gaan lê het. En nou weier hulle om op te staan en die herders weier om met oortuiging voort te gaan om die één stem, die van die Goeie Herder, te laat hoor!

Die Evangelie soos ons dit in ons huis het en soos dit tog nog selfs deur lustelose en eiewillige predikers, verkondig word verseker met krag dat niks ons van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is, sal skei nie . . . Maar helaas, hoeveel van ons luister nie meer daarna nie, "uit ongeduldigheid en weens die harde diens."

Aanvanklik het die goeie boodskap ons verbly. Ons het geglo en ons het die bekeringsweg aangedurf. En tog: wat baat dit dat ons ons besig hou met die Bybel; dat ons bid; dat ons sy geboorte betrag? Dit maak van ons vreemdelinge op aarde en die lewe word elke dag moeiliker. Dan hoor ons die Evangelie. Ons weet wat belof is, maar stel geen vertrouwe daarop nie! Ongeloof kry die oorhand. Ongeloof wat later in die woestyn Israel se ondergang sou wees toe, na die verslag van die verkenners, die prediking van Josua en Kaleb nie met die geloof verenig is nie. Die ongeloof verhoed dat die rus wat daar vir die volk van God oorgebly het, ingegaan kan word. (Vgl. Hebr. 4:2.)

So donker kan dit vir die gelowige word! Maar — ondeurgrondelik is die barmhartighede van onse Here. Sy goedertierenheid is elke môre oor ons nuut. Hy jaag nie die brutaal verwyttende herders en so die lewensveragterende skaap die woestyn in nie! Hy laat die wat Hy na sy voorneme roep, nie in die doodslaap omkom waarin verval is nie, selfs nadat Hy hulle by herhaling verseker het dat Hy aan sy verbond dink! Hy gaan voort om sy verkiesing te verwerklik, al het Israel nie na Moses geluister nie en al wou Moses nie verder aan Farao sê dat hy die kinders van Israel moet laat trek nie. Asof daar geen teenspraak was nie, het die HERE eenvoudig net met Moses en Aäron gespreek en hulle met 'n boodskap gestuur na die kinders van Israel en na Farao . . . "om die kinders van Israel uit Egipteland uit te lei!" Hy is die HERE. Onveranderlik en onberoulik is sy verkiesing. Sy verbond staan vas! Sy werk gaan voort. Ten spyte van ons brutale, verwyttende weiering om na die stem van die Goeie Herder te luister, volvoer Hy sy voorneme met ons. Hy doen dit deur ons Hoëpriester, Jesus Christus, wat met ons medelyde het. Hy was versoek soos ons nou is. Hy het die aanslag van Satan veel erger deur sy ganse lewe op aarde toenemend verduur. In Getsémané moes Hy bloed sweet en op Gólgota,

toe die helse duisternis Hom in totale verlatenheid omvou het dit uitroep! Hy, ons Middelaar en Borg, het medelyde met ons as ons verbysterd raak deur die Sataniese aanvalle en Hy sorg dat ons ten spyte van onself en ten spyte van lamgeslaande herders, ons roeping en verkiesing vasmaak! Hy sal voltooi wat Hy begin.

Amen.

8. Die Here alleen is groot

LEES: Eksodus 7:1-12

TEKS: Eksodus 7:5

SING: Pss 48:1 en 2; 40:4; 74:6 en 9; 138:4

In die vorige hoofstuk het die Heilige Gees dit by ons ingeskerp dat ons nie verward en moedeloos moet word as die Satan en sy helpers hulle krag teen die kerk ontplooi nie. Moses en Israel het ineengekrimp toe Farao hulle teruggejaag het na verswaarde diens. Israel het selfs na die versekering van die HERE dat Hy aan sy verbond dink en hulle sal verlos "deur 'n uitgestrekte arm en groot strafgerigte", nie na Moses wou luister nie. Moses self het ook geen sin meer daarin kon sien om van Farao te eis dat hy Israel moet laat trek nie. Vir hulle was hulle uitverkiesing en die belofte in die verbond begrepe iets soos 'n mooi droom. Die kragtige weerstand van Farao het hulle egter oortuig dat dit net 'n droom sou bly. Vir Israel was dit die man Moses en sy broer Aäron wat hulle met hulle mooi, maar onpraktiese ideaal, in groter ellende gedompel het. Vir Moses was dit egter 'n groot verwarring! Hoe kan die HERE so stellig aan hom sê dat Hy Israel deur hom sal verlos en tog het Hy sy volk glad nie verlos nie!

Die mag of vermoë van die HERE om sy voorneme uit te voer is hier betwyfel. Die Evangelie is 'n ideaal om na te streef, maar onbereikbaar. 'n Teoloog beweer dan ook dat God se verlossingsvoorneme aan die kruis op Gólgota misluk het. Al wat nou oorbly is dat die mens Hom moet help om nog iets daarvan tereg te laat kom! Dit laat dink aan die verwarring van die vader toe die dissipels nie die maansieke seun kon genees nie, en Jesus aan hom gesê het: "O ongelowige geslag, hoe lank sal Ek by julle wees; hoe lank sal Ek julle verdra?" Die verwyte van Jesus kon reeds eeue tevore deur Moses en Israel gehoor word in die optrede van die HERE toe hulle ook verward was oor sy vermoë om sy verkiesing waar te maak! Met groot geduld en ontferming het Hy weer eens die vastheid van sy voorneme om Israel uit Egipte te verlos bekend gemaak.

Die twyfelmoediges misken sy vermoë om Israel te verlos en Farao spot openlik en vra wie is die HERE dat hy na Hom moet luister! En tog verdra die HERE hulle nog! In sy lankmoedigheid stuur Hy Moses en Aäron terug na Farao toe — so asof Hy wil sê dat Hy nie van hulle weg gaan nie, maar hulle nog verdra en nog sy werk deur hulle sal doen. Hy sê verder tot bemoediging van Moses ook hoe Hy dit sal doen. As Farao weer nie luister nie, moet hulle nie dink dit is omdat hy die werk van die HERE kan keer nie. Nee, "... Ek sal Farao se hart verhard ..." Wat Moses en Israel gesien het as 'n onvermoë van die HERE om sy voorneme uit te voer, blyk nou 'n magsopenbaring van sy kant te wees. Dit lyk of Farao sy voorneme verydel, maar in die grootdoenerige weerstand van Farao is Hy, die HERE, juis besig om dit uit te voer. So uit te voer dat ook Farao sou moes erken dat sy werk nie gekeer kan word nie. Teen wil en dank sal hy sien hoe die HERE die kinders van Israel tussen die Egiptenare uitlei. Wanneer Israel trek, sal dit die hoogtepunt van 'n reeks gebeure wees waardeur Hy Farao en Israel doelbewus sou leer wie die HERE is! "Dan sal die Egiptenare weet dat Ek die HERE is, as Ek my hand oor Egipte uitstrek en die kinders van Israel tussen hulle uitlei." Deur baie tekens en wonders in Egipte en deur groot strafgerigte sou die brutale Farao met skrik moes erken dat die HERE alleen groot is! En Moses saam met Israel sou hulle vertwyfeling moes inruil vir aanbidding, die aanbidding van Hom aan wie se vermoë om sy Woord gestand te doen, hulle getwyfel het! Ook hulle sal weet dat die HERE alleen groot is! Dat Hy die HERE is! Eerstens sou Farao en sy onderdane weet dat Hy die Onveranderlike is wat sy voorneme altyd uitvoer. Dat Hy vir Israel 'n God en dat hulle sy volk is. Farao sal weet dat waar hy die volk van die HERE aanraak en kwaad aandoen, hy met die HERE self te doen kry. Dán, as Hy sy tekens en wonders in Egipte doen en sy strafgerigte oor hulle loslaat, dan sal hulle weet dat Hy die Here is. En hulle wat gedink het dat hulle magtig is, so magtig dat hulle sy volk in slawerny kan hou, sal in magteloosheid moet toekyk hoe die verlossingswoord, gewortel in die genadige verkiesing, voor hulle oë 'n werklikheid word!

Wat 'n magtige troos bring die Heilige Gees nie hier aan 'n verwarde, ontstemde kerk teen die einde van die twintigste eeu nie! Teen die einde van 'n eeu wat begin het met die magsvertoon van Satan wat op elke gebied die Woord van die HERE uit die menslike samelewing wou verdring, het die Satan en sy aardse magte dit weer sover gebring dat die kerk in verwarring tekens van ongeloof toon in die vermoë van onse God om sy kerk in Jesus Christus deur die kragtige werking van die Heilige Gees te vergader, te onderhou en te bewaar tot aan die voleinding! Die proklamasie van God se verkiesing in Jesus Christus word opsy geskuif en die heil word verwag van organisasietjies wat die gevoel moet aangryp om die mense self daartoe te bring om die kerk te red. 'n Verwarde kerk wat magteloos staan teenoor 'n wêreld sonder God wat al hoe meer wil wys dat hulle die voorneme van God sal verydel, verkrummel omdat ons nie meer glo dat Hy die goeie werk wat Hy in ons begin het, kan voltooi nie! Maar, broeders en susters, die Here is nog by ons en Hy verdra die ongelowige geslag nog met groot geduld! Ook nou verseker Hy elke strydende gelowige wat skrik vir die aanval van sovele en vir die vertwyfelings van die eie hart as die aanslag teen ons al hoe brutaler word, dat Hy die werk van sy hande nie sal laat vaar nie. vertroostend lê Hy sy hand op ons deur sy Woord en gee ons 'n dieper insig in sy werk. Hoe brutaal die magte van die hel ook die verlossingswerk van die Here teenstaan, juis in hulle teenstand omdat Hy die wêreld se hart verhard en hulle ons op elke manier in die slawerny van die sonde wil vashou, sien ons die Here aan die werk! Sien ons hoe Hy sy voorneme kragtens sy verkiesing uitvoer! Dit het Hy ook in die lyde en sterwe van Jesus duidelik aan ons voor oë gehou. Toe Satan met die Jode en die hulp van die Romeine gedink het dat hulle die werk van God in Christus gekeer en die mag behou het, het Hy aan sy kerk in Jerusalem die insig gegee om te weet dat die magte wel vergader het "teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het, om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind."

Die HERE het Farao se hart verhard tot verheerliking van sy groot Naam. En die verheerliking van sy Naam bewerk tegelyk die verlossing van die wat Hy na sy voorneme roep. In die lig moet ons ook die toenemende magsopenbaring van die Sataniëse magte vandag sien! Die einde van die twintigste eeu spel daarom nie, soos baie sê, die einde van die kerk op aarde nie! Die toenemende wetteloosheid spreek veelmeer van die verharding van die harte van wêreldlinge deur die Here om so deur tekens en wonders en strafgerigte van sy hand gedwing te word om met siddering eindelik te moet uitroep: die Here is alleen groot! "En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word ..." (2 Tess 2:11, 12). Ons pad is nie uitsigloos nie! Dit is nie so dat ons weg vir die Here verborge is nie. Dit is nie so dat Hy nie raaksien wat van ons word nie, óf dat ons reg by Hom verbygaan nie (Jes. 40:27). Ook as die magte van die hel om ons roof en skeur, is die Here besig om sy ewige verlossingsraad soos begrepe in die verkiesing en verbond, te verwerklik. Hierdie werk van die Here trek saam op Gólgota. As Jesus in helse smart uitroep: "My God, my God, waarom het U My verlaat", weet Hy en ook ons nou: dit is omdat die Vader dit so wou gehad het — nie omdat Hy magteloos was teen die Bose nie, maar juis sodat Hy die verset van die Bose teen God se werk sou verbreek! God, die Here, wou dit so hê dat Hy verheerlik sou word daarin dat die saad van die vrou die kop van die slang sou vermorsel en sy volk van hulle sonde sou verlos. Ja, sodat Satan en sy magte sou erken dat Hy die Here is! Hy alleen is groot! Hy, net so min as ons, is ooit oorgelewer aan die willekeur van Satan!

So, gemeente, het Hy Farao se hart verhard dat "die Egiptenaars sou weet dat Ek die HERE is ..." En eenmaal sal almal, ook die wat Jesus deurstek en sy kerk en kinders vervolg het, dit erken en sê: "Berge val op ons en heuwels bedek ons vir die toorn van die Lam en van Hom wat op die troon sit!" Dan sal die kerk wat Hy uit die midde van 'n verdoemde wêreld uitlei, jubel: "Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid" (Openb. 5:13).

Amen.

9. Die vyand magtig, maar God almagtig

LEES: Eksodus 7:1-13

TEKS: Eksodus 7:12

SING: Pss. 89:1 en 2; 2:1 en 2; 94:1, 4 en 12; 31:18

Aan Moses is die versekering gegee: "Dan sal die Egiptenare weet dat Ek die HERE is . . ." Dan, nadat Hy Farao se hart verhard en sy tekens en wonders in Egipte vermenigvuldig het en hom so sou verplig om Israel te laat trek. Nou lees ons van die staf van Aäron wat 'n slang word en ook met die van die towenaars van Farao het dieselfde gebeur. Moses en Israel begin sien hoe die magsopenbaring van die HERE teenoor die van Satan ontplooi.

Twee ou manne van tagtig en drie en tagtig jaar verskyn weer voor Farao. Reeds het Farao hulle minagtend weggejaag met die woorde: "Moses en Aäron, waarom hou julle die volk van hulle werk af? Loop na julle werk toe." Tog waag hulle dit om weer na hom te gaan ten spyte van hulle bedenkinge. Die HERE ontslaan sy onwillige en vreesagtige dienaars nie uit hulle diens nie. Hy stuur hulle terug — slegs met 'n staf in die hand. Die staf of kerie moes seker die afgetakelde toestand van die twee wat reeds die uiterste leeftydsgrens bereik het, beklemtoon het toe hulle by Farao gekom het. Wat wil die twee sukkelende ou manne tog nou weer hê? Ewe astrant, so kon Farao gedink het, herhaal hulle die eis: Laat Israel trek!

Die twee ou manne moes vir Farao in hulle magteloosheid nogal grappig gelyk het. Die vorige keer het hy minagtend gesê: "Ek ken die HERE nie; wie is Hy dat ek Israel sal laat trek?" Ongeduldig het hy hulle weggejaag; terug werk toe. Hierdie keer verander hy van taktiek. Hy maak of hy hulle ernstig neem en dit is asof hy eers 'n bietjie pret wou maak. Asof hy wou sê: "Goed julle sê die HERE beveel my om sy volk te laat trek. Laat Hy dan ook deur julle optrede sy eis met iets kragtigs opvolg en bevestig! "Doen tog 'n wonderteken vir julleself!"

Toe Aäron daarop, op bevel van Moses, sy staf op die grond gooi en dit 'n groot slang word, verander Farao se speletjie in 'n dodelike ernstige kragmeting. In die teken toon die HERE dat Farao hom heeltemal misgis het met die twee ou mans en hulle staf! Die twee ou manne staan nie daar voor hom in patetiese kragteloosheid terwyl 'n staf hulle moet regop hou nie. Die teken laat blyk hulle is waaragtig dienaars van die lewende God wat ook aan hulle mag gee om hulle opdrag te kan uitvoer. Hy volbring sy krag in hulle swakheid. Die staf, simbool van ouderdomswakheid en aftakeling, maak Hy 'n kragtige wapen in hulle hand!

Farao het nie met twee magtelose, afgetakelde ou manne te doen gehad nie, maar met gesante van die HERE! Hy stuur hulle in hulle magteloosheid om sy voorneme uit te voer. Farao het met die HERE, wat sy werk deur niks laat keer nie, te doen en nie met swak, onbeholpe mensies nie! Daarom as hy deur sy towenaars die teken wil na-aap, openbaar die HERE Homself en aan Farao en aan die kleingelowige Moses en Aäron sowel as aan Israel as die Almagtige teen wie die mag van Satan en die wat hy gebruik sal verkrummel. Hy is die HERE. So het Hy reeds herhaaldelik aan Israel deur Moses gesê, ook aan Farao. Hy is die Onveranderlike, die Almagtige wat sy beloftes kan en wil en waar sal maak! Nou sê Hy dit weer aan hulle, net op 'n ander manier in die teken! "Maar Aäron se staf het hulle stawe verslind!" Farao kan en sou — die HERE verhard sy hart — weier om hulle te laat trek; hy kon en sou hom bly versit teen die HERE; hy kon en sou probeer om met mag die werk van die HERE te keer, en om die wat Hy na sy voorneme roep, in sware stryd en selfs doodsnood te dompel. In hierdie teken het die HERE egter getoon en gewaarborg dat Hy sy werk deur niks laat keer nie. Watter mag Satan en sy helpers ook al uitoefen — hy bly magteloos. Hy kon al sy towenaars se stawe laat slange word, maar Aäron se staf het hulle stawe verslind! Dit het reeds vooraf vir Moses en Aäron vasgestaan. Hulle was egter in hulle kleingeloof verdwaasd — net soos Israel! Met hierdie teken maak die HERE hulle beskaamd; laat Hy hulle sien hoe Hy sy woord waar

sal maak. Al Farao se grootdoenery sal as 't ware ingesluk en tot niet gemaak word deur die HERE. Voor hulle oë is die allesoorheersende almag van Hom wat hulle geroep het, afgebeeld. Die magsopenbaring van Satan deur Farao sal uiteindelik die laaste stuiptrekkings van die verslane leuenaar blyk te wees. Hierdie kragmeting wat as 'n minagtende speletjie deur Farao begin het, het uitgeloop op die magsopenbaring van die HERE. Dit bring die Heilige Gees die kerk vandag weer tot die besef wat in die verlede, in die hede en tot die einde toe presies gebeur terwyl die HERE besig is om sy verkiesing langs die weg van die verbond 'n werklikheid te maak. Die vyand span alle kragte in om God almagtig na die kroon te steek; maar Hy, "Hy lag en spot dat hul so vrugt'loos woel en magteloos, verniet hul krag verteer." (Ps. 2:2, ber.) Telkemale word Satan se kragtoere in ons lewe gesien. Dan skrik ons en probeer sy goedgesindheid wen deur aanpassings aan die sogenaamde noodwendighede van die lewe — baie geleerd sê ons dan dat ons in Rome moet maak soos die Romeine, anders is die bestaan nie moontlik nie. Maar, tot ons beskaming moet ons dit dan weer hoor: "Aäron se staf het hulle stawe verslind." En ons sien die wonder selfs daagliks nog gebeur waar ons dikwels halfhartig voortstompel op die weg van stryd. Hoewel ons nie anders kan as om te sidder voor die magsopenbaring van Satan nie, staan ons telkens tog weer met aanbidding voor die Almagtige God, as Hy toon dat Hy die HERE is! Dat Satan en die wêreld magtig, maar Hy Almagtig is! Die werklikheid van die Sataniese magsopenbaring met die doodsdreiging wat dit vir ons het, kan en mag nooit ontken word nie. Die dissipels was doodsbenuid in die storm op die see, en aan die voet van die berg van verheerliking het hulle verskrik en dadeloos gestaan teenoor die bese tees wat die seun gepynig het. Op die woord van Jesus dat alle dinge moontlik is vir die een wat glo, bars selfs die seun se vader in tranes uit en sê: "Ek glo, Here; kom my ongeloof te hulp!" (Markus 9:23). Net so was die vervolgings in die kerkgeskiedenis en die ontsettend listige bedreigings waarmee die gelowiges tans te doen kry, werklikheid! 'n Werklikheid wat in die lig van wat aan ons geopenbaar is, laat sien dat die wetteloosheid al onder ons aan die werk is en die komende Antichris se skaduwee al duideliker vorm aanneem! Voor ons oë sien ons die groot afval en die opkoms van die Antichris met letterlik buitengewone magsvertoon — deesdae in die strate van ons stede onder die godloënende hamer en seker terwyl die massas die oorgawe aan hulle lewensbeskouing opeis. Ons weet ook dat die verskyning van die persoonlike Antichris gepaard sal gaan met allerhande tekens en wonders terwyl hy in die tempel van God sal gaan sit en voorgee dat hy God is. Dit is 'n werklikheid wat skrik in die hart bring. Dit laat ons dae en nagte dikwels in droefenis verbygaan! Met groot aandrang leer die Heilige Gees ons dan bid: "O Here, verlos ons van die bese! Ons glo; kom ons ongeloof te hulp!" In sy erbarming laat die Here ons elke dag sien hoe Aäron se staf die van die towenaars verslind. Hy gee ons gebedsgenade, wysheid, krag en volharding in die stryd. Hy sorg as ons troue Vader dat ons gees nie beswyk, en ons liggaam nie moeg en mat word nie. Daagliks verklik Hy ons. Ons vyand is magtig maar ons Here is Almagtig. En Hy herinner ons nie net daaraan deur die heenwysing na die wonder met Aäron se staf in Egipte nie. Hy roep ons op om te let op die teken waarop die van Aäron se staf in Egipte 'n vooruitgryping was, naamlik die sterwe, opstanding, hemelvaart en wederkoms van onse Here Jesus Christus aan wie alle mag in die hemel en op aarde behoort. Hy het die slang se kop reeds vermorsel en Hy stuit hom steeds in sy laaste stuiptrekkings om hom finaal in die poel van swawel en vuur te gooi as Hy kom.

Die Almagtige God van ons verkiesing en die verbond is in Christus Jesus ons Herder. Niks sal ons ontbreek nie. Sy almag waarteen sy en ons vyande nie bestand is nie, wat Hy so deur sy opstanding en hemelvaart geopenbaar het, is die waarborg vir ons oorwinning in die stryd. Hy is die HERE, die Almagtige wat ons roep en Hy sorg in sy almag dat die roeping ons nooit te magtig is nie. "Hy kan en wil en sal in nood, selfs as ons sidder vir die dood, volkome uitkoms gewee."

"Maar die staf van Aäron het hulle stawe verslind." Die teken roep tot geloof en volharding in die stryd. Ons het die Woord van die Here, die staf in ons hand. Die Woord het vlees geword en in die swakheid van ons vlees het Hy sy verlossende krag — sy almag — tot skrik van die vyand en ons vertroosting en bemoediging ten toon gestel en

doen dit nog steeds.
Amen.

10. Die Here en die afgode

LEES: Eksodus 7:14-25 en Hfs. 11

TEKS: Eksodus 7:17

SING: Pss 92:1; 99:1 en 3; 145:1 en 11; 73:1, 7 en 8

"Hieraan sal jy weet dat Ek die HERE is ..." Dit gaan nog altyd oor die hooghartige verset van Farao teen die HERE. Satan laat sy volgelinge by monde van Farao ook vandag brutaal en minagtend vra: "Wie is die HERE dat ek na Hom sal luister?" Slaan mens die tydskrifte oop; lees jy die veel-geroemde boeke van 'n nuwe geslag Afrikaanse skrywers; luister jy na die rumoer wat die een groep skeppers van ligte Afrikaanse musiek na die ander voortbring, slaan dieselfde brutale, minagtende vraag, net verskillend verwoord, ons in die gesig. Die selfverheffing van so baie onder ons volk en veral van die jonger geslag, het al so alledaags geword dat ons nie eens meer skrik vir die Sataniese geweld waarmee die leuen dat die mens soos God is, tot die uiterste gerek word nie. Die doel daarvan is dat ons moet aanvaar dat met Hom geen rekening gehou hoef te word nie; dat Hy selfs bespot kan word asof Hy magteloos is! Aan die minagtende Farao het die HERE destyds in algemene trekke getoon wie Hy is! Dat hoewel Satan magtig is, is Hy almagtig. Farao en sy towenaars, die soldate deur wie Satan sy stryd teen die HERE voer, kan nie teen Hom stand hou nie. "... Aäron se staf het hulle stawe verslind." Hierdie almagsopenbaring van die HERE het Farao nie juis oorweldig nie. Hy het dit blykbaar afgemaak as 'n kwessie tussen die towenaars, Moses en Aäron. En wat hulle ook al met hulle kunsies vermag, dit beweeg hom nie om Israel te laat trek nie. Dit sal baie meer kos om hom te oortuig dat dit vreeslik is om te val in die hande van die lewende God; dat hy hom selfs teen wil en dank sal moet onderwerp aan Hom wat op die troon sit.

Ons teks teken dan die verdere verloop van die stryd. Farao se hart is verhard; hy hou hom groot en gaan uitdagend sy eie koers asof God sy Woord nie waar kan maak nie. Hy sê Hy sal sy volk verlos en Farao sê Hy sal dit nie kan doen nie! Goed, Farao sou gedwing word om te erken dat Hy die HERE is!

Dat Hy, die Onveranderlike, die Een is wie se voorneme nooit gestuit of verydel kan word nie. "Hieraan sal jy weet dat Ek die HERE is."

Hieraan, aan wat Hy sou doen aan die Egiptenare. Eerstens deur die tussenkoms van Moses en Aäron en daarna direk, sou Farao weet dat God die HERE is; dat niks sy werk kragtens sy ewige voorneme sal keer nie! Dit hoor Farao die môre vroeg terwyl hy aan die kant van die Nyl, soos hy gewoon was, gestaan het. Hy hoor egter nie net dat die HERE iets gaan doen nie, hy kry al dadelik te doen met die eerste daad as Moses op die water van die Nyl slaan en aan Aäron opdrag gee om die staf oor al die waters van Egipte uit te steek en dit in bloed verander! Hieraan, en aan al die orige nege plae wat sou volg en beskryf is tot in hoofstuk elf, sou Farao teen wil en dank weet dat God wat deur Moses met hom spreek, die HERE is! Hy *kan* en *sal* sy volk verlos!

Die dinge wat die HERE aan die Egiptenare gedoen het, is duidelik geen willekeurige magsdade nie. Die daade skerp dit eerstens toenemend in dat dit nie bloot 'n spel van towenaars was nie. Daar sit meer agter. Dit word al hoe duideliker dat Moses en Aäron aan die een kant net aankondigers van die mag van die HERE was. Hy het net deur hulle gespreek en wat Hy gesê of aangekondig het, het op sy Woord werklikheid geword. Aan die ander kant was die towenaars van Farao — hoewel nie bewus daarvan nie, maar net in die waan dat hulle oor bonatuurlike krag beskik — in opdrag van Satan na-apers van die werk van God. Hulle moes die mag van Satan in verset ten toon stel. Telkens blyk hulle egter die mindere teenoor Moses en Aäron te wees totdat hulle met die derde plaag heeltemal uitgeskakel is en moet erken: "Dit is die vinger van God!"

In die magsdade weergegee in die tien plae, gee die Heilige Gees aan ons 'n noukeurige beeld van hoe die HERE die Satan en die magte wat hy op aarde gebruik om te keer dat die verkiesing en so die verlossing van sy kinders 'n werklikheid word, voor Hom wegvee. Hy laat sy werk deur niks keer nie!

Moses moes Farao aan die kant van die Nyl ontmoet. Farao het elke môre na die Nyl gegaan om eer aan sy afgode, veral die rivier en die son, te bring. Die Nyl wat sekere tye van die jaar afkom en saam met die water kosbare landbougrond in die vorm van slik uit die hart van Afrika aanbring en dan op die dooie sand van die oewers neerlê, is die hooflewensbron van Egipte. Daarby het die son met koesterende strale oor die aarde wat vrugbaar en vogtig gemaak is, die saad wat daarin gesaai is, laat ontkiem en 'n welige oes gelewer. Die Nyl, die aarde en die son gee die lewe. Die Egiptenare het alle vertrouwe vir hulle bestaan destyds daarop gestel. Dit was die verpersoonliking van die gode wat oor hulle lot beskik. Daarom is mag toegeskryf aan alles wat direk verband daarmee gehad het. Paddas wat in die water leef en geweldig aanteel, het met vrugbaarheid te doen; muskiete en steekvlieë wat in die tropiese vogtige klimaat uitgebroei word, sou dan oordele van die gode wees, terwyl sekere diere heilig is omdat die gode met hulle offers vereer word. Waar Farao elke môre vroeg by die Nyl gaan staan het om ter wille van sy lewe en die van sy land en van hulle voorspoed aan die afgode eer te bewys, moes Moses hom telkemale teenkom met die boodskap dat die HERE God is en dat Hy alleen gedien en vereer moet word. Farao moet sien en erken hoe onmagtig die afgode is! Hy stel sy vertrouwe op die Nyl. Op die Woord van die HERE word hierdie gewaande lewenstroom 'n stinkende poel van die dood. Die water word bloed in die rivier; die visse sterf, en daarby word die drinkwater besoedel sodat al wat lewe, oorval is deur dors. Farao kon nie anders as om te besef dat sy vertrouwe op die afgode ydel is nie. Sy lewenstroom word op die Woord van die HERE 'n stroom van die dood en die afgode kan daar niks aan doen nie. En die wete is daarna met elke volgende plaag dieper ingeskerp. Die tweede en derde plaag moes Farao laat besef dat dit die HERE is wat mag het oor die muskiete en steekvlieë, en nie die afgode wat hulle in toom voortbring nie. Inteendeel: die HERE gebruik hulle nou om te toon dat Hy die lewenstroom van Egipte nie alleen 'n stroom van die dood maak nie, maar ook 'n stroom wat allerlei lewenskwellinge voortbring. Wie op die afgode vertrou, word juis deur dit waarop hulle vertrou, gekwel soos 'n mens gekwel word deur die aanhoudende gesteeke van die bloedsuiende muskiete en steekvlieë wat jou met allerlei tropiese siektes besmet. Eindelik is dit asof die hele spul afgode finaal belaglik gemaak word met die vyfde plaag. Die heilige beeste en daarmee saam sommer al die perde, esels, kamele en kleinvee is getref met 'n baie swaar pes. Die afgode kan nie eers hulle "troeteldiere", die beeste wat veral aan hulle behoort het en tot hulle eer en bevrediging geoffer moes word, beskerm nie! En dat dit geen gewone pesuitbraak was nie, is ingeskerp deur die feit dat geen enkele dier van die kinders van Israel die pes gekry het nie. Die aarde en die diere, en dit sou uit die laaste plaag verder blyk, alles wat op aarde leef, behoort aan die HERE en nie aan die afgode nie! Die afgode en wat in hulle mag sou wees en met wat aan hulle sou behoort, is so met elke daad van die HERE in hulle magteloosheid ten toon gestel. Nog Farao, nog sy afgode kan 'n vinger verroer om die voorneme van die HERE met sy volk te keer!

Met die afgode is afgereken. Vanaf die sesde plaag word getoon dat ook met die mens wat homself tot beskikking van Satan stel en hulle in sy opdrag teen God versit, afgereken word! As Hy swere aan mens en dier laat uitbreek, word nie alleen die lewe van die mens direk bedreig nie, maar ook getoon dat sy bestaan in God se hand is. Benewens die betrekking waarin diere tot die afgode gestaan het, was hulle ook 'n belangrike bestaansbron vir die Egiptenare. En as sowel mens as dier met die swere wat in blase uitbreek, oortrek word, is die dood besig om nader te kom. Dit op bevel van die HERE alleen. Farao en sy hele volk word in die engtes gedryf. Hulle het gevra: "Wie is die HERE? NOU het hulle in toenemende mate begin sien wie Hy is! Die HERE wat almal wat Hom in sy voorneme teenstaan, voor Hom wegvee; Hy is God! Die Almagtige!

Met skrik moes hulle daarna ook die oordonderende gedruis van die hael, wat geval het 'n dag na die aankondiging daarvan deur Moses, aanhoor. Dit was 'n swaar hael soos wat nog nooit voorheen in Egipte geval het nie. Hulle graan en vrugte is weggeslaan terwyl die wat nie op die Woord van die HERE, dat die haelstorm sou kom, ag gegee het nie, ook moes toekyk hoe die diere en slawe in die veld doodgeslaan word. Weer eens was dit duidelik dat die HERE hierdie storm beheer want "net in die land Gosen, waar die

kinders van Israel was, was daar geen hael nie." Dit was nog nie genoeg nie: Farao en sy volk se hart het verhard gebly.

Moses waarsku Farao wat in die oomblik van nood beloof het dat Israel kon trek as die hael net ophou, dat hy vir geen oomblik verag dat hy sy woord sal hou nie — "ek weet dat julle nog nie ontsag het vir die HERE God nie." Daarom sou die daad wat die HERE nog in Egipte sou doen toeneem in dreigingskrag. Die bietjie wat nog oorgebly het, en wat na die hael weer uit die grond gespruit het, is deur 'n ongekende groot swerm sprinkane opgevrete nadat Moses andermaal sy staf oor Egipte uitgesteek het. Die lewensmiddele is hulle nou geheel ontnem en 'n vreeslike skrik het op Farao gekom, só dat hy daartoe kom om te erken dat hy met God te doen het. Ontroerend pleit hy by Moses en Aäron: "Ek het gesondig teen die HERE, julle God, en teen julle. Vergeef dan tog nou net die keer my sonde en bid tot die HERE, julle God, dat hy hierdie dood van my af wegneem!" Die skrik maak Farao egter net ootmoedig totdat dit verby is. Toe die sprinkane deur 'n baie sterk westewind op die woord van die HERE die see ingedryf is, verander Farao weer van plan en weier om Israel te laat trek. Dan volg die finale waarskuwing aan Farao en die hele Egipte as die HERE 'n duisternis oor Egipte laat kom "sodat 'n mens die duisternis kan gryp." Finaal waarsku Hy dat die wat hulle vertrou op die afgode of op hulleself stel, midde in 'n doodsduisternis is. Hulle stap 'n donker afgrond tegemoet! En as Farao, al was dit sidderende, hierdie laaste waarskuwing in die wind slaan, tree die dood in as die eersgeborenes sterf.

Nie net vir Egipte nie, maar ook vir ons, was die besondere manier waarop die HERE toon dat die verset van Farao net die dood as gevolg kan hê, profesie van die voleinding van die wêreld wanneer Satan saam met die wêreld wat in sy mag is in die poel van vuur en swawel, die ewige dood, ingeslinger sal word! Die eersgeborenes, in wie die toekomstige geslagte begrepe is, sou om middernag almal sterf as die HERE dwarsdeur Egipte trek. Daarmee is die ewige doodvonnis gevel oor die hele geslag wat hulle verhardend versit teen die HERE en sy voorneme om sy volk te verlos! Hieraan — aan hierdie reeks daad wat met oplaaiende erns verkondig dat die HERE en Hy alleen God is — "sal jy weet dat Ek die HERE is."

Dit is, gemeente, duidelik dat die Heilige Gees hierdie gebeure laat opteken het dat sy kerk te alle tye, ook ons vandag, nie in moedeloosheid moet oorgee aan die vyand nie. Ons moet wel 'n oog hê vir die Sataniese magsopenbaring, maar terwyl ons die spotstem hoor sê: "Wie is die HERE? Waar is jou God?", moet ons weet die HERE, ons God, Hy alleen is God. Hy sal sy werk deur niks laat keer nie. Terwyl die wêreld vandag vra: "Wie is die HERE?", en terwyl hulle vol eerbied by hulle afgode staan — sidder ons! Die mens aanbid sy groot verstand; leiers roep uit: "Vertrou op ons! Ons sal julle die ware lewe gee! Die Evangelie wat nog altyd aan julle verkondig is, deug nie." Dit mislei onkundiges miskien, maar nie die wat in die geheimenisse wat die menslike verstand blootlê, ingelei is nie! "Vertrou ons en deur ons wetenskap, tegnologie, ekonomie en organisasievermoë sal julle lewe in nimmereindigende voorspoed en geluk! En wee julle, as julle nie na ons luister en doen soos ons sê en doen nie!" Nou sê die Heilige Gees aan ons om nie die wat die afgode dien te vrees of te volg nie. Want kyk, reeds vandag kan julle sien dat die afgode niks is en dat juis die dinge waarop die wêreld sy hoop vestig, die lewenskwellinge verhoog en die dood om elke hoek laat loer! Hoe magteloos staan die wêreld nie al vandag teenoor die bedenkels van sy alvermoënde verstand nie! Die planne van die wêreldgrotes, die wetenskap en tegniek het soveel monsters geskep wat buite die beheer van die groot en slim mens, besig is om die lewe uit hulle makers te mergel! Watter onbeheerste ellende kom nie voort uit die wonderlike vredesplanne van die wêreldgrotes nie? Watter ellende bring die oorgawe aan die ekonomie nie? Hoe besoedel die dinge wat die lewe in stand moet hou en vergemaklik, nie die lug nie, sodat mense al bang word vir versmoring! Hoe wurg die doofmiddels wat die bestaan een groot genieting sal maak van alles wat die vlees begeer, nie die lewe uit mense nie? Waarlik, die dinge waarop die wêreld vandag vertrou stel, word nie alleen toenemend die dinge wat die bestaan tot die dood toe kwel nie, maar ook die dinge wat die wêreld al hoe meer in duisternis laat rondstruikel om eindelik, as die uur aangebreek het vir die

oordeel, in die ewige duisternis geslinger te word! Deur die plae in Egipte, wat profeties vooruitgryp op die plae aan die einde soos aan Johannes op Patmos bekend gemaak, open die HERE ons oë vir die magteloosheid van die afgode. Deur sy aangryping van die dinge tot waarskuwende oordele waarop die mens vertrou, gryp Hy nou reeds vooruit op die verkondiging van die engel wat in die middel van die lug sal vlieg en met 'n groot stem aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke sal sê: "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom, en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het" (Openb. 14:7). Verwonderd hoor ons daarby in ons angs en teëspoed wat die stryd in ons opwek: "Is My hand werklik te kort om te verlos, of is daar in My geen krag om uit te red nie?" (Jes. 50:2), of "Waarom sê jy dan . . . My weg is vir die HERE verborge en my reg gaan by my God verby?" (Jes. 20:27). Let dan, gemeente, ook op wat die Here vandag ooreenkomstig sy Woord in die wêreld doen, en luister hoe Hy so aan Satan en die wêreld wat sy voorneme met ons wil keer, sê: "Hieraan sal jy weet dat Ek die HERE is!"

Amen.

11. Die bloedpoort

LEES: Eksodus 12

TEKS: Eksodus 12:22 en 23

SING: Pss. 95:1 en 4; 103:7 en 11; 68:1 en 2; 98:2 en 3

In hoofsaak is die versetpoging van Satan teen die voorneme van die HERE om die volk wat Hy uitverkies het te verlos, in die voorgaande hoofstukke voor oë gehou. Die onmag van die afgode waarop vertrou is, is met fyn trekke blootgelê in die verskillende plaes. Waar die lewe en lewensvreugde uit hulle hand hulle dienaars moet toevloei, word die vertroue alleen beloon met lewenskwellinge en skrik wat in die nag van oordeel uitloop op die dood.

Farao het gevra: "Wie is die HERE?" Die HERE het in woord en daad aan hom laat sien dat Hy sy woord altyd gestand doen, selfs teen die felste aanslag om sy voorneme te verydel. Hy spreek en dit gebeur! Hy is nie kragteloos om te red nie; sy arm nie te kort om te verlos nie!

Hoewel die laaste stuiptrekkings van die bose magte in die agtervolging van Israel tot by die Rooisee nog beskryf sal word, verskuif die aandag van die verhaal van die verset van die vyande nou na hoe Israel verlos en na die beloofde land uitgelei is.

Die verhaal oor die verlossing as sodanig begin met die nag van oordeel, met die gejammer wat oor die hele Egipte uit elke huis behalwe die van die Israeliete opgestyg het. Die Israeliete was besig om hulle gereed te maak vir die vertrek uit die slawehuis. Die vertrek sou egter vooraf gegaan word deur die finale magsdaad van die HERE in Egipte — die dood van die eersgeborenes. Om gereed te wees vir die vertrek; tewens, om te kon vertrek, moes Israel terdeë ag gee op wat sou gebeur. Die oordeel kom! Hulle moes eers onder die oordeel uit voordat hulle kon vertrek. Nou is dit opvallend dat Israel self geen verweer teen die oordeel het nie. Hulle hoor net dat die HERE omtrent middernag dwarsdeur Egipte sal trek. "Dan sal al die eersgeborenes in Egipteland sterwe, ..." Ook Israel is in Egipteland! Ook die kerk, oogappel van die HERE, is in die wêreld wat ten dode opgeskryf is! Sou die oordeel dan die einde van die vyande van die HERE wees, maar ook die verydeling van sy eie voorneme? Die antwoord op die bange vraag gee Hyself in die vorm van 'n bevel: "En neem 'n bossie hisop ..." Die bevel rus weer op 'n ander bevel, naamlik om 'n lam sonder gebrek te neem en te slag. Die bloed moet in 'n skottel opgevang word. Van die bloed in die skottel moes aan die bodrumpel en aan die twee deurposte "met 'n bossie hisop" gestryk word. So sou die deure van die Israelitiese huise daardie nag elkeen 'n bloedpoort vorm. Niemand mag die nag by die bloedpoort uitgaan nie. "Want die HERE sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien ... sal die HERE by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie."

Met die aankondiging van die oordeel oor Egipte sowel as die bevel met die belofte aan Israel, het die HERE ook ten behoeve van sy kerk van die toekoms die sluier wat daar hang oor hoe Hy sy ewige voorneme uitvoer, opgelig. Hy laat ons sien hoe sy toom van die hemel af geopenbaar word "oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk . . ." "Hy bring ons ook so vlak voor die voleinding, voor die groot dag van sy toom as "die uur van sy oordeel gekom het." In die geskiedenis, in die gebeure van elke dag — so skerp die Heilige Gees ons dit hier in — moet die wêreld en die kerk in die wêreld, rekening hou met die tydelike en ewige oordeel van God! Iets waarvan die wêreld niks wil weet nie! Iets wat selfs die kerk ook besig is om uit die gesigsveld te verloor. Die hedendaagse predikers wil *aktueel* wees. Hulle wil die mense leer om gelukkig te lewe; hoe die liewe Jesus die wat Hom aanneem, vrywaar van teenspoed en lyde; hoe Hy vrede op aarde bring, mense in een gelukkige gemeenskap saamsnoer. Hulle vestig uitsluitlik alle hoop vir hierdie lewe op Christus. Oordeel pas nie in die prediking of toekomsverwachting nie! Daarteenoor roep die Heilige Gees in ons teksgedeelte uit: "Die oordeel kom!" Ja, dit wat Moses deur die oudstes

aangaande die oordeel aan Israel moes preek, gryp vooruit op die preek van Johannes die Doper in die woestyn toe hy aangekondig het dat Hy wat na hom sou kom, se skop in sy hand is: "En Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand." Nie net die vyand moet met die oordeel rekening hou nie, maar ook die kerk. Want dit is nie vanselfsprekend dat elkeen wat sê: "Here Here", veilig onder die oordeel uit na die beloofde land sal trek nie. Luister na die bevel: "Neem 'n bossie hisop en stryk . . . van die bloed aan ..." Die belofte om onder die oordeel uit te kan trek, vereis gehoorsaamheid aan die bevel — geloof eerstens in die Woord van die HERE. Elkeen moet aanvaar Hy verlos onder die oordeel uit alleen waar die bloedpoort is! Elke Israeliet wat die nag sou meetrek, moes skuil agter die bloedpoort teen die verderwer. En elke Israeliet kon alleen deur die bloedpoort heen die beloofde land tegemoet trek.

Dit alleen omdat die HERE so sê! Wie Hy na sy voorneme roep, maak sy roeping en verkiesing alleen deur volledige oorgawe aan en vertrou op die HERE en sy Woord vas. Gelowig skuil hy dan agter die bloedpoort teen die oordeel en gelowig trek hy deur die bloedpoort heen die nuwe lewe by die HERE tegemoet. Wie nie geglo het en nie die lam geslag, die bossie hisop geneem en bloed aan die deursnyer gesmeer het nie, het saam met die Egiptenare daardie nag in die oordeel ondergegaan!

Vir ons redding in tyd en ewigheid is ons net op die HERE aangewys. Deur sy Woord alleen wys Hy die weg van verlossing aan en aan die Woord alleen moet ons vashou. Ons moet luister, by Hom hoor *dat* Hy en *hoe* Hy verlos, en daarop vertrou. Ons moet die oue mens kruisig wat twyfel wek en ander verlossingsweë wil voorskryf, soos Petrus gedoen het toe hy die lydensweg van Jesus wou verhoed. Ons moet kom tot die kinderlike gehoorsaamheid en onderwerping om rustig agter die bloedpoort te skuil, versekerd dat die verderwer sparend sal verbygaan, terwyl ons gereed is om deur die bloedpoort heen agter die HERE aan te trek.

Die bloedpoort! Sonder die geslagte lam egter geen bloedpoort nie!

'n Lam sonder gebrek — aanneemlik vir die HERE as offer — is geslag. Die offer waardeur die offeraar volgens die Skrif met God versoen word. Daarom moes die bloed van die lam aan die kosyne met 'n bossie hisop gestryk word. Aan die hisopplant is reinigingseienskappe toegeskryf en so is die hisop hier sinnebeeld van reiniging: die wegneem van sondes, sondevergiftig. Alleen dus die wie se sonde vergeef is deur die offer wat die HERE voorskryf en behaag, is veilig as die verderwer verbygaan met die tydelike en eindelik met die ewige oordeel! Veilig nou, soos Israel in Gosen was toe Hy met sy waarskuwende nege plae begin het, maar ook veilig in die eindoordeel soos Israel verskuil was agter die bloed van die lam daardie nag!

Die lam van daardie nag en later in die geskiedenis deur die herdenking van daardie nag, sê die Here self in sy Woord, het heengewys na die Lam van God, Jesus, die Christus, wat vir ons tot sondegemaak is en gesterf het. Sy bloed is gestort tot 'n volkome versoening van al ons sondes en 'n volkome verlossing uit die heerskappy van die duiwel. Hy eis dus meer as net totale onderwerping aan sy Woord, wat tegelyk 'n bevel en 'n belofte is. Hy eis deur die bevel en belofte aan Israel die geloof in die besondere Woord wat vlees geword en vir ons tot sonde gemaak is. Hy, Jesus die Christus, is die Bloedpoort agter wie u en ek skuil teen die verderwer wat die regverdige toorn van God op die wêreld laat neerkom, ook teen die regverdige toorn van God wat neerkom op die sondes van die kerk, van ons elkeen persoonlik! En Hy is die Bloedpoort deur wie ons die vryheid van die kinders van God, die nuwe lewe, instap! Israel moes die pasga met skoene aan die voete en staf in die hand agter die bloedpoort vier. Gereed om te trek. Wie deur die bloed van Jesus vrykom van die toorn van God, raak ook vry van die slawerny van Satan. Wie deur die verderwer oorgeslaan word, is vry om agter Jesus op die nuwe en lewende weg aan te gaan.

En so, geliefde gemeente, het die HERE aan ons reeds deur die verkiesing van Abraham en die verwerkliking van die belofte aan hom in die verlossing van Israel uit Egipte, getoon hoe Hy almal wat Hy na sy voorneme roep, langs die weg lei waarop die geloof in

Jesus Christus, die Lam van God, wat geslag is tot 'n versoening van al ons sondes, met krag moet deurbreek. Die regverdige sal deur die geloof alleen lewe.

Amen.

12. Die eiendom van die Here deur die bloed van die Lam

LEES: Eksodus 13:1-16

TEKS: Eksodus 13:2 en 3

SING: Pss. 126:1 en 2; 119:63; 40:3 en 4; 45:1, 9 en 10

Die vorige hoofstuk het verhaal hoe Israel agter die bloedpoort teen die oordeel beveilig is om, na die oordeel, 'n nuwe lewe daardeur in te gaan. "En op daardie selfde dag het die HERE die kinders van Israel, volgens hulle leërafdelings, uit Egipteland uitgelei". 'n Mens sou verwag dat daar dadelik voortgegaan word met die beskrywing van die trek, soos dit wel vanaf vers 17 gebeur. Onverwags word die verhaal onderbreek met 'n noukeurige weergawe van die wet van die eersgeborenes. "Heilig al die eersgeborenes... dit is myne." Die eersgeborenes — onder mense sowel as diere — moes geheilig, dit is, afgesonder word omdat hulle aan die HERE behoort. In vers 15 lê Hy die woorde in die mond van vaders wat later op die vraag van hulle seuns na die betekenis van die heiliging van die eersgeborenes, moes antwoord. Aan die kinders word dan gesê dat die eersgeborenes 'n offer aan die HERE is om die dood van die eersgeborenes in Egipte te gedenk. Dit moes die volk gedurig daaraan herinner en laat erken: ' "Die HERE het julle deur 'n sterke hand hiervandaan uitgelei..." Deur die oordeel heen is hulle van agter die bloedpoort uitgelei; terwyl daar in Egipte 'n gejammer oor die dood van alle eersgeborenes onder sowel mense as diere was, kon hulle jubelend met hulle gespaarde eersgeborenes op 'n nuwe en lewende weg uittrek. Die heiliging van die eersgeborenes is volgens die verklaring van die HERE self in vers 15 'n dankoffer aan Hom. Daarom moes wat onder die diere Hom nie behaag nie, losgekoop word. Hy wou ook geen mense offer hê nie, "en al die eersgeborenes van mense onder jou seuns moet jy loskoop."

Lees mens die wet van die eersgeborenes egter in die lig van die feit dat die eersgeborenes verteenwoordigend van die hele geslag is, kry die offer van die eersgeborenes 'n dieper betekenis as 'n blote dankoffer. Dit is ook 'n erkenning: eerstens dat die eersgeborene uit die hand van die HERE ontvang is en daarom aan Hom behoort. In die sin is die eersgeborenes wat geoffer is, ook 'n brandoffer waardeur die eersgeborenes openlik aan Hom gegee en in sy diens verteer word. Tegelyk gee die offeraar homself en sy hele geslag in die eersgeborene aan die HERE. Ook sy eiendom, die diere, behoort aan Hom. Die offer van die eersgeborenes is ten diepste 'n belydenis van die offeraar dat hy met alles wat hy het, aan die HERE behoort.

Vandaar dat die mededeling oor die wet van die eersgeborenes inbreuk maak op die logiese voortsetting van die verhaal. Israel wat van agter die bloedpoort en daardeur trek op die nuwe weg, moet voor alles besef dat hulle nie meer aan Farao behoort nie, en na die verlossing nie aan hulle self nie, maar wel aan die HERE! Hulle is deur die bloed van die paaslam gekoop!

Hy is hulle Here — "Die Here is God, erken dat Hy 'n eie volk vir Hom berei, 'n volk om Hom te dien en vrees ..." Heilig, afgesonder vir sy diens. Wie deur die bloedpoort deurgaen is vir die Here geheilig; gekoop deur die bloed van 'n lam sonder gebrek!



"Verder het Moses aan die volk gesê: Dink aan hierdie dag . . . want die HERE het julle deur 'n sterke hand hiervandaan uitgelei. Daarom mag geen gesuurde brood geëet word nie". Geen gesuurde brood nie? Wat sou dit beteken? Voor-die-hand-liggend het die ongesuurde brode eerstens herinner aan die verdrukking, die onsmaklike lewe in Egipte. Tweedens moes dit 'n herinnering wees aan die verrassende van hulle verlossing. So haastig moes hulle trek dat daar geen tyd vir behoorlike voorbereiding was nie. Hulle het nog gedink dat Farao hulle tog nooit sal laat trek nie, toe dryf hy hulle as 't ware uit! Daar was nie tyd om deeg vir die brood in te suur en te bak nie. Die deeg moes net so geneem en op reis gaargemaak word — sonder suurdeeg. "En jy moet jou seun op die dag (waarop die fees van die ongesuurde brode gevier word) vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat die HERE aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het". "Toe God

uit smaad en slawerny ons uit gevangenskap wou lei, was dit vir ons . . . net soos 'n blye droom gewees." (Ps. 126:1 ber.).

Die fees van die ongesuurde brode het egter ook die dieper betekenis gehad dat die haastige breuk met Egipte ook 'n breuk was met die heidense, sondige omgewing wat Israel se lewe as volk van die HERE bedreig het. Die heidense gedagtegang en lewenswyse het soos 'n suurdeeg in die denke en lewe van Israel in Egipte deurgewerk. Dit het van hulle ook afgodedienaars gemaak. En as hulle so haastig die land uitgelei word, word hulle uit die heidense denk- en leef-wêreld uitgeruk om in 'n lewe in diens van die HERE afgesonder te word. Die sonde wat soos 'n suurdeeg alles deurtrek, is agtergelaat — die volk wat Hy na sy voorneme roep is syne! Hulle kom deur die bloedpoort na Hom toe; aan Hom toegewy moet hulle die lewe wat hulle voortaan leef, vir Hom leef! Hulle moet die sonde haat en ontvlug. Wie nog heul met die sonde, nog suurdeeg in die huis het, hoort nie tuis onder die volk van God nie! Die wat Hy na sy voorneme roep, is vir Hom heilig — hulle moet 'n volkome offer aan Hom wees, na liggaam en siel. En dit is ons — die kerk — in Jesus Christus, die eersgebore Seun van die Vader. Hy het Homself sy ganse lewe op aarde as die volkome offer in ons plek gegee toe Hy net die wil van die Vader wat Hom gestuur het, gedoen het. Ons is saam met Hom in die dood begrawe en het saam met Hom in 'n nuwe lewe opgestaan. Die God en Vader van onse HERE Jesus Christus het na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode (1 Petr. 1:3).

Die wat geroep is en skuil agter die Bloedpoort en daardeur trek, is daarom geroep tot heiligmaking. Ons behoort met siel en liggaam aan die HERE. Wie dus nog heul met die sonde, vertrap die bloed van die versoening en loën die Here Jesus. Daar mag geen suurdeeg by jou gesien word nie. Die siel wat nog die werk van ongeregtigheid doen, moet uit die midde van God se uitgeroepde volk, die kerk, uitgeroei word. Ons behoort aan die Here; ons is vir Hom geheilig in Christus Jesus deur die werking van die Heilige Gees en kan daarom nie in dieselfde juk as die goddelose trek nie. Geroep tot heiligmaking moet ons heilig wees!

Amen.

13. Hy wat verkies en roep, sorg self dat die roeping en verkiesing vasgemaak word

LEES: Eksodus 13: 17-22

TEKS: Eksodus 13:21

SING: Pss. 93:1 en 4; 9:5 en 7; 42:5; 33:10 en 11

'n Byna terloopse verduideliking waarom Israel nie met die kortpad na die beloofde land trek nie, maar met 'n omweg, vestig weer eens die aandag op die manier waarop die HERE die verkiesing verwerklik. In die gebeure met Israel in Egipte, hulle verlossing en die vertrek daarna en op reis, ontvou die werk van die HERE stap vir stap terwyl Hy besig is om die kerk sy woonplek op aarde te maak. Ons sien hoe Hyself die goeie werk wat Hy in ons begin, ook voleindig. Israel kom in beweging; hulle trek deur die bloedpoort heen om vry van die slawebande 'n nuwe toekoms in te gaan. Hulle gaan, maar "die HERE het voor hulle uitgetrek ..."

Noukeurig verhaal die Heilige Gees deur Moses dat die verlossing nie afgehandel is toe Farao se mag gebreek en hy verplig was om hulle te laat trek nie. Na die verlossing is hulle nie aan hulleself oorgelaat nie. Toe hulle trek, was Hy ook nog in beheer. Hy het "hulle nie op die pad na die land van die Filistyne gelei nie, alhoewel dit nader was." Hy ken hulle en weet dat as hulle na 'n paar dagreise die oorlogsugtige Filistyne teenkom, sou hulle moed hulle begewe en sou hulle halsoorkop teruggaan na Egipte. Hulle was nog nie opgewasse teen, of selfs bewus van wat alles op hulle wag voordat hulle die beloofde land sou binnegaan nie. Aan hulle self oorgelaat, sou hulle die hele voorneme van die HERE verydel het. Daar sou niks van kom nie. Hulle moet langs 'n ander weg gelei word om te kon volhou en die beloofde bestemming te bereik. Hierdie pad waarop die HERE hulle lei om wel hulle bestemming te kon bereik, was egter ook nie 'n maklike pad nie. Hy het "die volk laat wegdraai in die rigting van die woestyn, na die Skelfsee toe." Dit is nog 'n moeilike pad! Die pad deur die barre woestyn sou ook nog alles van hulle eis. Honger en dors sou hulle bedreig. Die gevaar dat Farao hulle op die pad maklik kon inhaal, was nie denkbeeldig nie. Ook teen die einde van die reis sou hulle met die vyandskap van die volke deur of langs wie se gebied hulle moes trek, te doen kry. Dit en ander gevare kon nie gering geag word nie, maar tog sou die langer en nog gevaarlike pad 'n veiliger pad vir hulle wees. Dit het hulle seker nie self geweet nie; hulle was inteendeel seker verbaas toe hulle in die rigting van die woestyn gelei is en sou inderdaad gou die verwydte laat hoor en vir Moses sê: "Het u, omdat daar in Egipte glad geen grafte is nie, ons saamgeneem om in die woestyn te sterwe?"

Self sou Israel nie die pad "in die rigting na die woestyn" gekies het nie. Maar hulle het geen keuse gehad nie! "En die HERE het voor hulle uitgetrek ..." Hy, die God wat nooit aan sy woord ontrou is nie, het hulle beloof dat Hy hulle "na 'n goeie en wye land, na 'n land wat oorloop van melk en heuning ..." sou laat optrek. Hyself sou sorg dat sy hele voorneme met hulle uitgevoer word. Daarom het Hy nie net die verset van Farao teen hulle vertrek verbreek en gesê nie: "Nou toe, julle is nou vry en op pad na die beloofde land; sorg self dat julle daar kom!" Nee, Hy het self voor hulle uitgetrek! Hy laat die uitkoms van die verkiesing en roeping nie oor aan die wat Hy verkies en roep nie. Hy self sorg dat die roeping en verkiesing vasgemaak word! Wat 'n magtige vertroosting is die werklikheid vir "al die geliefdes van God, geroepe heiliges!" Dit is tog so moeilik om die roeping waardig te wees. Ons is swak, vlees en bloed. As dit van onself afhang, sal ons die een oomblik uitroep: "Ek glo Here!" Een oomblik die slawebande van Satan wat deur ons Borg en Middelaar verbreek is, afskud om as sy eiendom die lewe wat ons leef vir Hom te leef. Die ander oomblik wanneer die magte van die hel alle krag ontplooi om die prooi wat uit hulle kloue geruk is, weer in te haal, skrik ons, en klein van moed en swak van kragte gaan ons maar weer gedwee onder die heerskappy van Satan voort! Maar nou, nou gaan die HERE voor ons uit! Hy lei ons op die pad na die beloofde land, na die ewige heerlikheid op die nuwe aarde onder die nuwe hemel. Hy self sê deur die apostel Petrus dat Hy "na sy grote barmhartigheid aan ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n

lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd (1 Petr 1:3-5)." Hy sorg dat ons die geloof behou ten spyte van alle aanvalle van Satan — hetsy uiterlik deur liggaamlike aanvalle in alle vorme van geloofsvervolging; hetsy innerlike aanvalle in versoekinge of aanvegtinge. Hy lei ons so dat ons nie bo ons kragte versoek sal word nie! Hy laat ons wegdraai van wat vir ons na die maklike pad lyk, terwyl dit in werklikheid 'n dodelik gevaarlike pad is; en Hy lei ons selfs teen ons sin op 'n pad deur die woestyn, nog vol gevare, maar gevare wat nie ons erfenis buite bereik stel nie. Ons verheug ons egter in die feit dat die HERE voor ons uittrek. Hy is ons Herder, niks sal ons ontbreek nie. "Daarin verheug julle jul, al word julle nou — as dit nodig is — 'n kort tydjie beproef onder allerhande beproewinge (1 Petr 1:6)."

Dit is reeds vir ons 'n oorweldigende troos dat die HERE voor die wat Hy roep, uittrek en dat Hy so lei dat die beloofde erfenis ons nie sal ontglip nie, maar dat ons in die vreugde van die Here op die nuwe aarde sal ingaan. Dit bly egter nie by hierdie algemene versekering dat die HERE ons Herder is nie. Die Heilige Gees laat ons ook deur ons teks 'n insig kry presies wat ons van die leiding van die HERE kan verwag. "En die HERE het voor hulle uitgetrek, bedags in 'n wolkkolom om hulle op die pad te lei, en snags in 'n vuurkolom om hulle voor te lig, sodat hulle dag en nag kon trek." Die wolk- en vuurkolom is eerstens sigbare tekens dat die HERE voor hulle uitgaan. Die rigting waarin die wolk bedags gedryf en die vuurkolom snags beweeg het, het die presiese koers aangewys wat hulle moes inslaan. Die wolk het egter ook die versengende strale van die woestynson getemper sodat die reis vir hulle nie te veel sou word nie. Snags het die vuurkolom die duisternis verdryf, die gevare en struikelblokke op die pad duidelik laat uitstaan. So het die twee tekens duidelik laat uitkom dat die HERE nie net die koers aanwys nie, maar Hy maak dit ook moontlik om op die koers te bly. Hy lei hulle nie net op 'n pad waarop die moed hulle nie dadelik sal begewe nie, maar sorg ook dat hulle op die pad wat Hy hulle lei, die krag sal behou om agter Hom aan te trek. Ook sorg Hy dat die gevare hulle nie kan verras en oorrumpel nie. Hy laat die lig van Hom afstraal sodat elke struikelblok vermy of oorkom kan word. Deur hierdie tekens het die HERE reeds destyds aan Israel presies dieselfde gesê as aan ons in Openbaring 7 waar die engel met die seël van die lewende God met 'n groot stem geroep het "na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig, en gesê: Moenie die aarde of die see of bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie." Op die pad wat Hy ons lei beveilig Hy ons teen die gevare sodat ons krag ons nie sal begewe nie. Die wolk breek die venyn van die son terwyl moesaam deur die sware woestynsand gestrompel word. Die kragte raak nie uitgeput nie. Wanneer die samelewing al hoe meer elke gebod van God opsyskuif en minagtend in wellus en hebsug voortvaar, en dit onmoontlik lyk om nog te vra na die insettinge van die HERE en dit in ons persoonlike handel en wandel toe te pas, of om ons kinders so op te voed dat hulle eerbied vir die HERE en sy gebooe het, beveel Hy nie net dat ons desondanks op die geloofsweg moet voortgaan nie. Hy temper ook die aanval op ons en op die verbondsjeug só dat ons en hulle kan volhard! Ja, Hy verlig die oë van ons verstand dat ons die listige en gevaarlike planne van Satan in versoekinge en aanvegtinge kan raaksien. Hy gee dan op die gelowige gebed die krag en wysheid om weerstand te bied, selfs ten bloede toe! Hy oefen in ons wat glo, sy geweldige groot krag uit. Dit is dieselfde krag "wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, . . ." (Ef. 1:19, 20). Hy laat sy genade vir ons genoeg wees en volbring sy krag in ons swakheid (2 Kor. 12:9)! Niks sal ons ontbreek nie, — krag, moed, wysheid, volharding, onderskeidingsvermoë — ja, alles wat nodig is om ons kruis op te neem en agter Jesus aan te gaan, gee Hy aan ons. Hy trek nie net voor ons uit op die nuwe en lewende weg nie. Hy laat ook in die wolkkolom en vuurkolom sien dat Hy ons op die pad waarop Hy lei, laat volhard. Let nou op dat, alhoewel die HERE voor Israel uitgetrek het, en alhoewel Hy hulle op die pad onder die wolk en vuurkolom deur laat volhard, laat Hy hulle ook nog "goed gewapen" of soos dit

eintlik in die oorspronklike staan, "in rye van vyf", dit is, goed georden, trek. Elkeen het nie maar sy eie koers kon gaan nie. Oordel, as 'n eenheid moes hulle trek om mekaar tot hulp en ook weerbaar te wees. En met hierdie weergawe word met Israel as voorbeeld reeds die noodsaaklikheid van die kerklike ordening aan ons voorgehou. Die Here roep en vergader sy kerk om hulle op die nuwe en lewende weg voor te gaan, hulle te beskerm en te laat volhard. En hy doen dit ook deur hulle tot bystand en weerbaarheid op mekaar aan te wys. Wie meen om die geloofspad alleen aan te durf, los van die geroepe en so vergaderde volk van God — die kerk — sal spoedig agterkom hy of sy is 'n skaap verlore in die wildernis verdwaal. Die HERE voer sy voorneme uit van begin tot end, maar Hy beveel tog hier, en elders onder andere deur die apostel Paulus, dat ons ons eie heil "met vrees en bewing" moet uitwerk; "want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehag" (Fil. 2:12 en 13).

Amen.

14. Beskamende ongeloof

LEES: Eksodus 14

TEKS: Eksodus 14:10 en 15

SING: Pss. 46:1,2; 7:1; Skrifb. 24:1 en 2; Ps. 31:17 en 18

"Toe Farao naby kom . . . het hulle baie bang geword." Natuurlik!

'n Groot menigte, wel goed georden, maar vir oorlog nog glad nie voorberei of toegerus nie! Duisende vroue en kinders, ongeoefende manne, veetroppe; hoe kon so 'n sameraapsel teen die goedgewapende Egiptiese ruitery, gesteun deur strydwaens, opweeg?

Boonop het die woestyn hulle ingesluit, en met bergreekse na die binneland en die see voor hulle, was daar geen manier om die aanstormende leër van Farao te ontwyk nie! Vasgekeer! Tot die ontnugtering kom die Israëliete op die eerste tree van hulle roepingsweg! 'n Maklike prooi vir die vyand! Farao sal tog op die ou end wen! Natuurlik het hulle baie bang geword. En natuurlik "het die kinders van Israel tot die HERE geroep." Wat kon hulle anders doen? Hulle was immers die verbondsvolk, die kerk van die Here, wat vasgekeer was. Hulle moes bid! Let egter op hoe hulle geroep het. Dit was geen ootmoedige gebed uit die hart van 'n verskrikte kindjie wat die vader vasgryp nie en sê: "Vader, u het geroep en beveel en ek het geluister. Nou is alles nag, donker nag, om my heen". Dit was nie die eenvoudige smeking dat Hy wat hulle met 'n sterk hand uit Egipte gelei het en in die wolk- en vuurkolom voor hulle uittrek ooreenkomstig sy belofte, hulle weer met 'n sterk hand moet verlos nie! Dit was nie die vertrouensroep van 'n volk wat kort te vore nog gesien het hoe magteloos Farao en sy afgode in die hand van die Almagtige God, hulle HERE, moes spartel en hoe Hy hulle triomfantlik van agter en deur die bloedpoort heen as 't ware oor die vyand laat loop het nie! Nee, hulle was so bang dat dit was asof al hierdie dinge, op daardie oomblik toe hulle Farao sien naderkom het, nooit gebeur het en nou van geen betekenis meer vir hulle was nie. Hulle spreek Moses dan in hulle angs aan, maar hulle weet tog diep in hulle harte dat hulle eintlik 'n brutale en sarkastiese verwyd teen die HERE geslinger het. "Het u omdat daar in Egipte glad geen grafte is nie, ons saamgeneem om in die woestyn te sterwe?" Tewens, hulle beroep hulle nou vir hulle brutaliteit op 'n reeds vroeër beskamende ongeloofsuitspraak toe hulle vanweë verswaarde diens geweier het om te trek! "Laat ons met rus, dat ons die Egiptenare kan dien. Want dit is beter vir ons om die Egiptenare te dien as om in die woestyn te sterwe." Eintlik sê hulle dat die HERE nie by magte is om te voleindig wat Hy begin het nie. Hy moes eintlik nooit begin het om sy verkiesing te probeer werklikheid maak nie!

So diep kan, en het wat Israel betref, die geroepe heiliges in ongeloof verstrik geraak op die geloofsweg. En wat hierdie ongeloof nog verskrikliker maak is dat hulle wel geweet het waarom hulle op die besondere pad, wat hulle nou as 'n doodspad sien, gelei is. Juis omdat die HERE die wat Hy na sy voorneme roep, ken, lei Hy hulle langs wonderlike paaie. Juis dat dit nie 'n doodlooppad sal wees nie, lei hy ons so dat geen struikelblok vir ons onoorkomelik en dat geen versoeking bo ons kragte sal wees nie! Hy sê dit oor en oor aan ons in sy Woord. En aan Israel het Hy deur Moses vooraf laat weet waarom hulle in daardie benarde posisie sou kom. Die pad waarop Israel gelei is, sou Farao laat dink dat hulle verdwaal het. Oormoedig sou hy hulle dan agterna sit "en Ek wil My aan Farao en sy hele leërmag verheerlik, en die Egiptenare sal weet dat Ek die HERE is."

Die Here jaag sy kinders nie blindelings voort om die vyand op 'n gevaarlike en onbekende pad te trotseer nie. Dit is waar: sy weë is nie ons weë en sy gedagtes nie ons gedagtes nie. Ons weet en kan nie alles deurgrond wat Hy doen nie. Maar soos Israel geweet het dat Hy dink aan sy verkiesing en verbond en dat Hy die HERE is, so het Hy Hom ook in Jesus Christus aan ons geopenbaar. "Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, en sy werk altyd getrou vir wie wandel in sy waarheid en op sy beloftes bou" (Ps. 25:5). Ons weet dit, en ons moet sy Woord aanvaar as waarheid en daarop vertrou. Dit is

geloof en die geloof raak ook by ons dikwels heeltemal weg as ons meen dat die bese magte ons vasgekeer het. Dan vergeet ons dat Jesus gesê het: "Stry hard om in te gaan." En reeds vroeër is gesê dat die slang die saad van die vrou in die hakskeen sal byt. Hy sal jou laat struikel in jou gang maar nie so dat jy ondergaan nie. Versoeking, aanvegting, dodelike vervolging, dit is en sal altyd erg wees. Die swaar tye waarvan Paulus praat in 2 Tim. 3 wanneer "die liefhebbers van hulleself, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ..." die strydende gelowiges so vaskeer dat daar geen uitkoms moontlik blyk nie, is reeds daar. Ons moet egter volhard op die pad waarop Hy ons in Christus geplaas het en vertrou dat Hy wat Hom uit die dode opgewek het, ons nooit sal laat ondergaan nie. Maar vlees en bloed wat ons is, het ons vandag in die geestelike swaar tye wat ons beleef, al so bang geword dat ons in moedeloosheid wil oorgee aan die wêreld. Angsvallig probeer baie op 'n wêreldse manier red wat te redde is. Die kerk word 'n bedryf; die ampsbekleders word bedryfsleiers gemaak om aan die grootdoenerige mens se eise te voldoen en om dit as 'n bedryf glad en suksesvol te laat verloop! Daartoe kom kerkmense, verbondskinders, wat baie bang word vir die magsopenbaring van die Satan! En met die houding word 'n verwyte teen ons Here geslinger dat Hy sy Woord nie gestand doen of kan doen nie. "Wat het u ons nou aangedoen, dat u ons uit Egipte uitgelei het?" U het vir ons die bestaan in die wêreld deur die roeping onmoontlik gemaak! Tot watter sondige dieptes daal en kan die kerk, die verbondsvolk, nie daal nie! Hoe erg kan en sondig ons nie! En dit nie omdat Hy ons bo ons kragte beproef nie. Hy het ook aan ons vooruit gesê dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. So erg, dat, sou hy die dae nie verkort nie, "sou geen vlees gered word nie, maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word . . . Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê" (Matt 24:22 en 24). Daarby het Hy die belofte gegee dat Hy die wat aan Hom behoort, nooit sal loslaat nie: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Sover kom dit dat niks van wat God in Christus gedoen het, en niks van sy Woord en beloftes enige indruk meer op ons maak nie. Dan is ons net bang om kleinmensies wat dink ons is in die steek gelaat en aan ons self oorgelaat!

Toe Israel in ongeloof sover gekom het om die HERE brutaal te verwyte, sou dit nie vreemd gewees het as Hy hulle in toom aan Farao tot ondergang oorgegee het nie. Hy doen dit egter nie. Hy weet dat ook sy uitverkore volk swak van kragte is! En bowendien het Hy aan hulle 'n middelaar gegee in Moses. Die middelaar kom dan die keer roepingstrou na vore en pleit eers by die volk: "Wees nie bevrees nie; staan vas en aanskou die verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle sal bewerk, want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie. Die HERE sal vir julle stry, en julle moet *stil* wees." Die geloof wat by Israel so diep weggesink het, breek hier met heerlike krag in Moses deur, die middelaar ten behoeve van die volk. Ook as hy roep na die HERE. Hy bid waarlik. Wat Moses presies gebid het, is nie opgeteken nie, maar waar hy die volk aan die beloftes van die HERE herinner het, kan ons met reg aflei dat hy ook by die HERE gepleit het om sy beloftes aan Israel waar te maak. En op die roep van die middelaar is die antwoord dat hy moet ophou roep! "Wat roep jy na My? Sê aan die kinders van Israel dat hulle moet wegtrek." Vanself gaan ons gedagtes nou na wat die Heilige Gees so troosryk aan ons in die Hebreërbrief sê: ". . . let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus, wat getrou was aan Hom wat Hom aangestel het, net soos Moses ook in sy hele huis. Want Hy is meer heerlikheid waardig as Moses . . . (3:1-3). . . Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie met ons swakhede medelyde kan hê nie . . . laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word" (4:15 en 16).

Op die regte tyd gehelp! Só word dit ons ook voorgeteken deur die Heilige Gees in die gebeure met die vasgekeerde Israel. "Die Engel van God", dit is blykens wat Hyself deur die Apostel Paulus sê in 1 Korintiërs 10; die Seun wat vlees sou word, "wat voor die leer van Israel uitgetrek het, het daar weggegaan en agter hulle aangetrek. En die wolkkolom het ook voor hulle weggetrek en agter hulle gaan staan." "Hy was 'n muur tussen hulle en hulle agtervolgers." Vir Farao en sy leer was dit donker; hulle kon nie naby Israel kom nie en vir Israel was dit lig; hulle kon voorttrek. Voort deur die see wat

op bevel van die HERE geklief is! Hulle kon met droë voete deur die see trek!

Met die aanbreek van die môrelik vir Farao, het ook hy die see aangedurf. Maar "in die môrewaak het die HERE ... op die leër van die Egiptenare afgekyk en . . . (hulle) in verwarring gebring." Hulle strydwaens het vasgesit; hulle perde en manskappe kon beswaarlik beweeg en toe laat die HERE sy finale oordeel in die vorm van 'n watergraf oor Farao en sy manne kom! Nie Israel is uitgedelg nie, maar God se vyand! Gedagtig aan hulle ongeloof het hulle daardie môre beskaamd aan die oorkant van die see moes staan! Hulle het gesê dat Hy hulle in die woestyn sou laat omkom, en Hy het in sy erbarming nie met hulle na hulle ongeloof gehandel nie! Hy het hulle roemryk uitgered op die voorbede van die middelaar en om Sy grote Naam ontwil.

Ons verdien deur ons ongeloof ondergang in die stryd op die geloofsweg. Maar, o gemeente, hoe goed is die HERE nie vir die wat Hy na sy voorneme roep nie! Onse Here Jesus Christus sluit ons van agter en voor in sodat nog die vyand van agter, nog die struikelblokke van voor ons op ons roepingsweg kan stuit! Hy het aan ons wat biddeloos geskrik is, en wat moedeloos dit waag om Hom te verwyte, in sy genade en trou die Middelaar gegee wat veel groter as Moses is, en aan sy regterhand sit en ook vir ons bid!

Hy beantwoord ons ontrou en sonde met die voorbidding van ons Borg en Middelaar. En op sy gebed beveel Hy ons: "Trek weg, gaan voort op die roepingsweg." "Die HERE sal vir julle stry, en julle moet stil wees."

So sal Hy ons dan, as sy antwoord op die gebed van ons middelaar ook daartoe bring om weer uit ons angs te breek; ja, om die Here te vrees en te glo in die HERE en onse Here Jesus Christus.

Amen.

15. Die jubelende belydenis van 'n beskaamde kerk

LEES: Eksodus 15

TEKS: Eksodus 15:3

SING: Pss 68:1 en 2; 25:1; 2:1 en 2; 42:3

"Die HERE is 'n krygsman, HERE is sy naam." Die woorde is 'n kernagtige samevatting van die lied waarmee Moses die Israeliete op die strand van die Skelfsee, voorgegaan het.

Die volk was kort te vore baie bang toe hulle die leërmag van Farao sien naderkom het. Hulle het 'n klaaglied laat hoor. 'n Lied waarin wanhoopsklanke deurgeslaan het, is gehoor in die spotvraag: "Het u, omdat daar in Egipte glad geen grafte is nie, ons saamgeneem om in die woestyn te sterwe?" Die ongeloof waaruit wanhoop gebore word, dring nog sterker na vore in die verwyt: "Wat het U ons nou aangedoen, dat U ons uit Egipte uitgelei het?" En die ongeloof laat hulle dan 'n finale uitsiglose stelling in dowwe tone uitkras: " . . .dit is beter vir ons om die Egiptenare te dien as om in die woestyn te sterwe."

Nou moet hulle 'n nuwe lied sing; 'n loflied waarin hulle eerstens bely: "die HERE is 'n krygsman" of soos die nuutste vertaling die oorspronklike weergee: "Die HERE is oorwinnaar in die stryd ..." Israel het met verwondering die einde van Farao gesien. Hy het in oormoed tot op die laaste afgestorm op die volk wat die HERE na sy voorneme geroep het. En so, leer die Heilige Gees ons in hierdie geskiedenis, sal die goddelose wetteloses deur die eeue heen, maar veral aan die einde, op die kerk van die Here afstorm; 'n stormloop wat ook in Psalm 2 beskryf word. Ons ervaar die bestorming vandag in toenemende felheid veral in versoekinge en innerlike aanvegtinge. Alles is daarop toegespits om die leuen van Satan tot die enigste uitgangspunt in ons beskouings oor die persoonlike lewe sowel as die oor die samelewing te maak. Wat die mens voorskryf as lewensdoel en die manier waarop die doel bereik moet word, sal hy ook self bepaal. Hy het God nie nodig nie. En, geliefde gemeente, die leuen word so selfversekerd en met soveel krag en sogenaamde bewyse as die waarheid voorgehou, dat dit al 'n algemene lewensbeskouing geword het. Dit is vandag eintlik vanselfsprekend dat die mens van alles die middelpunt is en dat alles om die mens se begeertes en planne draai. Selfs die lewensbeskouing van die Christen word hierby aangepas in die sin dat godsdienste en die kerk alleen nog 'n plek en betekenis het in die menslike samelewing as dit dien om die mens se ideale werklikheid te laat word. En hierdie poging om ons sover te kry om uit die leuen van Satan te lewe is nog maar die voorloper van die optrede van die valse profeet en die Antichris wat alle lewensmiddele van die wat die merk van die dier of die getal van sy naam nie het nie, sal weerhou. Die aanslag wat reeds die beeld van die komende Antichris al hoe duideliker laat vorm aanneem, laat ook in ons hart die klaaglied, gebore uit die ongeloof wat gewek word deur die magsopenbaring van die bese magte, opklim. Maar Hy wat in die hemel woon, sal lag. Hy spot met die bese magte wat ons so benoud maak. "Hy het Farao se strydwaens en sy leërmag in die see gewerp. En sy beste vegsmannetjies het in die Skelfsee gesink." Dit het vooruit gegryp op die geskiedenis van die kerk deur die eeue. Was dit nie ook die geval met die ondergang van Jerusalem in die tyd toe die Jode — die valse kerk — met groot woede die magtige Romeinse heersers aangehits het om die kerk uit te roei nie? Ook toe het die Here telkemale as Krygsman vir sy volk na vore getree en kon hulle soos Israel terugkyk en sien hoedat die vyand teen alle verwagtinge in op die strand lê! En toe die Romeinse keiser teen die einde van die derde eeu gemeen het dat hy op die punt was om die kerk finaal te knak, het die Here van die kerk weer eens as oorwinnaar in die stryd na vore gekom om al sy planne te verydel. In plaas dat die kerk uitgewis is, het Hy dit so beskik dat juis die optrede van die keiser om sy eie magsposisie te versterk sy ondergang beteken het en boonop aanleiding sou word dat die Christelike godsdienste enkele jare later die godsdienste van die ryk sou word!

"Die HERE is 'n krygsman . . .", het die beskaamde Israel destyds op die strand moes jubel, om ook profeties te laat sien wat die kerk in later eeue deur Johannes se oë op

Patmos gesien het. "En ek het gesien, en kyk daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog, en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as oorwinnaar en om te oorwin" (Openb. 6:2). Die Ruiter op die wit perd, onse Here Jesus Christus, is die Krygsman wat deur die eeue heen stry vir sy kerk en vir elke lid van sy kerk. Hy is die Oorwinnaar wat uiteindelik oor die dier en die valse profeet — die voormanne in die staat en die valse kerk in die finale aanslag teen die kerk aan die einde — saam met die duiwel wat die nasies verlei het in die vuurpoel wat met swawel brand, sal werp, "en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid" (Openb. 20:10).

Israel het reeds daar op die strand van die Skelfsee in hulle lied oor die HERE as krygsman, voor die oë van die kerk van alle tye afgeskilder dat dit vreeslik is om te val in die hande van die lewende God. Dit is vreeslik vir elkeen wat in verset teen God, die kerk wat Hy na sy voorneme roep, vervolg en wil doodmaak! Die Here is oorwinnaar in die stryd! Dit moet die wankelmoedige kerk vandag weet. Met beskaming moet ons in die lig van wat reeds deur die geskiedenis by die Skelfsee aan ons verseker is, onself aanspreek met die woorde van Psalm 42:3 (ber.). "O my siel, waarom onrustig? En wat buig jy jou in my? Waarom in Gods lof onlustig as die vyand jou bestry?" Die klaaglied oor die ondergang van die kerk moet vervang word met die jubellied: "Die HERE is 'n krygsman ..." Hy is Oorwinnaar in die stryd! Hy lag en spot met die bese wat sy kerk wil oorweldig!

Die jubellied van die Israeliete was in die sin ook 'n lied van verootmoediging. In ongeloof het hulle Hom verwytdat Hy nie kan voltooi wat Hy begin het nie. Nou moet hulle bely dat hulle gesondig het, dat hulle Hom nie vertrou het nie. En so is die lied van Moses wel 'n lied waarin die Here aanbid word in sy grootheid, maar ook 'n lied met die grondtoon van skuldbelydenis en verwondering. Verwonderd aanbid hulle die HERE, die Krygsman wat hulle die einde van Farao laat sien het. Die onoorwinlike in hulle oë het 'n vreeslike einde gehad onder die opgehewe hand van Hom wat oorwinnaar is in die stryd! "HERE is sy Naam." Hy is getrou en sy Woord die waarheid! Hy doen wat Hy sê.

Hy het Hom, so jubel die eens kleingelowige, ja, haas ongelowige kerk, nou in die groot daad van verlossing betoon as onse God en Vader wat sy volk in sy almagtige liefdearms oorsinnend onder die doodsdreiging van die vyand uitdra! Hy is waarlik wat Hy deur sy kneg Moses gesê het Hy is! Hy is die onveranderlike en almagtige God wat geen ydele woord spreek nie. Sy beloftes en dreiging is altyd ja en amen. Die evangelie wat Hy laat verkondig, is nooit tevergeefs nie. Daarom moet "die Woord van die prediking" by die hoorders met die geloof verenig wees — moet vir waaragtig gehou en daar moet op vertrou word! Met skaamte en tog uitbundige blydschap het Israel daar op die strand van die Skelfsee gestaan — uitbundig bly in die belydenis dat hulle God die HERE is. Hy sal regeer vir ewig en altyd. Die poort van die hel sal sy kerk nooit oorweldig nie. Omdat sy Naam HERE is, kon Moses Israel ook voorgaan om te sing van die toekomstige ondergang van al die teenstanders. "Al die inwoners van Kanaän het gebewe. Verskrikking en vrees het op hulle geval. . . terwyl u volk deurtrek wat u verwerf het." Die beloofde erfenis sal hulle sekerlik ontvang as vaste woonplek!

Dit is asof die Heilige Gees ons so deur die vooruitgryping in die lied van Moses saam met Israel op die strand van die Skelfsee, omring deur die lyke van die Egiptenare tussen die vasgevalde strydwaens en dooie perde, laat staan. Hy het hulle nie net laat sing oor sy oorwinning oor Farao nie, maar ook 'n toekomsblik op die intog in Kanaän gegee — 'n toekomsblik wat veel verder as die besetting van Kanaän strek. Dit het ook die gebeure van die kerkgeskiedenis tot aan die voleinding met die verskyning van die nuwe aarde in die gesigsveld gebring! En daarom kan ons inval by die lied van Moses terwyl ons terugkyk op wat die HERE as Krygsman reeds in die kerkgeskiedenis gedoen het en nog doen! Ten spyte van ons kleingeloof en ongeloof dra Hy ons as Krygsman van oorwinning tot oorwinning.

Hy is die HERE en dit is sy goedertierenhede dat ons nie omgekom het nie, want sy barmhartighede het geen einde nie. Hulle is elke môre nuut; sy trou is groot! In die lied roep Hy ons op om die klaaglied gebore uit ongeloof in te ruil vir die jubellied oor die

HERE, wat 'n krygsman, oorwinnaar is in die stryd; en die Onveranderlike wat nooit sy Woord ontvou is nie! Die lied bring ons uiteindelik ook na Getsémané en Gólgota, toe die vyand Jesus, die Christus, eers deur angste wou oorweldig om die werk wat die Vader Hom gegee het, te laat vaar. Hy bly egter die oorwinnaar wat die drinkbeker leegdrink. En toe al die angste van die hel hom aan die kruis laat bewe het, is Hy nogtans die Krygsman wat triomfantlik uitroep: "Dit is volbring!" Die Satan met al sy magte — versamel uit die engele- en mense-wêreld — tot sy beskikking kan nie verhoed dat die Middelaar en Borg die volk van God uit sy bereik ruk nie. Hy het die graf oopgebreek en die derde dag opgestaan om aan die lied wat op die strand van die Skelfsee gehoor is, 'n nuwe diepte te gee in die jubeling van die apostels: "Die Here het waarlik opgestaan!" met sy hemelvaart het die Here wat 'n krygsman, oorwinnaar in die stryd is, die Satan uit die hemel gegooi om met groot woede sy laaste stuiptrekkings op aarde te gee. En as Hy die duiwel wat die nasies verlei het, eenmaal in die poel van vuur en swawel gooi, waar die dier en die valse profeet is, waar hulle dag en nag gepynig sal word tot in alle ewigheid, sal die kerk wat God na sy voorneme geroep en verlos het, die lied sing "van Moses, die dienskneg van God en die lied van die Lam." En hulle sal sê: "Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, O Koning van die heiliges! Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige daade openbaar geword het" (Openb. 15:3 en 4).

En met die lied van Moses wat eenmaal sal oorgaan in die lied van die Lam, lê die Heilige Gees ons die selfvermaning in die hart en op die lippe: "Wat buig jy jou neer, o my siel, en is onrustig in my? Hoop op God; want ek sal Hom nog loof — die verlossing van sy aangesig" (Ps. 42:6).

Amen.

16. Ons daaglikse brood

LEES: Eksodus 16. (Daarby 15:22-27 en 17:1-7)

TEKS: Eksodus 16:3

SING: Pss. 126:1 en 2; 99:5; 145:9 en 12; 37:15 en 16

Israel, het verwonderd en in blye aanbidding op die strand van die Skelfsee gejubel: "Die HERE is 'n krygsman; HERE is sy Naam."

Die vyand wat die verkiesing van en die verbond met Israel wou verydel, se kop is vermorsel. God se raad word nooit gekeer nie. HERE is sy Naam; sy Woord is die waarheid. Skeppingsmagtig! "Hy spreek — dit staan daar lewenskragtig. Hy roep net en dit het geskied." Met Israel as voorbeeld skerp die Heilige Gees teenoor die toenemende magsvertoon van die Satan en die angs van die kerk, dit vandag weer in dat Jesus Christus, die Saad van die vrou, die Oorwinnaar in die stryd is. Hy verlos die wat die Vader aan Hom gegee het volkome. Ons is deur Hom verlos van die heerskappy van die Satan en ons moet Hom dien.

U sal onthou toe Farao die volk laat trek het, het God hulle nie aan hulleself oorgelaat nie. Die vyand was nog nie geheel verslaan nie en kon hulle nog inhaal terwyl hulle hul vorentoe ook sou vasloop teen die Filistyne, geoefend in die oorlog. Aan hulleself oorgelaat sou Israel nie lank vry wees van die slawekettings nie. Die HERE het voor hulle uitgetrek en as Krygsman, getrou aan sy Woord, die verlossing volkome gemaak. Farao en al sy manne het in die see verdrink. Nou kan hulle voorttrek. Kanaän lê voor; die vyand is verslaan. Hulle kan verder self regkom, mag baie gedink het. Daar is dan ook die wat onder die Christennaam verkondig dat wie deur Jesus Christus verlos is, geen probleme meer op aarde het nie. Onbesorgd — in die sin dat die pad vorentoe gelyk is — kan ons maar voorttrek, al jubelende die grense van die ewige Kanaän nader om juigend die erfenis wat vir ons bestem is in besit te neem. Wie verlos is uit die mag van Satan, moet in hoogstemde verwagting nou net die oë vestig op die horison en die komende Christus in wag. Maar Israel was skaars op pad — net drie dae — toe hulle voor die werklikheid dat hulle pad deur die woestyn gaan, te staan gekom het. Eers is daar nie water nie, en toe hulle wel water kry, was dit bitter. Hoe dieper hulle die woestyn ingetrek het, hoe skaarser het die kos geword. Hongersnood het gedreig. Hulle hoef Frao nie meer te vrees nie; tog is die doodsnoed nie verby nie! Weer is hulle blote bestaan, nou net op 'n ander manier op die spel. Die woestyn waardeur hulle trek, weerhou die kos en water wat vir die bestaan noodsaaklik is. Israel het toe in die woestyn te doen gekry met die uiterste weerstand van 'n vervloekte aarde! Toe die mens in die Paradys gedink het hy kan soos God wees, het hy nie net homself bedrieg en in die mag van Satan gekom nie. Hy het ook die aarde in die ellende saamgesleep. Toe die mens in opstand teen God gekom het, is ook die skepping aan die nietigheid onderwerp — God het dit daaraan onderwerp! Hy het die aarde vervloek om die mens ontwil! Ook die verlose volk kry op reis na Kanaän te doen met hierdie vloek. Die aarde, so ervaar Israel dit in volle krag in die woestyn, weier om dit wat noodsaaklik is vir die bestaan te lewer. En as die vloek so ver deurgewerk het soos in die woestyn, het die mens in sy worsteling met die vervloekte aarde hom totaal vasgeloop.

En dan staan ons weer voor die verborgenheid van die verskriklike ontaarding van die mens — van wat begrepe is in ons belydenis, aangaande ons totale verdorwenheid! Selfs nadat Israel begenadig is, kry die ou natuur weer die oorhand. Hulle was aangegryp deur die Heilige Gees om sy grootheid, mag en trou te besing. Hy het die doodsengel by hulle sparend laat verbytrek vanweë die versoeningsbloed wat op sy bevel aan hulle deursnyende gesmeer is waaragter hulle kon skuil! Hulle het op die strand van die Skelfsee uitgejubel: "Die HERE sal regeer vir ewig en altyd." En nou, as hulle as verlostes moet voorttrek in vertroue op Hom wat regeer, en dan in die woestyn van die begin af moet worstel om net die noodsaaklike kos en water vir blote bestaan te bekom, is dit weer die ou verdorwe mens wat in opstand teen God murmureer!

Uiterlik probeer hulle die skyn bewaar deur teen Moses en Aäron in opstand te kom. Hulle skep selfs die indruk dat die HERE niks met hulle trek te doen het nie; dit is net Moses en Aäron se werk! "Het ons maar in Egipteland deur die hand van die HERE gesterwe toe ons by die vleispotte gesit en volop brood geëet het! ..." Die vleispotte en brood — daarom gaan dit vir hulle!

Die kweiling oor wat ons sal eet of drink, en daarby wat ons sal aantrek, is vir die mens oorheersend vanaf die vroegste tye. Hy word aangedryf om soveel as moontlik bymekaar te maak; te verseker dat hy genoeg het om te bestaan en ook nog te kan geniet. Dit is asof die mens besef dat die onderneming om soos God te wees om vir homself te sorg, vir hom te magtig is. Krampagtig laat die mens sonder God in hierdie wêreld dan sy bestaan opgaan in die versameling van skatte om vir homself te kan sorg. Dit het sy lewenswyse geword om te versamel, op elke moontlike manier! Onder voorwendsel van goeie sakemetodes beroof hy sy naaste. Die wat in nood is, word deur woekerrente, onbehoorlike pryse, onmenslike werksvereistes en lae lone uitgebuit — solank hy maar kan inpalm.

Hierdie lewenswyse, gebore uit die vrees dat die noodsaaklike bestaansmiddele nie aan die aarde ontworstel kan word nie, lê selfs by die wat die HERE na sy voorneme roep, nog baie naby die oppervlakte. Selfs al is ons nie letterlik in die woestyn nie en al is dit nog nie letterlik so dat die blote bestaan vir ons onmoontlik geword het nie, is dit tog so dat die worsteling teen 'n vervloekte aarde wat weier om vrugte voort te bring, ook die grootste deel van ons lewe in beslag neem. Die worsteling trek ons aandag al hoe meer af van ons roeping en verkiesing — om die Here te dien en te verheerlik — en laat dit eindelijk uit die oog verdwyn. Die stryd om voedsel te produseer, die geweldige water tekort in ons land, laat kundiges met stelligheid verklaar dat hongersnood en veral waternood in die volgende eeu onafwendbaar is. Indirek is deur die dwaashede van die mens die ontwikkeling van die ekonomiese patroon van so 'n aard dat werkloosheid meer en meer verhoed dat sommige die al skaarser wordende bestaansmiddele kan bekom. Hoë rentekoerse en onbehoorlike pryse is andersyds besig om dit vir die wat 'n verdienste het, al hoe moeiliker te maak om van wat daar nog is, te kan koop.

En die stryd om die blote bestaan raak ook die kerk van die Here, elke gelowige op aarde. Die vleispotte en brood neem onteenseglik 'n belangrike plek in! Daarom word dit volgens alle uiterlike tekens lewensnoodsaaklik om by die wêreldse leefwyse in te val waarin die versameling van bestaansmiddele, op elke manier en ten alle koste, die hoofsaak is. 'n Mens moet lewe! Dit is dan verstaanbaar dat ook in die kerk deur die eeue, soos vandag by ons gehoor word: "Het ons maar in Egipte gebly . . . toe ons by die vleispotte gesit en volop brood geëet het..." Die verwyd is wel nie woordeliks nie, maar met die daad word dit net so skreiend ten hemel geslinger as destyds! Die geroepe heiliges wat net oog het vir besittings, geld en rykdom; wat nie skroom om brutaal of indirek te dobbel nie; wat nie skroom om die naaste te bedrieg of werknemers te kort te doen nie; wat daarop uit is om woekerwins te maak; hulle is weer vasgevang in die greep van die oue mens en spreek met hierdie leefwyse eintlik die begeerte uit dat die Here hulle nooit moes geroep het nie. As ons ons volgens die voorskrifte van die Here moet gedra, sal die kos en water op die ou end voor ons mond weggeruk word! Ons sál die merk van die dier moet dra! U sien dalk nou, geliefde gemeente, waarom vroeër reeds gepraat is van die verborgenheid verskuil in die belydenis van die totale verdorwenheid van die mens! Dat ons wat so hoogsbegenadig is om kinders van God genoem te word, só diep kan val dat ons die kindskap as 'n las, eintlik as 'n onreg wat ons aangedoen is, kan beskou — en dit omdat die vleispotte en brood nie somaar so geredelik voorhande is nie — is alleen vir ons begryplik as ons deur God geleer is om te weet hoe groot ons sonde en ons ellende is. Ja, hoe gevaarlik die oue mens is.

So dring die Heilige Gees ons hier om nie te dink dat ons, nou dat Satan oorwin is, somaar ongeërg, plesierig en gemaklik deur hierdie lewe kan gaan om dan sonder moeite die ewige Kanaän in te trek nie! Nee, sê Jesus, die pad is smal en die poort is nou wat na die lewe lei. En die Apostel Paulus moet ons dit by herhaling voorhou dat dit 'n swaar stryd is om hierdie pad deur die woestyn te loop. Selfs die vervloekte aarde soos

dit ook deur Satan in die laaste stuiptrekkings gebruik word, is 'n magtige struikelblok vir die wat op weg is om die ewige erfenis in besit te neem. Dan word ook water en brood en vleis dinge wat baie gewig dra vir ons roeping en verkiesing! Ook water en brood en vleis — die blote bestaansmiddele, is noodsaaklik vir die geroepe heiliges op hulle reis na Kanaän. En omdat ons self magteloos is om die vervloekte aarde, wat boonop deur die oorwonne Satan in sy laaste stuiptrekkings teen die gelowiges gebruik word, te onderwerp, laat die HERE ons ook nie aan onself oor om te sorg vir die nodige bestaansmiddele op die pad nie. Ook in die voorsiening van water, brood en vleis is Hy 'n krygsman, HERE is sy Naam!

Hy sorg vir water en maak onbruikbare water drinkbaar. Hy lei na Elim met die twaalf waterfonteine en sewentig palmbome. Hy laat brood uit die hemel daal en vleis uit die lug kom. En terwyl Hy sorg, oefen Hy ook sy kinders in die geloof. Hy beloof die daaglikse brood en vleis — dit sal elke dag daar wees. Sy Woord moet hulle vir die waarheid neem en daarop vertrou. Wie in klein of ongeloof gulsig vir meer as een dag of op die sesde dag vir meer as twee dae wil opberg, vind dat die wurms dit verteer! Let ook op, geliefdes, hoe wat die HERE aan Israel in die woestyn doen, deur die woorde van Jesus by ons ingeskerp word as Hy sê: "Daarom moet julle jul nie kwel en sê: wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matt 6:31-33). Israel het gedink dat dit 'n keuse was tussen die roepingsweg en die brood en vleispotte van Egipte. Omdat Hy hulle ken en weet dat ook die wat Hy na sy voorneme roep, vlees en bloed is, het die HERE weereens Israel met groot erbarming en geduld in hulle sonde verdra.

Hy het hulle nie in ongenade gestraf nie. Dit is opvallend dat Hy nie by Mara nog in die woestyn Sin 'n harde bestrawwende woord laat hoor! Met groot teerheid neem Hy sy bang kinders by die hand en leer hulle met die daad dat Hy in alles, ook in die blote bestaan, hulle Herder en Bewaarder is wat nooit sluimer of slaap nie! Die swakke kinders het 'n valse keuse gesien tussen die woestyn en die vleispotte en daarom in kleingeloof begin jammer: "Het ons maar in Egipteland deur die hand van die HERE gesterwe, toe ons by die vleispotte gesit en volop brood geëet het." Die HERE versterk hulle geloof en laat hulle sien dit is 'n valse keuse! Ook in die woestyn sorg Hy! Dit doen Hy vandag nog! Die keuse is ook vir ons nie die woestyn, die weg waarop selfs die vervloekte aarde saamspan met die stuiptrekkende Satan om ons bestaan moeiliker en selfs onmoontlik te maak, of die vleispotte van Egipte, die wêreldse leefwyse en genietinge sonder God nie. Nee, ook in die woestyn moet vasgehou word aan die Here wat voor ons uittrek en sorg vir water, brood en vleis — vir elke dag! Hy leer ons ook bid: gee ons *vandag* ons *daaglikse* brood. En al laat hy die kraaie dit aandra, Hy is sy woord aan hulle wat Hy roep en wat al sy insettinge hou, nooit ontrou nie.

Amen.

17. Die ontmoeting met die verbondsbrekers

LEES: Eksodus 17

TEKS: Eksodus 17:8 en 9

SING: Pss 34:1 en 2; 139:12; 89:14 en 15; 75:1 en 2

Die kerk — die wat die HERE na sy voorneme roep — is uit die magsgreep van Satan verlos, op weg om die nuwe aarde waar geregtigheid woon, in besit te neem. Die pad daarheen gaan egter deur die woestyn. Die kerk is nie van die wêreld nie, maar wel in die wêreld. Ons moet terdeë rekening hou met 'n vervloekte aarde wat in bondgenootskap met 'n stuiptrekkende Satan wat op die aarde neergewerp is, letterlik ons bestaan bedreig! Die gevaarlike struikelblokke wat op die manier op ons pad kom, eis dat ons die oue mens moet doodmaak wat veral as dit ons water, brood en vleis raak, so maklik uitdagend vra: "Is die HERE in ons midde of nie?" Die geloof in Hom wat ons uit die slawehuis uitlei, is 'n "gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het" en 'n vaste vertroue dat Hy die HERE is wat self sorg dat ons die erfenis in besit sal neem. Dit sluit die water en brood en vleis op die pad in — daagliks! Dit is in die verhaal van die gebeure in die woestyn Sur, by Mara, Elim en weer in die woestyn Sin en by Massa en Meriba aan ons verseker.

"Daarop het Amalek gekom om teen Israel by Ráfidim te veg." Die kerk het nie alleen in hierdie wêreld te doen met die noodsaaklikste bestaansmiddele nie; ons woon ook in die wêreld tussen ander mense. Die volk van die Here woon onder ander volkere. By Israel het kerk en volk saamgeval. Die volk van die HERE was die volk Israel in sy geheel. Die optrede van Amalek vestig die aandag op die eerste tekens van Israel se tweërlei bestaan: as kerk in die wêreld en as volk onder die volkere. "En Moses het aan Josua gesê: Kies vir ons manne en trek uit, veg teen Amalek." Waar Moses tot hiertoe alleen die leiding van die volk op hom gehad het, word die verantwoordelikheid om hulle te lei in die stryd teen Amalek nou op die skouers van Josua geplaas. Moses self sal "op die top van die heuwel staan met die staf van God" in sy hand. Die staf is teken dat Moses in opdrag van die HERE handel. God self wat Israel deur Moses as volk geregeer het, sê hulle dus deur hom aan om onder leiding van Josua die wapens teen die aanvallers op te neem! Sy kinders moet hulleself as lede van die volkshuishouding verdedig teen die aanvalle van ander volke. Soos dit verder aan duideliker sal word, moet nou reeds gesê word dat dit hier 'n oorlog was waarin saam met die voortbestaan van Israel tegelyk die verwerkliking van God se verkiesing op die spel was. In hierdie oorlog om die vyand, wat die volk Israel en daarmee die kerk wou uitwis, af te slaan, moes die gelowiges as deel van die volkshuishouding die wapen opneem. En in die stryd moes die kerk die volk voorgaan om die oë alleen op die Owerste en Leidsman, die HERE, gevestig te hou. Die HERE het Amalek nie teengegaan in hulle voorneme om Israel aan te val nie, sodat die volk 'n antwoord moes kry op hulle ongeloofsvraag: "Is die HERE in ons midde of nie?" Hy voorsien nie net die daaglikse brood op die woestynreis nie, maar gee ook die krag om selfs deur oorlogsgeweld heen voort te bestaan! Moses staan met die staf van God in die hand. Dit is die teken dat hy in opdrag van die HERE handel. Maar dit is ook aan Moses gegee as die teken dat Hy wat sy volk verlos het uit die slawehuis en hulle na Kanaän lei, die Almagtige God is. Al is Israel swak, Hy is sterk, almagtig; niks en niemand kan sy voorneme verydel nie. Daarom as Amalek kom om teen hulle te veg, sal hulle weet die HERE is in hulle midde! Dit sien hulle reeds as Moses met die staf van God in sy hand staan! Hulle moet Hom met vrymoedigheid aanroep! Tegelyk herinner Moses die HERE deur die opheffing van die staf aan sy woord: "Daarom het Ek neergedaal om hulle (Israel) uit die hand van die Egiptenare te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na 'n goeie en wye land, na 'n land wat oorloop van melk en heuning ..." Weer eens is Moses deur hierdie herinnering aan sy beloftes die middelaar tussen die HERE en sy volk. Volhardend tree hy in vir die volk en as hy moeg word, ondersteun Aäron en Hur hom om voort te gaan, om die staf op te hef na die HERE en seker gepaard met die herinnering aan sy beloftes die nood van Israel voor te lê en te pleit op uitkoms. En juis die volhardende optrede en voorbidding van Moses was, soos toe hulle die toorn van die

HERE met die goue kalf verwek het, hulle redding in die oorlog teen Amalek.

Die Heilige Gees leer ons hier dat wanneer die kerk bedreig word deur 'n oorlog teen die volk in wie se midde hulle verkeer, is die kerk betrokke in die oorlog en moet dit gevoer word met die voorbidding van die kerk. Tegelyk is die voorbidding van Moses 'n heenwysing na ons Middelaar wat ook in so 'n oorlog self vir sy kerk intree by die Vader. Die eis tot voorbidding en die troos dat ons Middelaar vir ons intree in so 'n oorlog kom in al die krag daarvan na vore as ons let op die vyand — Amalek.

Die Amalekiete het die woestynagtige gebied suid van Kanaän bewoon. Die naaste oorsaak van hulle aanval was seker die vrees dat Israel hulle grondgebied kon afneem. Verder kon hulle die lompe volksmassa wat so in die woestyn rondgeswerf het, as 'n maklike prooi, wat 'n groot buit kon oplewer, gesien het. Hulle het dan ook toegeslaan op die agterhoede waar die swakkes aangesukkel het, en hulle doodgemaak. Maar as ons let op wie Amalek was, kom die eintlike oorsaak waarvan hyself miskien nie eers so helder bewus was nie, na vore!

Amalek was 'n Edomietiese stam, nageslag van Esau, die broer van Jakob wat sy eersgeboortereg en so die verbond, minagkend verruil het vir 'n bord lensiesop. Doelbewuste vyande van die HERE! Dit is nou hierdie verbondsbrekers — gewese kerkmense — wie se vrees, gierigheid en 'n aangebore haat vir die volk van die HERE, Satan op die spits gedryf het, wat agter die aanval van Amalek op Israel sit. En nog altyd is hy besig om die venyn van die verbondsbrekers, die gewese kerkmense en hulle nageslag, te gebruik in sy laaste stuiptrekkende aanvalle op die kerk. Toe hy op Gólgota oorwin en met hemelvaart uit die hemel gewerp is, het Satan met groot woede op aarde neergedaal. Toe het hy eers die Jode, die verbondsbrekers wat Jesus gekruisig het, as valse kerk ingespan om die kerk aan te val "in die agterhoede." Die swakkes is by die duisende in Jerusalem en daarna deur vervolging in die Romeinse provinsies onder aanhitsing van die Jode, gedwing om die Here te verloën. Die kerk gaan sedert die tyd nog altyd gebuk onder die haat en venyn van die verbondsverbrekers. Met snedige leuenagtigheid is en word die Skrifte en die Christus van die Skrifte al sedert die eerste eeue na Gólgota deur bondsbrekers gesmaad om sodoende die swakkes in geloof te laat wankel. Valse en dwaalleraars verslaan hulle duisende. Doelbewus word die lewe ooreenkomstig die Woord van die Here bespotlik voorgestel as iets wat die lewe moeilik en veral vir die jeug onnodig onaangenaam maak. Dit is opvallend dat die kerk en elke gelowige vandag met die grootste venyn afgetakel en aangeval word in die sogenaamde Christelike Weste. Die wat reeds die kerk vaarwel gesê het saam met 'n afvallige kerk onder leiding van ontroue ampsdraers, vorm 'n bondgenootskap met heidense en barbaarse magte om die kerk ten gronde te rig. Hierdie bondgenootskap wat die tipiese kentekens van die antichristendom vertoon, hits dan ook die volkere van die wêreld aan teen die kerk van die Here. Slu word op die agterhoede toegeslaan. Die swakkes wat nie meer onderlê is in die Skrifte en vas is aan die leer van die kerk of geoefen is in die stryd teen die bose magte nie, word onder die aanwending van 'n nuwe soort vroomheid in groot getalle weggevoer in die stroom van bondsbreuk en daarmee ook van verraad in die oorlog.

Wat ons land betref is dit verraad in 'n oorlog wat wel teen die volk van Suid-Afrika gevoer word, maar wesenlik gemik is teen die kerk van die Here in Suid-Afrika. Die ontaarde kerk juig die aanvallers toe en verklaar dat die verdediging van ons land en volksbestaan goddeloos is! Alles wat ons owerheid doen om die aanvallers te stuit word deur die verwerde kerk met groot vroomheid as verdrukking en vervolging van die kinders van God voorgestel! Elkeen wat vir die voortbestaan van ons volk veg is 'n boosdoener! Intussen is dit die antichristelike magte wat deur die uitwissing van ons volksbestaan, sowel deur die geestelike as die wapenoorlog, die kerk in ons land 'n nekslag wil toedien. Alleen die sogenaamde kerk waarin die voorlopers van die Antichris reeds die plek van God ingeneem het, sal 'n bestaansreg in die nuwe Suid-Afrika wat hulle beoog, hê! In hierdie oorlog, geliefde gemeente, waarin dit gaan om die aardse bestaan van die kerk, het elke gelowige deel. Eers as burgers van die staat, maar dan ook en veral as burgers van die ryk van God soos dit reeds gesien kan word in die kerk.

Die vyand moet in opdrag van die Here weerstaan word in die volksverband, maar ook in enger verband deur die voorbidding van die kerk. Daarby het ons die versekering dat ons Middelaar na wie Moses heengewys het in die stryd teen Amalek wat soveel groter is as Moses, Jesus Christus, vir ons intree by die Vader sodat die voorneme van die bose magte verydel sal word.

Ter wille van sy kerk gee Hy ook die oorwinning aan die bedreigde Israel op die gebed van Moses. En die Here hoor ook die gebede waarin gepleit word dat die antichristelike magte nie sy kerk in die oorlog teen ons volk, sal oorweldig nie. Ter wille van die ware kerk in Israel is die optrede van Moses vir hulle verhoor teen Amalek, die verbondsbrekers. Ter wille van selfs net tien regverdiges sou Sodom gespaar gewees het in die oordeel! En ter wille van sy kerk hoor die Here ook as in die oorlog teen ons by Hom ingetree word! Dit gaan nie om die haat of mag of lis van die vyand nie, maar om die vraag of ons wel nog die staf van God in ons hand het, en terwyl die oorlog woed, dit na Hom ophef!

Amen.

18. Moses die profeet en koning

LEES: Eksodus 18

TEKS: Eksodus 18:15-23

SING: Ps. 103:10 en 11; Skrifbr. 24:2; Pss. 25:1 en 2, 94: 11 en 12

Wanneer ons die hoofstuk die eerste keer lees, lyk dit asof dit net die beskrywing van 'n interessante besoek van Jetro aan sy skoonseun, Moses, is. Die vraag is egter of daar nie meer in is nie, en of die verhaal iets vir die kerk in ons tyd tuisbring. Kan dit nie maar eenkant toe geskuif word nie? Dit kan nie, want wat die Heilige Gees deur Paulus sê in die brief aan Timoteus, is ook hier van toepassing. "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim 3:16 en 17). As hierdie gedeelte nie tot lering bedoel was nie, sou dit nie neergeskryf gewees het nie.

Let ons nou in die lig op wat ons hier meegedeel word, sien ons dat dit aansluit by wat voorafgegaan het. Jetro het Moses besoek nadat hy alles gehoor het "wat God aan Moses en aan sy volk Israel gedoen het — dat die HERE Israel uit Egipte uitgelei het. . .". Wat Hy gedoen het, kom daarop neer dat Hy vir Hom 'n volk uitverkies het en as 'n wonder uit die verstorwe Abraham en Sarai gebore laat word het. Hy het hulle na sy voorneme geroep uit die slawehuis. Farao wou hulle verkiesing en roeping verydel deur Israel te belet om ag te gee op hulle roeping en te trek na die land wat die HERE aan hulle sou gee. Maar omdat Hy wat hulle uitverkies en geroep het se Naam HERE is, het Hy Farao in die Skelfsee laat verdrink en Israel op droë grond daardeur laat trek. So, het ons reeds gehoor, bring die Heilige Gees ons deur hierdie geskiedenis na Getsémané, Gólgota, die graf en die Olyfberg van waar Jesus opgevaar het na die hemel, en laat ons vooruitgryp na die wederkoms. Hy het die kop van die slang vermorsel sodat die wat Hy verkies en roep, saam met Jesus, die Christus, kon sterf vir die sonde en opstaan in 'n nuwe lewe, op weg na die Vaderhuis waar Hy vir ons plek berei het om daar in volkome diens die Naam van die HERE ewig te verheerlik.

Voordat Israel egter die beloofde land kon intrek, moes hulle eers deur die woestyn — beeld van die vervloekte aarde waaraan ook die verlostes op weg na die ewige woning op die nuwe aarde, biddend die bestaan moet ontworstel. Vir ons daaglikse brood is ons van die Here alleen afhanklik, en ons moet dit ootmoedig van Hom vra en dankbaar insamel ooreenkomstig sy voorskrifte. Naas die worsteling het die geroepe heiliges ook nog te doen met ander. Die volk van die HERE is op aarde nog deel van 'n volk en leef saam met die volk in wie se midde die Here ons geplaas het, in die wêreld saam met ander volke. En van die woelinge onder die volke maak die Satan in sy laaste stuiptrekkings gebruik, soos van Amalek, om die werk van die Here te probeer verydel. Ook vir ons veiligheid in die wêreld en die oorwinning in die oorlog is ons totaal afhanklik van die Here. Ons moet ons gelowig daarin verheug dat die Here in ons midde is!

Die besoek en raad van Jetro vestig nou die aandag op 'n ander sy van die bestaan van die kerk op aarde — die alledaagse samelewing! Vir die doel van die openbaring in hierdie gedeelte word Moses eerstens as profeet na vore gestoot. Op die vraag van Jetro: "Waarom sit jy alleen, en die hele volk staan voor jou van die môre tot die aand toe?" antwoord Moses: "Omdat die volk na my kom om God te raadpleeg."

Netso min as wat die HERE Israel aan hulleself oorgelaat het in die keuse van die pad wat hulle moes volg na die beloofde land, en netso min as wat Hy hulle aan hulleself oorgelaat het om die nodige bestaansmiddele in die woestyn te vind, en net so min as wat Hy hulle aangesê het om hulleself in eie kragte teen ander volke te handhaaf; net so min het Hy dit aan hulleself oorgelaat om na eie goeddunke, hulle samelewing in te rig. Hulle is sy volk, aan Hom geheilig, nuwe mense wie se hele lewensopset verander is. Waar die mens sonder God self sy gedrag en die van ander wil bepaal, is hulle wat Hy na sy voorneme roep, se diepste behoefte om te weet hoe die HERE wil hê dat hulle hulle

moet gedra. Die wedergeboorte en bekering het alles te doen met die alledaagse samelewing en word gesien in dit waardeur die gedrag van die verlostes bepaal en die Naam van die HERE verheerlik word. "Hulle kom om God te raadpleeg." Die HERE het aan Israel deur Moses gesê wat sy voorskrifte vir hulle gedrag in die alledaagse samelewing, sowel as die hele volkshuishouding moet wees. Hy was hulle Wetgewer en Moses die profeet wat die wette aan hulle moes deurgee op so 'n manier dat hulle die insig daarin sou hê om dit reg toe te pas. Moses moes as profeet die volk onderrig "in die insettinge en wette, en maak hulle die weg bekend waarop hulle moet gaan, en die werk wat hulle moet doen." Ons kan sê dat Moses die regering van die volk waarneem en die wetgewende gesag moes uitoefen terwyl hulle deur die woestyn reis. En in die regering moes hy sorg dat hulle die gedrag wat die Here aan hulle voorskryf, ken. Moses was so nie net profeet nie, maar ook koning. Hy was die regeerder wat in die naam van die HERE die insettinge en wette vir die ordelike bestaan van Israel tot eer van die HERE, moes afkondig. En hy was ook die regter wat moes "regspreek tussen die partye." Hy moes toesien dat die insettinge en wette wat God deur hom laat afkondig het, gehoorsaam word.

In die regering en regspleging moes Moses sorg dat Israel as mense van God wat aan die HERE behoort en geroep is om Hom te dien en vrees, leef!

Die Heilige Gees leer ons hier dat die reëling van die alledaagse samelewing tot by die staatkundige nie los te maak is van die godsdiens nie. Die gelowige moet onderrig word in die eise wat die Here in sy Woord stel vir ons gedrag in die samelewing sowel as in die staatslewe. 'n Goedgeordende samelewing, wat ook die staatsinrigting insluit, is alleen moontlik as geluister word na die Here en gedoen word wat reg is in sy oë. Daarom mag ons as gelowiges nooit aan ons profetiese taak in die volkslewe ontrou wees nie. En waar dit enigsins kan, moet ons sorg dat die Here geraadpleeg en na sy insettinge en wette in die regering van die land geleef word. En om profete te kan wees is alleen moontlik as ons deur die geloof ingelyf is in ons hoogste Profeet, Jesus Christus, na wie Moses heengewys het. Hy maak ons deur sy Gees en Woord ook profete wat die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing, en daarmee ook ons verlose lewe op aarde, ken en bekendmaak. Jetro, Moses se skoonvader, sien dat die las vir hom alleen te swaar is. "Jy sal heeltemal uitgeput raak, jy sowel as hierdie volk wat by jou is. Want die saak is te swaar vir jou; jy kan dit nie alleen doen nie." Hy gee dan aan Moses raad hoe om die las wat hy in sy profetiese en koninklike amp moet dra, te verlig. Hoewel Jetro 'n heidense priester was, het hy tog onder die indruk gekom van die grootheid van die God van Israel en erken hy dat Moses kragtens sy profetiese en koninklike amp in diens van God is. Die HERE gebruik hom dan om wyse raad wat alleen die ampsuitoefening ten goede sou kom, aan Moses te gee. Hy sê Moses moet bekwame manne wat God vrees uit die volk kies, "betroubare manne wat onregverdige wins haat", en hulle aanstel oor die volk om reg te spreek. Die raad is egter onderworpe aan die wil van God: "As jy dit doen en God jou dit beveel, kan jy dit uithou en sal ook al hierdie mense tevrede na hulle woonplek gaan." Blykens Deuteronomium 1 het Moses op een of ander wyse vasgestel dat die raad wel 'n bevel van die HERE was, en het hy die volk wyse en verstandige en ervare manne laat kies en hulle aangestel. Alleen sulke manne kan die reg van God onder leiding van Moses in wette en regspraak gestalte gee en handhaaf.

Die kerk, dit is die gelowiges in die volk, moet dus, sover dit in ons vermoë is, sorg dat alleen godvresende en wyse manne gekies word as owerheidspersone. Ons moet ons nie by so 'n verkiesing laat lei deur slagspreuke of persoons en party-lojaliteite nie, maar deur die vraag of die wat die regeeramp begeer, wel die Here vrees!

Daar gaan vandag 'n groot geroep op om die demokrasie te laat seëvier. En dit word dan as die Christelike regeringstelsel voorgelê waarin die volk verteenwoordigers aanwys om in hulle naam te regeer, nie om God te raadpleeg nie, maar die volk.

Lees ons egter weer wat die Gees van die Here hieroor in ons teks sê, besef ons dat die kreet om demokrasie verre van Christelik is. Wat vandag demokrasie genoem word, bly maar 'n stelsel wat gewortel is in die leuen van Satan. Tensy ons weet en bely dat die

owerheidspersone wat gekies word, godvresende manne moet wees wat in die regering van die volk vra na die reg van God, sal ons ook maar deur alles van die demokrasie te verwag meewerk tot bevordering van die antichristendom wat die kerk ook uit die volkslewe wil ban! Alleen as God geraadpleeg word in die regering en handhawing van die reg, kan 'n volk ordelik en tot eer van God bestaan, en kan die kerk rustig sy roeping in die volksgeledere vervul. Alleen as ons luister na die profetiese Woord wat ook die grondlyne vir die inrigting van die staat trek, kan daar vrede en reg gedy in 'n land. En dan sal ons ook met die staf van God in die hand kragtig weerstand kan bied teen die magte van die duisternis en oorwin in sy Naam.

Amen.

19. Israel ontmoet die Here

LEES: Eksodus 19

TEKS: Eksodus 19:4

SING: Pss 92:1 en 6; 40:3; 145:2 en 12; 119:39

Drie maande na die vertrek uit Egipte het Israel by Horeb in die Sinaï woestyn aangekom. Daar het hulle God op 'n besondere manier ontmoet. Hy verskyn aan hulle. Daarna kon by hulle geen twyfel meer oorgebly het dat Hy daar en hulle by Hom is nie. Hy het in 'n vuur op Horeb neergedaal. Die hele berg het gerook en dit het vreeslik gebewe. Hulle het donderslae gehoor, blitse gesien en die geluid van 'n basuin gehoor. Hulle het gehoor hoe die HERE met Moses gepraat het; hulle het Sy stem gehoor!

Voor die sigbare ontmoeting het die HERE aan Moses opdrag gegee om Israel te laat terugkyk op wat gebeur het. "Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenare gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het." Hulle moes hulleself rekenskap gee van hoe dit gekom het dat hulle God kon ontmoet. Israel moes terugkyk en hulle self weer sien as die slawevolk. Meedoënloos voortgedryf na die grille van 'n harde meester, moes hulle dag na dag in ellende voortstropel. Die bevel om elke seuntjie wat gebore is dood te maak, was 'n doodsvonnis oor die hele volk. Toe het hulle die blye boodskap — die Evangelie — gehoor. Julle is God se volk, uit Abraham kragtens Sy verkiesing gebore! "En God het julle ellende gesien en neergedaal om julle te verlos." Groot blydschap het hulle aangegryp — maar die magtige Farao het gesê dat van trek niks sal kom nie! Hulle is sy slawe en sal dit bly! En wie is die HERE nou eintlik dat hy na Hom sou luister om Israel te laat trek! Hulle het gesien hoe die HERE hom met 'n sterke hand laat sien het wie Hy is, die Almagtige en die Een wat nooit die werke van sy hande laat vaar nie! Hy laat altyd al sy beloftes en al sy dreiginge geld. Hy doen altyd wat Hy sê teen die verset van alle bose magte in. Farao is van stap tot stap deur magtige dade gestel voor die almag en trou van God totdat hy in sy verset in die Skelfsee omgekom het. Bly-verwonderd het die verbondsvolk die grootheid van God besing." "Die HERE is 'n krygsman, HERE is sy Naam." Daaraan is geen twyfel nie: die Here is God — net Hy alleen en ons is sy kinders, hier by Hom — veilig! Terwyl ons, geliefde gemeente, saam met Israel teruggekyk het na wat die HERE aan die Egiptenare gedoen het, moes ons gedagtes geleidelik teruggaan na wat die HERE aan die Satan en sy magte gedoen het deur Jesus Christus, onse Here! Satan wat as mensemoordenaar die hele menslike geslag in sy mag gekry het om die mens smartlik te laat voorstropel na die ewige dood in die hel, is oorwin op Gólgota, toe Jesus uitgeroep het: Dit is volbring!

Satan het alles gedoen om die kerk wat God vir Hom uitverkies en roep, in sy greep te hou. So het hy as draak met die geboorte van Christus, ons Borg en Middelaar, al sy kragte ingespan om te keer dat Hy die geboorte oorlewe en toe dit wel gebeur, dat Hy sy roeping sou kon volbring. Soos Farao by die Skelfsee gedink het dat hy met een groot slag die werk van die HERE kon stuit, so het Satan by Gólgota met 'n grynsag reeds die oorwinning begin vier deur die spotters aan te hits wat gesê het: "Ander het Hy verlos, laat Hy Homself verlos as Hy die Christus, die uitverkorene van God, is." Hy moes egter kort daarna hoor: "Dit is volbring!" Hy het die werk wat die Vader Hom gegee het, om die wat aan Hom gegee is, uit die mag van Satan te verlos, gedoen. En Hy het dit gedoen juis deur die optrede van Satan om sy werk te keer! God verpletter nie net die verset van Satan nie; Hy gebruik hom selfs om sy voorneme werklikheid te laat word! Daarom word Satan se oorwinningslag 'n doodskreet, en was die betuiging van Jesus dat Hy die werk volbring het, eintlik 'n herhaling van die bede: "En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was" (Joh. 17:5). Toe is Hy "weggeruk na God en sy troon" (Openb. 12:5). "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duivel en Satan ..." Eindelik, soos Farao se verset op sy en sy leer se gewelddadige dood in die Skelfsee uitgeloop het, is die kop van die slang op Gólgota vermorsel en lees ons dat hy uiteindelik "in die poel van vuur en

swawel waar die dier en die valse profeet is" gewerp word. (Openb. 20:10). So, geliefdes, rys voor ons oë op wat God ter wille van die kerk wat Hy na sy voorneme roep, deur Jesus Christus ons Borg aan Satan en sy magte gedoen het! Satan is magtig, maar God is almagtig. Deur die dierbare bloed van onse Here Jesus Christus het Hy ons verlos van die heerskappy van die duiwel en weer die pad na Hom toe oopgemaak. Hy roep deur die Christus: "Kom na My toe," en dring ons deur sy Heilige Gees om te gaan — Hy bring ons na Hom toe. Hy maak dat ons vrymoedig na sy troon van genade kan gaan om op die regte tyd gehelp te word. Die poorte van die hel sal sy kerk nooit oorweldig nie! Wie terugkyk en sien wat Hy aan die Satan gedoen het deur die lyde van Christus vanaf Bethlehem, deur Getsémané en Gólgota heen tot in die graf, kan dan nie anders nie as om te jubel: "Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond u wonders so oneindig ryk?" (Ps. 40:3 Ber.)

Meer nog — "Ek (het) julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring." Met wat Hy aan die Satan en sy magte gedoen het, het hy die kloof wat in die Paradys tussen Hom en die mense gekom het oorbrug. Met vrymoedigheid kon die wat Hy aan ons Middelaar en Borg gegee het, nou terugkeer na Hom toe. Die wat Hy verdryf het en wie se pad terug na hom deur die gerubs met die swaard wat vlam en flikker, bewaak word, se sondes is in Christus vergewe en hulle is van die heerskappy van die duiwel verlos. En tog hardloop die wat Hy nou roep nie gretig reguit in sy vaderarms nie. Huiwerig, al vallende, oor donker afgronde heen, gaan hierdie pad na die Vader! Eintlik sou die pad doodloop en sou niemand by Hom gekom het of kom nie, as Hy ons nie na Hom toe bring nie! Op arendsvlerke!

Die arend bou sy nes op die hoogste kranse. Daar lê die moedervoël haar eiers en daar word dit uitgebroei. Wanneer die kuiken moet begin vlieg, gaan dit oor die rand van die nes en durf die lugruim aan met die gevaarlike dieptes daar onder. Swik die vlerke dan wag die dood! En as die kuiken swak van vlerk en onge oefend die nes verlaat, kan die vlug in 'n doodswal eindig. Maar as die gapende afgronde die beangste kuiken wil insluk, skuif die moedervoël saggies onder hom in, vang dit op met haar vlerke en dra dit veilig terug na die nes. En so word die swakke kuiken telkemale op die sterk vlerke van die ouer-voëls gedra totdat dit uiteindelik self kan vlieg!

Met hierdie beeld herinner die HERE Israel daaraan dat hulle verlossing uit Egipte en hulle aankoms by die berg Horeb om Hom te ontmoet, een magtige wonder is. Hy het aan hulle die blye boodskap gegee dat Hy hulle uit die slawerny sou verlos en hulle sou laat optrek na 'n goeie en wye land, na 'n land wat oorloop van melk en heuning. Hulle het geglo dat Hy dit sou doen en was gretig om te trek. Die blydschap was kortstondig. Met verswaarde diens het Farao sy mag gewys en hulle, klein van kragte en swak van moed, wou nie meer trek nie. Maar die HERE het sy volk wat so wou terugsak in die greep van die bese mag, vasgegryp en hulle met 'n sterk hand uitgelei — op arendsvlerke hulle gedra en hulle na Hom toe gebring! Deur die bloedpoort het Hy hulle geneem, veilig onder die oordeel uit en, verlos van die heerskappy van Farao, trek hulle dan! Met Farao agter, die woestyn weerskante en die see voor, oorweldig die angs hulle weer en in ongeloof roep hulle uit: "Wat het u ons aangedoen, dat u ons uit Egipte uitgelei het?" Hulle geloof is kragteloos en hulle sak terug in wanhoop! Die kuiken val sy dood tegemoet! Maar dan is daar weer die vlerke wat die val stuit! Die arendsvlerke van 'n barmhartige en lankmoedige Vader!

Hoe word die worsteling van die wat geroep word uit die ryk van die duisternis na die koninkryk van God toe, nie hier met skerp lyne voorgeteken nie! Jesus Christus het ons van onder die toorn van God uit die heerskappy van die duiwel uitgeruk. Ons weet dit! Ons is bly! Maar as die Satan op ons afstorm, al is dit net in sy laaste stuiptrekkings, om die vryheid wat ons deel geword het van ons weg te neem in versoeking, aanvegting, bedreiging, bespottinge, ja, op soveel maniere, laat kleingeloof en ongeloof ons in angs uitroep: "Waarom, o God, vind ons geen medely? Waarom verdryf u toom ons altyd verder? . . ." Dan val ons die donker dieptes in! Maar hoe goed is ons God en Vader nie vir ons, sy swakke kinders nie! Op arendsvlerke vang Hy sy vallende kind op, en dra ons na Hom toe as Hy ons deur sy Gees en Woord elke dag versterk! "Wees nie bevrees nie,

want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep, jy is myne!' Ons sien en beleef daagliks hoe onse Here Jesus ons hand vasgryp as ons die dieptes inval. Hy roep ons om na Hom te kom. Dan kan ons op die water loop! Maar as die winde om ons loei, die golwe hoog opspring voor ons, sink ons weg! Dan skuif Hy met arendsvlerke onder ons in en bring ons na Hom toe! Hy gryp ons hand en trek ons uit die golwe uit en laat ons nie die dood tegemoet gaan nie! Die wat die Vader aan Hom gegee het, sal Hy nooit loslaat nie! Hy het reeds toe Hy nog op aarde was, vir ons gebid en Hy bid nog elke oomblik aan die regterhand van die Vader, dat ons "geloof nie ophou nie; ..." (Luk 22:32). Die Heilige Gees gaan ons dan voor, terwyl die Here ons so hoog op arendsvlerke oor die gevare daaronder laat sweef, om te jubel: "Nogtans sal 'k altyd by U bly, niks sal my van U liefde skei, U wat my regterhand gevat het, vir wie 'k van harte liefgehad het. U sal my voortlei deur U raad, O God, my hulp, my toeverlaat; en na die dag van aardse stryd, my opneem in u heerlijkheid" (Ps. 73:10 Ber.)

Die HERE het Israel uitverkies, verlos, geroep en op arendsvlerke gedra en na Hom toe gebring — om Hom sigbaar by Horeb te ontmoet. En deur die verhaal van die wonder wat met Israel gebeur het te laat opteken, het die Heilige Gees aan ons voorgehou hoe Hy ons op arendsvlerke deur die lewe dra om eenmaal voor Hom te staan, Hom van aangesig tot aangesig te ontmoet op die nuwe aarde! Ons moet weet dat dit 'n magtige stryd is om los te breek uit die greep van die stuiptrekkende duiwel, maar ook weet ons dat die Here ons elke dag uit die gevare lig, en op arendsvlerke dra Hy ons oor die gevare heen om altyd by Hom te wees.

Amen

20. Die verblindende

majesteit van Hom met wie ons te doen het

LEES: Eksodus 20

TEKS: Eksodus 20:1, 2, 18 en 19

SING: Pss. 150:1 en 3; 119:62; 138:1; Skrifb. 24:1 en 3

Israel het aan die voet van die berg gestaan. Hulle het God daar ontmoet by die rokende berg te midde van donderslae en blitse en die geluid van die basuin. Die verskyning alleen was al so vreeslik dat hulle bewende op 'n afstand bly staan het. Hulle het teruggedei!

Toe — onder dit alles het hulle meteens 'n stem gehoor. 'n Magtige stem. Die stem van God. Die stem van die Almagtige wat net praat en dit gebeur! Dit is na Hom, wat Hom, reeds in sy almagsdade aan Farao en tegelyk aan Israel as die Een wat nooit sy Woord ontro is nie, geopenbaar het, wat hulle luister! Dit is die HERE hulle God wat hulle in sy trou deur almagsdade op arendsvlerke na Hom toe gebring het wat nou sy teenwoordigheid deur donderslae en blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bekendmaak. En ver bo alles het die stem dreunend aangerol en hulle voor die werklikheid van die verbond gestel. Hy het hulle uit die slawehuis uitgelei om Hom te verheerlik in troue diens. Met sy stem het die HERE hulle as't ware vasgevang in sy teenwoordigheid. En dit het hulle vreeslik bang gemaak! Bang, dat as hulle langer luister, hulle sou sterf. Die werklikheid dat hulle by God is, na Hom luister, was vir hulle te veel: dit het hulle oorweldig.

Dit is so moeilik om in woorde uit te druk wat destyds daar by Horeb gebeur het. God, die HERE, het sy Majesteit en heerlikheid so sigbaar en hoorbaar aan die volk getoon dat dit nie anders kon as dat hulle sou besef dat hulle altyd te doen het met die lewende God nie. Dawid sou soveel eeue later dieselfde ervaring in Psalm 139:5 en 6 onder woorde bring: "U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my. Om dit te begryp is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie." En geliefde gemeente, kan u en ek daar by? Net die gedagte oorweldig 'n mens. Hoeveel te meer sal ons nie sidder by so 'n tasbare en hoorbare verskyning van die grote God wat ons na sy voorneme roep nie? Die mens, ook die geroepe mens, praat so maklik oor Hom — maar is ons wel onder die indruk van sy teenwoordigheid? Dat Hy ons na Hom toe gebring het en dat ons elke oomblik omsluit is deur sy Majesteit en heerlikheid? Dat ons werklik met die lewende God, wat ons op arendsvlerke gedra het om met Hom te lewe, te doen het? Dit is tog so belangrik dat ons dit weet, dat ons hom nie wegdink as een wat ons van ver af beskou of as 'n onwerklike inbeelding nie. Ons leef meestal so asof Hy nie naby is nie, asof Hy nie hoor of sien nie. Stel u nou voor dat Hy wat wel by ons is en vir wie ons nie kan sien of selfs mee rekening hou nie, meteens te midde van blitse en die geluid van 'n basuin met 'n vreeslike stem, sy teenwoordigheid bekend moet maak! Hoe bang sal ons nie wees nie!

Moses sê dat Hy so aan Israel verskyn en so met hulle gepraat het om hulle te beproef. Beproewing bring egtheid aan die lig. In die geval die egtheid van die beleving van die verbond. Dit moes uit Israel se reaksie op die sigbare betoning van God se Majesteit duidelik uitkom dat die wat Hy na sy voorneme geroep het, weet wie Hy is en eerbied vir Hom het; dat hulle Hom vrees. Dit moes aan die lig kom dat hulle nie net weet met wie hulle te doen het nie, maar ook dat hulle hulle plek teenoor Hom ken. Al is hulle geroep, moes hulle besef hulle is in hulleself tog onwaardige mense wat die majesteit van die HERE nie kan verduur nie. Toe Israel met die aankoms by Horeb voorberei is vir die ontmoeting met God, het Hy aan Moses gesê: "Ky, Ek sal in 'n dik wolk na jou toe kom, dat die volk kan hoor as Ek met jou spreek, en hulle ook vir altyd aan jou kan glo". Hulle is na die terugblik op die manier waarop hulle by Horeb gekom het om die HERE te ontmoet, onder die indruk gebring van die verbondswerklikheid. Heerlik was dit om te weet dat God hulle God, en hulle sy volk is. Vir geen vyand hoef hulle bang te wees nie,

niks sal hulle ontbreek nie. Hy sorg vir die wat Hy na sy voorneme roep. Hulle weer sal na sy "stem moet luister en My verbond hou". Omdat hulle aan Hom behoort, moet hulle die lewe wat hulle leef, vir Hom leef. Hulle moet vra hoe Hy wil hê dat hulle hulle moet gedra en dan doen wat Hy sê. Sonder aarseling het hulle eenparig daarop geantwoord: "Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen". Toe het God gespreek in verhewe majesteit. Toe het Hy gesê wat Hy eis. Eerstens dat hulle wat Hy op arendsvlerke na Hom gebring het, Hom alleen as God sal ken en eer en dit net op die manier waarop Hy geken en geëer wil wees (Eerste 4 geboorte). Tweedens het Hy voorgeskryf hoe die wat aan Hom behoort, hulle moet gedra in hulle persoonlike lewe sowel as in die samelewing (laaste 6 geboorte).

In die ontmoeting by Horeb het die HERE Israel op 'n duidelike manier laat verstaan wat die verbond beteken en hoe die verbond hulle hele lewe omgekeer het. Die manier waarop die ontmoeting plaasgevind het, het Israel oorweldig. Toe eers het die nuwe werklikheid, waarin hulle roeping hulle geplaas het, tot hulle deurgedring. Die grootheid van God en die grootheid van die eise wat die verhouding tot Hom stel, maak dat hulle nie meer so seker was dat hulle alles wat Hy gespreek het, sal kan doen nie. "En hulle het vir Moses gesê spreek U met ons dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons". Die oormoed van 'n kort rukkie gelede het onder die beproewing plek moes maak vir ootmoed. Die Fariseër wat so seker was van homself, moes plek maak vir die tollenaar wat geweet het hoe groot sy sonde en ellende is! Israel se versoek kom neer op die smagtende bede van die tollenaar "O God, wees my, sondaar, genadig!"

Israel het by die verskyning en by die aanhoor van die stem van God geleer dat, al het hulle hulself gereinig, hulle nie waardig was om God te ontmoet of aan sy eise te voldoen nie. Nou gryp hulle na Moses — iemand moet tussen hulle en God kom staan, anders is dit onmoontlik om by Hom te wees. Iemand moet as't ware die strale van sy heerlijkheid versag en tegelyk ook die las van die eise wat aan hulle gestel word om by Hom te kan bly, op hom neem en op 'n draaglike wyse aan hulle deurgee. Iets van die noodsaaklikheid van 'n middelaar om die verbond moontlik te maak, dring hier by Horeb deur tot Israel. Voorheen het Moses reeds vir hulle ingetree by God, maar nou vra hulle self dat hy vir hulle moet intree. Hulle kan nie sonder hom omgang met God hê nie! En dit weet ons ook nou by vernuwing baie goed: ons het 'n middelaar nodig deur wie ons ons roeping en verkiesing kan vasmaak.

In Deuteronomium 18 herinner Moses die volk weer aan hulle versoek dat hy vir hulle moes intree en dat die HERE vir hom gesê het: "Dit is goed wat hulle gespreek het." Dan gaan hy verder om te toon dat daar 'n dieper betekenis in hulle versoek was, al het hulle dit self nie besef nie, as hy voortgaan om die belofte van die HERE as antwoord op hulle versoek weer te gee. " 'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en ek sal My woorde in sy mond lê; en Hy sal aan hulle alles sê wat Ek Hom beveel" (vers 18). "Na Hom moet julle luister" (vers 15). "En die man wat nie luister na My woorde wat Hy in My Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis" (vers 19). Hulle versoek het dan eintlik baie meer ingehou as wat hulle op die oomblik bedoel het. Moses sou vir hulle intree en dit moontlik maak dat hulle daar in die woestyn omgang met God kon hê, maar hy wys in sy optrede ook vooruit na die groot Profeet wat die volle insig in die verbond sou gee en ook aan die volle eis daarvan vir die wat geroep is, sou voldoen.

Hierdie ontmoeting by Horeb, geliefde gemeente, wat uitloop op die roep na 'n middelaar om wat in die roeping van die volk begrepe is, 'n werklikheid te laat word, is ook vir ons opgeteken om ons roeping te kan verstaan. Eerstens laat die Heilige Gees ons hier besef dat, wat Hy deur Moses en die ander profete gesê het, sy Woord is. Met eerbied moet ons luister na wat Hy in sy Woord deur hulle, ook in die bediening daarvan, aan ons sê. Hulle, en die verkondigers van die Woord deur hulle, is net sy dienaars. Dit is en bly Hy wat met ons spreek as ons die Woord lees terwyl ons in ons huis sit of in die erediens hoor! Die stem van onse God wat vir ons te magtig sou wees as ons dit moet aanhoor, kom tog nog tot ons al is dit "versag" deur die profete. Wie die profetiese Woord hoor,

hoor God en moet met 'n diep ontsag luister. Wie met die Woord omgaan, gaan met die lewende God om en dan betaam eerbied ons! Deur sy Woord, al is dit deur bemiddeling van mense, maak Hy sy werklike teenwoordigheid by ons en ons werklike teenwoordigheid by Hom bekend. Die manier waarop ons met sy Woord, die Bybel, omgaan sal toon of ons bewus is van sy teenwoordigheid by ons en of ons Hom met eerbied ontmoet. En, geliefdes, dan begin mens onrustig raak oor die manier waarop ons vandag met die Woord van God deur die profete omgaan. Ligvaardige grappies oor die Bybel; ligsinnige gebruik van die inhoud daarvan asof dit blote mensewoorde, gebore uit menslike insigte en verlangens is, is 'n duidelike vingerwysing dat ons al hoe minder met ootmoed voor die lewende God staan. In die uiterste gevalle waar mense hulle self bo die Woord aan die profete stel en beter weet as wat God deur hulle gespreek het, word nie eens meer besef dat daar maar weer in die paradyssonde geval is nie! Jy weet beter as Hy en jy het geen behoefte aan sy teenwoordigheid nie! En omdat jy Hom nie sien of sy magtige stem direk hoor nie, dink jy hy is ver weg, of Hy hoor of sien nie en weet niks van jou nie. Onthou dan net waar sy Woord is, al is dit deur mense aan ons gebring en al word dit deur mense aan ons verkondig; ja, waar sy Woord is, is Hy. En wee hom of haar wat Hom nie met eerbied en diep ontsag ontmoet nie!

God spreek in hierdie laaste dae tot ons deur die Seun, Jesus Christus. Hy is die Profeet van wie Moses en al die profete na Moses ten slotte getuig het as ons hoogste Profeet. Hy het nie alleen in aansluiting by Moses en die profete die woorde van God aan ons deurgegee nie. Hy gee ook die insig daarin en die wil sowel as die krag deur sy Heilige Gees om dit te doen. Hy is groter as Moses en die profete daarin dat Hy nie alleen die woorde van God deurgegee het nie. Hy het deur sy volkome gehoorsaamheid daaraan in ons plek ons kinders van God gemaak wat, opgewek in 'n nuwe lewe, bewus voor die aangesig van die lewende God in groot vrees, met groot eerbied en toegewyde gehoorsaamheid lewe. Deur Hom, onse Here Jesus Christus, spreek God van genade op genade betoon aan die wat Hy na sy voorneme roep.

Amen.

21. Die stryd om ons roeping en verkiesing vas te maak

LEES: Eksodus 21 tot 23

TEKS: Eksodus 21:1

SING: Pss. 92:1 en 3; 119:2 en 11, 25:1 en 2; 9:1 en 2

So pas is ons saam met Israel oorweldig deur die teenwoordigheid van die heilige God wat ons op arendsvlerke na Hom toe gebring het. Ons behoort aan Hom kragtens die roeping waarin Hy ons verkiesing bekendmaak. Hy het ons uit die slawehuis gelei deur die Bloedpoort heen onder die heerskappy van die duiwel uit om Hom te dien. Die oorsprong, wese en doel van die kerk as vergadering van geroepe uitverkorenes wat 'n heilige nasie tot eer van die Here is, is in die gebeure met Israel so helder voor ons gestel. Die wet van die Here, sidderend aangehoor deur Israel uit die wolke donkerheid, is die voorskrif vir die gedrag van hulle wat Hy opgewek het in 'n nuwe lewe en deur die Heilige Gees van harte gewillige en bereid gemaak is om verder vir Hom te lewe.

Vir ons is dit nou 'n vreemde wending as die aandag voorts gevestig word op "die verordeninge wat jy hulle moet voorhou." Na die majestueuse en goedgeordende vorm en inhoud van die wet, soos weergegee in hoofstuk 20, maak die "verordeninge" of bepalinge waarvan hier sprake is, die indruk van 'n bundel ongeordende voorskrifte met die oog op sekere sake waarmee die Israeliet in die alledaagse lewe te doen gekry het. Dit kon maklik die gedagte wek dat ons nou te doen het met voorskrifte wat net vir Israel bedoel was en dat die kerk vandag niks meer aan die bepalinge het nie. Dit kan egter nie wees nie — want ook "die verordeninge wat jy hulle moet voorhou" is op bevel van die Heilige Gees aangeteken, sodat die kerk van alle tye daarop moet ag gee.

Die verordeninge of voorskrifte is ook vir ons nodig met die oog op die reis na die ewige Kanaän — die nuwe aarde! Die eerste wat opval in die ondersoek na die betekenis van die voorskrifte vir ons, is dat die bevel om dit wat aan Israel voorgehou moet word, direk gekoppel is deur die woordjie "en", aan wat in die voorafgaande gedeelte beskryf is. Die bevel om die verordeninge voor te hou volg dan eerstens op 'n ander bevel, naamlik dat Moses aan Israel móés sê: "Julle het self gesien dat Ek met julle van die hemel af gespreek het. Julle mag naas My geen silwergode maak en geen goue gode vir julle maak nie" (20:22, 23). Ook reël God self die offerdiens; dat en hoe hulle 'n altaar moes maak "op elke plek waar Ek my Naam sal gedenk, ..." (20 vers 24). Hy laat selfs nie na om aandag te gee aan die ligging van die altaar nie. As daar met trappe na die altaar toe opgeklim moet word, kan die hele bedoeling van die offer tot eer van die HERE verduidel word. Die offer kan dan eerder aanleiding tot sonde gee as die offeraar se "skaamte" ontbloeit word terwyl hy die trappe opklim.

Die bevel laat dadelik dink aan die eerste gebooe. Dit is asof Israel weer hoor: "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie." Hulle behoort nou aan die Here; dit moet hulle onthou. Hulle is uitgelei uit die slawehuis om Hom te dien, dat hulle vir Hom " 'n fees kan hou in die woestyn" (5:1). Ook in die woestyn, hierdie wêreld, moet sy kerk Hom alleen as God erken en eer!

Dit is egter nie al nie. Daar volg nog voorskrifte "wat jy aan hulle moet voorhou." Dit skryf onder andere die optrede teenoor Hebreeuse slawe en slavinne voor. Verder word die lewe van 'n mens op allerlei maniere teen die bedreiging van mens en dier beskerm. Aanranding van vader of moeder moet met die dood gestraf word. Ook die beoordeling van die vergryp teen 'n mens se lewe, selfs teen die van 'n ongebore kind, word in besonderhede voorgeskryf. Noukeurige bepalinge waak teen diefstal, beskadiging en selfs nalatige hantering of bewaring van die eiendom van die naaste. Die huwelik moet eerbaar gehou en beskerm word teen losbandigheid; terwyl voorsorg getref word dat vreemdelinge, weduwees en wese sowel as armes nie veronreg word nie.

Dit is nou verder opvallend, broeders en susters, dat al hierdie verordeninge en ook die wat later op die reis bygevoeg sou word, betrekking het op die Wet wat die HERE hoorbaar uit die wolke donkerheid aan Israel gegee het. Dit raak almal, of die erkenning

van God, die enige Here, en die diens tot sy eer, óf die verhouding tot die naaste insoverre dit betrekking het op die lewe en eiendom. En nou is dit duidelik dat die bepalings die verbreking of moontlike verbreking van die Wet, op Sinaï gegee, sowel as die gevolge daarvan as agtergrond het. Dit roep in herinnering die tekens van verzet wat van die begin af by die geroepenes opgemerk is. Hulle is byvoorbeeld huiwerig en selfs weieragtig om te trek as die moeilikhede waarmee hulle te doen kry, vir hulle te groot lyk. Die HERE moes hulle by meer as een geleentheid as 't ware voortdwing. En toe, na die bevryding uit die slawehuis, die nuwe lewe by Sinaï gereël is, kom die voorskrifte in verbiedende vorm. Dit beklemtoon die gevaar dat nie daarvolgens gelewe sal word nie — so asof hulle tog ander gode sal wil hê en gesnede beelde sou maak van silwer en goud! Asof hulle tog kan en sal verval in 'n eiewillige godsdienst. En asof hulle hulle tog sal vergryp aan hulle ouers, hulle naaste se eer, lewe en goed!

Hierby sluit die verordeninge wat Moses "hulle moet voorhou" aan. Die verordeninge kan gesien word as 'n omheining van die Tien gebooe omdat ook die wat die HERE na sy voorneme roep, nog altyd vasgevang sit in die gevolge van die sonde.

Die oue mens in ons wat behae het in die kwaad, dit wil doen en dit doen, is nog nie dood nie. Ons is kragtens ons roeping op grond van die verkiesing verlos van die toorn van God en van die heerskappy van die duiwel; ons is by Hom. Hy skryf aan ons voor hoe ons ons in alle opsigte moet gedra. Ons moet net doen wat Hy sê — so eenvoudig is dit. Tog is dit andersyds ook weer nie so eenvoudig nie! "Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek" (Rom. 7:18 en 19). Kyk maar na ons lewe van elke dag. Dit kos 'n stryd wat alle kragte opeis, om te besef dat ons aan die lewende God rekenskap moet gee van al ons doen en late, om te vra na sy wil en net om dit te probeer doen! Let ons op die verordeninge blyk dit baie duidelik dat dit met die werklikheid van die stryd om die oue mens te weerstaan, te doen het. So blyk dit dat al die verordeninge twee dinge gemeen het. Die eerste is dat in aansluiting by die omstandighede van destyds daarmee beoog word om te verhoed dat die oue mens in ons die oorhand kry. 'n Hebreeuse man, dus iemand wat verlos is uit die slawehuis en eiendom van die Here is, sou twee keer dink om 'n mede geroepene te verslaaf as hy weet dat die Here hom beveel om die slaaf na ses jaar vry te stel. Al sou hy geen agting of liefde hê vir sy mede-geroepene nie en hom wou verslaaf, word hy deur die bepaling gedwing om daaroor na te dink. Dit sou hom nie betaal nie en as hy tog voortgaan om sy sondige begeerte te bevredig, temper die Here die gevolge van die sonde vir die veronregte met die voorskrif dat hy na ses jaar vrygelaat moet word.

As iemand 'n meisie wil verlei en hom nie steur aan die wet van die Here aangaande die huwelik nie, word hy deur die verordeninge gedwing om ten minste aan die gevolge van sy daad te dink. Die bepaling dat hy met haar moet trou of ten minste die volle huweliksprys moet betaal, het meegewerk dat selfs losbandiges onder Israel hulle wellus betuel. Nog sterker kom die voorkomingsfunksie van die verordeninge uit in die bepaling dat een wat sy vader of moeder slaan, gedood moet word. Al bring die oorheersing deur die oue mens 'n ontaarde kind wat geen eerbied vir sy ouers het nie sover om sy minagting brutaal te toon dat hy nie sal skroom om sy vader of moeder te lyf te gaan nie, weerhou die gedagte aan die straf hom van die daad. Dieselfde geld die twissoeker; die wat in versoeking is om hulle te vergryp aan 'n ander se eiendom, ensomeer. In die stryd om die oue mens te weerstaan en dood te maak, het Hy wat ons roep en eis dat ons heilig in sy diens moet wees, mededoë met ons! Deur sy voorskrifte in ons alledaagse lewe met betrekking tot ons verhouding tot Hom en ons naaste, omhein Hy as 't ware die nuwe lewe waartoe Hy ons roep. Hy beskerm dit teen ons oue mens wat so graag die beheer oor ons doen en late wil oorneem. As ons deur die omheining breek en swig voor die oue mens en nie na die Here luister nie, temper Hy voorts op verskillende maniere die verwoestende gevolge van die sonde in die lewe van die gelowiges — vir die oortreder sowel as die teen wie oortree is! Dink maar aan die voorskrifte om die verstote vrou te beskerm en die bevel tot vergoeding by diefstal en

nalatigheid.

Waarlik: Hy wat ons roep sorg so ook deur die verordeninge wat sy wet omhein, dat ons ons roeping en verkiesing kan vasmaak. Hy het beloof dat die poorte van die hel sy kerk nie sal oorweldig nie — vandaar ook die verordeninge wat Israel en ons tot vandag toe voorgehou moet word. Vir 'n Christelike samelewing is dit van lewensbelang om ook vandag op die verordeninge ag te gee. Dit moet — wel ontdaan van die Israelitiese en toegepas op huidige omstandighede — ingeweeft wees in alle wette waardeur ons lewe beheers word. Waar die owerhede heidens of antichristelik is en hulle nie daaraan steur nie, moet elke geroepe heilige nogtans op bevel van die Here, daarop ag slaan! Meeste van die verordeninge kan vandag, indien nie netso nie, tog in beginsel toegepas word in ons samelewing. Die bewering dat die verordeninge ou Israelitiese wette is wat ons nie raak nie, is 'n dwaling. Hoe beter ons die verordeninge ken en daarna handel, hoe meer sal ons vorder in die stryd teen die oue mens in ons alledaagse gedrag. Die vraag is net of ons nog luister na die Here en of ons sy hand van medelyde, wat in die verordeninge na ons uitgestrek is, wil vasgryp! En juis hier kom hervorming ter sprake. Baie mense gebruik die woord vandag asof hervorming bloot verandering is en juis die brutale omverwerping van die hele samelewing en die verset teen alle gesag toe as baie goed. Maar hervorming is heeltemal iets anders. Dit is volgens die Skrif bekering, 'n breuk met die oue mens en die sondige pad waarop dit voorgaan; 'n terugkeer na die Here en 'n soeke na sy verordeninge. Ons moet kyk na ons alledaagse lewe; ons optrede teenoor arbeiders of werkgewers; in ons huwelik; met betrekking tot ander se eiendom teenoor die owerhede, en so meer. Ons moet vra of die wette wat ons persoonlike lewe en samelewing beheers, die Wet van die Here beskerm en afdwing en of die strawwe by oortreding nog die gevolge van die sonde temper omdat dit deurweeft is met die verordeninge van die Here wat aan ons voorgehou word! Kyk ons onder andere na die egskeidingswette en ook die gedrag van gelowiges onder huweliksprobleme, die wette wat die sedes beheer, sensuurwette, wette wat die verhouding tussen arbeiders en werkgewers bepaal, roep dit en baie meer na bekering! Na 'n terugkeer tot die verordeninge van die Here! Die gevaar is dat ons ook inval by die moderne hervormingskreet en juis so meewerk aan die uitbanning van dit wat nog in ons staatkundige en samelewingsreëls van die verordeninge van die Here oorgebly het!

Amen.

22. Die rus

LEES: Eksodus 23

TEKS: Eksodus 23:12

SING: Pss. 89:1 en 6; 31:17; 130:3; 92:1 en 6

Die Heilige Gees gaan in Eksodus 23 voort om die kind van die Here te herinner dat hy kind is; 'n kind wat swak is en onderskraag moet word om kind te bly teen alle verset in. Vandaar dat die wet enersyds uitgelig word as reël waarvolgens die kind van die Here moet leef, en andersyds word dit omhein met die verordeninge of bepalinge om die kind in die spoor te hou! Die vyand, die duiwel, wat ons eie bose aard en die wêreld tot sy beskikking het in sy poging om ons ontroue kinders te maak, is magtig. Ons roeping kragtens God se ewige verkiesing werp ons inderdaad in 'n magtige stryd; 'n stryd wat finaal nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bose geeste in die lug! En dit na siel en liggaam. Die blote bestaan is 'n worsteling terwyl die innerlike mens kreun onder die angste en bekommernisse wat opgewek word deur versoekinge, aanvegtinge en teëspoede. Dit gee 'n stryd af om lewe en dood! Die kinders van die Here raak dan so vermoeid! So moeg was Elia van die stryd teen Agab met sy Baälpriesters en van die vlug voor Isebel uit dat hy onder 'n besembos gaan sit en gewens het dat hy mag sterwe. Hy het gesê: "Dit is genoeg, neem nou my siel weg, Here, ..." (1 Kon 19:4). Het hierdie moegheid nie dalk die kerk van die Here vandag so oorval dat ons ook kragteloos gaan sit het om te vra: wat help alles tog? Die wet van die Here word verkrag. Sy diens op eiewillige manier ingerig; naas Hom op afgode vertrou. Terwyl met venyn stemming gemaak word teen wat van sy verordeninge in die reëling van die staatshuishouding oorgebly het, of selfs net daaraan herinner, raak die stem van die gelowiges al hoe stiller. Lydelik kyk ons toe hoedat die stem van die Here oordonder word deur die stem van die mense wat self hulle lewe wil reël. Ons kinders, verbondskinders, volg die voorskrifte van die wêreld in die plek van die verordeninge van God as reël van die lewe. Die ouers en die na wie die verbondsjeug vir leiding moet opsien — ook baie bedienaars van die Woord en ouderlinge, die herders — swyg nie net oor die ontaarding nie, maar moedig die afval selfs aan deur die aanpassing by die wêreld se leefwyse goed te praat. Waarskuwings teen die ontrou, vermaning en bestrawwing omdat die gebooe van die Here geminag word, word met weersin bejeën en opgevolg met 'n berekende drif om nog verder te gaan in die aftakeling van die lewensreëls deur die Here voorgeskryf! Wie probeer om die opkomende anti-christelike verset teen die ware diens van God ooreenkomstig sy verordeninge teen te gaan, kry te doen met 'n toenemende onversetlike en vyandige houding, ook in die kerk. Dit is asof niemand hoor dat daar gevaar is nie; asof niemand sien dat die verbond verbreek en die lewende God verloën word nie! Dit help nie om tereg te wys, te vermaan of te bestraf nie! Die stroom van afval spoed voort en sleur alles in sy pad saam! Ons is moeg om te keer! Wat meer is: ons is moeg om teen onself te stry! Ons oue mens laat ons vra of dit nie maar beter is om met die stroom saam te gaan nie. Is dit werklik nodig dat ons moet stry teen die leefwyse in losbandigheid waarna ons self diep hier binne so smag? Die vrae vermenigvuldig dan. Veral as ons soos Asaf begin redeneer — en dit is juis die manier waarop ons oue mens ons laat redeneer. Daarom het die Heilige Gees dit deur Asaf laat opteken — dat die goddelose mense voorspoedig is. "Want daar is geen kwellings by hulle nie, gesond en vet is hulle liggaam. In die moeite van sterweling is hulle nie en saam met ander mense word hulle nie geplaag nie . . . waarlik, tevergeefs het ek my hart rein gehou en my hande in onskuld gewas. Die hele dag tog is ek geslaan, en my tugtiging was daar elke môre (Ps. 73:4 en 5, 13 en 14). So praat die kind van die Here wat moeg geword het en besig is om te verkrummel in die stryd!

Terwyl ons bepeinsing oor die nuwe lewe ooreenkomstig die wet van die Here soos dit in hierdie sondige wêreld omhein is deur die verordeninge, in 'n doodsgevaarlike vermoeidheid vasloop, gaan ons terug na Eksodus 23. En dan, so asof uit die niet, word die noodsaaklikheid van *rus* na vore gebring! Een oomblik hoor ons nog hoe jy jou teenoor 'n vreemdeling moet gedra, en die ander dat die saailand na ses jaar moet rus.

Hierdie hele gedagte aangaande die rus word in verse 12 en 13 saamgetrek: "Ses dae moet jy jou werk verrig, maar op die sewende dag moet jy rus, dat jou os en jou esel kan uitrus en die seun van jou slavin en die vreemdeling kan asem skep. En in alles wat Ek julle gesê het, moet julle jul in ag neem. En die naam van ander gode mag julle nie vermeld nie, dit mag uit jou mond nie gehoor word nie." God die Here roep tot stryd; 'n vermoeiende stryd, maar Hy sorg ook dat die vermoeides rus vind en weer nuwe kragte versamel.

Hy wat ons roep, weet watter maaksel ons is, dat ons vlees en bloed is. Hy weet dat om die bestaan aan 'n vervloekte aarde te ontworstel die kragte sloop en die vermoëns laat afneem. Hy weet dat die liggaam en gees op die duur sal knak as daar geen verposing kom nie. Jy, sowel as die mens en dier en selfs die aarde, wat saam met jou betrokke is in die stryd om die bestaan, moet asem skep! Elke rusdag wat op bevel van die Here aanbreek is die bewys van sy barmhartigheid. As die spiere ontspan en die gees rustiger word terwyl die kragte terugkeer om by vernuwing die vervloekte aarde aan te durf ter wille van die bestaan, weet ons dit is ons Here wat in sy medelyde die dag gegee het, en so sorg dat die noodsaaklike rus die kragte versterk. Maar, geliefde gemeente, hoe genoeglik die rus wat ons met alle mense en selfs die diere deel, ook al is, dit is nie genoeg nie. Terwyl die spiere ontspan en die gedagtes vir 'n wyle afgetrek word van die eise en bekommernisse wat die stryd om te bestaan meebring, moet dit gevestig word op die Here! In alles wat Hy gesê het "moet julle jul in ag neem." Hy alleen is God, van niemand anders is iets te wagte nie. Die afgode se name mag "uit jou mond nie gehoor word nie." Van hulle mag nie eens gepraat word as moontlike helpers nie; nog minder mag ons aan enigiemand of iets anders eer bewys asof daarvan iets te wagte is. So word die betekenis van die vierde gebod in die eenvoud en diepte daarvan hier aan ons voorgehou.

Ons hulp is van die Here wat die hemel en die aarde gemaak het. Ons gedagtes moet dan op die rusdag afgetrek word van die sorge en laste om ons in alles wat Hy gesê het, in ag te neem. Ons moet dink oor wat Hy gesê het oor sy verkiesing en sy verbond; oor hoe Hy die moeite en gesug van die wat Hy verkies het, sien en hoor. Ons moet in ag neem dat Hy ons geroep en teen alle weerstand na Hom toe gebring het om Hom te dien — om ons lewe na sy gebooie te reël. Ons moet daarmee rekening hou dat Hy aan ons gesê het dat ons met alles wat ons het, aan Hom behoort. Deur die Bloedpoort heen het Hy ons na Hom gebring. Israel is deur die fees van die ongesuurde brode sowel as die oesfees gedurig daaraan herinner. Ons word ook steeds daaraan herinner deur die Nagmaal dat die Bloedpoort die enigste toegang tot die Here is en die enigste waarborg dat ons altyd veilig is as ons by Hom bly. Die Bloedpoort het destyds reeds heengewys na die bloed van die Lam van God, ons Here Jesus Christus, wat die toom van God van ons wegkeer en die skeidsmuur tussen ons en die wêreld is. Die bloed gee ons die vrymoedigheid om, as ons in die stryd dodelik vermoeid raak, om as kinders van God ons roeping te vervul, na sy troon te vlug om barmhartigheid te verkry en op die regte tyd gehelp te word!

Op die rusdag, wanneer die liggaam ontspan en die gees alles wat die Here gesê het, in ag neem, daal die rus ook in die verwarde beangste gemoed van God se kinders. Deur die versekering uit wat Hy gesê het dat ons in lewe en sterwe aan Hom behoort, stort die Heilige Gees weer nuwe hoop en nuwe kragte in ons en verdryf die moedeloosheid. Die roepingsweg lê dan weer oop en die wete dat Hy wat roep, getrou is laat ons dan opnuut doen wat Hy gesê het. Hy versterk ons om ons lewe ooreenkomstig sy gebooie en verordeninge te reël. Wie die rusdag heilig; dit gebruik waarvoor dit gegee is, rus dan nie net na die liggaam nie, maar vind die ware rus by die Here en jubel: "O my siel, waarom onrustig? . . . Waarom in Gods lof onlustig as die vyand jou bestry? . . . Hoop op God in Hom weer rustig! In sy lof sal 'k my verlustig!" (Ps. 42:3 Ber.). My lewe, *nou*, is in sy hande en die lewe wat ek leef, leef ek vir Hom. Hy stuur sy Engel voor ons uit om ons op die pad te bewaar en om ons na die plek te bring wat hy vir ons gereed gemaak het. Na Hom, onse Here Jesus Christus, moet ons luister en teen Hom mag ons nie wederstrewig wees nie!

So, gemeente, gryp die rusdag wat ons nou elke week kan geniet vooruit op die sabbatsrus wat vir die volk van God oorgebly het. Wie die rusdag minag en onheiligh, verkwansel die rus vir die verterende gejaag en angs wat ons tyd toenemend beheers. Hoe meer die mens sonder God die rus soek en die angs wil verdryf deur allerlei eie pogings wat dikwels uitloop op uitspattighede, hoe onrustiger en vreesagtiger word sy gees. Suid-Afrika wat deesdae nie tyd het om die rusdag te vier nie, dit opeis vir die sport- en geldgod, gaan onafwendbaar 'n toekoms van matelose onrus en angs tegemoet!

Die Heilige Gees hou egter aan die wat Hy na sy voorneme roep, die rus voor wat vir die volk van God oorgebly het. Die rus wat by Hom te vinde is, langs die weg wat Hy bepaal het: ". . . op die sewende dag moet jy rus . . ."! Die rus tot verkwikking in die aardse stryd, is noodsaaklik vir elkeen wat teen alle verset in besig is om sy of haar roeping en verkiesing vas te maak!

Amen.

23. Pasop vir vermenging

LEES: Eksodus 23

TEKS: Eksodus 23:22-33

SING: Skrifb. 24:1, 7; Pss. 142:2, 4; 128:1; 1:1,4

Ons roeping en verkiesing werp ons op aarde in 'n voortdurende en vermoeiende stryd. Deur die Sabbat te heilig en ag te gee op die Woord van die Here vind ons rus en word ons kragte vernuut om te kan volhard tot die einde toe. Die apostel Petrus noem dit die "profetiese Woord wat baie vas is, waarop julle moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn ..." (2 Petrus 1:19). Kragtens die profetiese aard van wat die Here reeds aan Moses gesê het, kry die strydende kinders van God deur die Woord 'n insig in sy verlossingsraad. Ons sien Hom in die gebeure met Israel aan die werk terwyl Hy sy voorneme in die roeping van sy kinders uitvoer.

In ons teksgedeelte word die aandag eerstens gevestig op die belofte dat Hy aan hulle 'n land wat oorloop van melk en heuning sal gee — die plek wat Hy gereed gemaak het. Die Amoriete en Hetiete en Feresiete en Kanaäniete, Hewiete en Jebusiete wat toe in die land gewoon het, sou Hy vernietig. Hulle sou die alleenreg op die land hê. In hierdie belofte, gemeente, weet ons, is die belofte afgebeeld waarvan die apostel Petrus praat as hy sê: "Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon" (2 Pet 3:13). Die ou wêreld gaan deur die oordeel van die Here met gedruis verby (vgl. 2 Pet 3:10). Dit word afgebeeld in die belofte aan Israel dat die Here die heidenvolke sal vernietig. In die geval sou Israel in opdrag van die Here die heidenvolke vernietig. In die geval sou Israel in opdrag van die Here die gerigsvoltrekker wees terwyl Jesus Christus, Seun van Dawid, die gerigsvoltrekker aan die einde sal wees! Die hoofsaak in die roeping en verkiesing van Israel en so van die kerk is dat op die gereinigde vernieude aarde, nadat al die vyande vernietig sal wees, net die sal woon wat die Here na Hom geroep en gebring het om Hom in volkomenheid te dien. Dit is die hoofsaak! Daarom sê Jesus ook: "Ek gaan om vir julle plek te berei en as Ek . . . vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem . . ." (Joh. 14:2 en 3). Maar tweedens, die volkome alleen wees by die Here sal nog toef! Dit sal nie dadelik volle werklikheid wees nie. Daar kom eers 'n tyd van saam wees in die land. Die Here sê aan Moses: "Ek sal hulle nie in een jaar voor jou uitverdrywe nie, . . ." (23:29 en 30). Jesus stel dieselfde gedagte dat die wat die Here na sy voorneme roep, vir 'n tydlank saam op aarde moet leef in die gelykenis van die koring en onkruid wat saam op die saailand groei (vgl. Matt 13:30 en 38). Die goddeloses oor wie die oordeel destyds as voorbeeld vir ons voltrek is, sou vir 'n tydlank saam met Israel woon. "Ek sal hulle so langamerhand voor jou uitdrywe, totdat jy vrugbaar word en die land beërwe." Hulle getalle moes eers groot genoeg wees om die land in besit te neem, en hulle moes eers tot staatkundige volwassenheid kom. Dit het eers gebeur ten tye van Dawid en Salomo toe hulle die land volgens die beloofde landsgrense beset het.

Die woord aan Moses het as profetiese woord die woord van Jesus vooruitgeleef dat as die evangelie van die koninkryk in die hele wêreld tot 'n getuigenis vir al die nasies verkondig is, "dan sal die einde kom." (Matt 24:14). Wanneer almal dan na sy voorneme geroep is, breek die tyd eers aan dat hierdie aarde, terwyl die goddeloses geoordeel word, gereinig en vernuut, die woonplek van God se geroepe heiliges alleen sal wees.

Intussen toef die finale oordeel ook vir die kerk nou ten goede. Dit word met betrekking tot Israel nugter en prakties, met die oog op die omstandighede van destyds, uitgedmk. "Ek sal hulle nie in een jaar voor jou uit verdrywe nie, dat die land nie woens word en die ongediertes nie teen jou te veel word nie" (vs. 29).

Die Here toef ook nou, voor die voleinding nie willekeurig nie. Die tyd van stryd op 'n vervloekte aarde laat Hy ons ten goede kom. Hy laat die wat Hy roep, ook in die tyd opgroei tot volwassenheid in Christus.

Die saamwees met die ongelowiges in die tyd is egter ook gevaarlik. Dit word ingeskerp

deur die verbod: "Hulle mag in jou land nie woon nie, dat hulle jou nie verlei om teen My te sondig nie. Want jy sal hulle gode dien; ja, dit sal vir jou 'n strik wees." Die bevel sien op die tyd as die oordeel vir die volke in Kanaän aangebreek het. Hulle moes uitgeroei en verdryf word. Waar die oordeel die eindoordeel en die gereedmaking van die nuwe aarde as uitsluitlike woonplek van die wat die Here na sy voorneme geroep het, in vooruitsig stel, lê die verbod weer die nadruk op gevaar wat die saamwees intussen vir die gelowiges inhou. Die *saamwees* op aarde mag nie 'n *saamwoon* wees nie. Die Kanaäniete moes uitgeroei en verdryf word sodat Israel nie met hulle in Kanaän kon saamwoon nie. As mens saam woon, doen jy dinge saam. En as Israel met die goddelose nasies sou saam woon, sou dit beteken dat hulle voor hulle afgode sou neerbuig en hulle dien. Hulle sou dan die nasies se gewoontes oorneem en hulle nie steur aan die lewensreël wat die Here aan hulle voorgeskryf het nie.

Dit mag nie gebeur nie! As die nasies in hulle land sou woon, sou hulle hulle verlei om teen die Here te sondig. Hulle sou in afgodery verval; die nasies sou vir hulle 'n strik wees. Die bevel kragtens die aard van die profetiese Woord kan nie letterlik vir ons in die tyd voor die finale oordeel geld nie. By Israel is in die Woord aan Moses die hede en toekoms saamgetrek. Jesus het in die gelykenis van die onkruid die feit uitgelig deur uitdruklik te laat verstaan dat die bevel nie vir ons letterlik geld nie. Op die vraag van die dienskneg: "Wil u dan hê dat ons dit (die onkruid) moet gaan bymekaar maak?", antwoord die huisheer: "Nee, dat julle nie miskien as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie" (Matt 13:28, 29). Die bevel laat egter die gevaar wat ons in die wêreld bedreig baie duidelik sien. Van die goddelose wêreldlinge gaan 'n magtige versoeking uit. Die duiwel gebruik hulle om die gelowiges te verlei sodat hulle teen die Here sondig. Ja, dat ons die kosbare bloed van Jesus wat ons uit die heerskappy van die duiwel verlos het, sal minag en vertrap! Dan verval ons so maklik in afgodery. Ons vertrou dan op onself of op dinge soos geld, mag, die wetenskap en soveel meer, naas of in die plek van God. Die gevaar is soos 'n strik waarin jy jou kop gestee het en dan trek dit al nouer om jou keel om die lewensasem uit jou te wurg!

So gaan dit met die verbondskind wat met die wêreldlinge saamwoon; met hulle heul! So gaan dit met die wat nie ag gee op hulle doop, wat 'n skeiding tussen hulle met hulle kinders en die wêreld gebring het nie! Die wêreld se leefwyse word nagevolg. Hulle gewoontes wat deur afgodery, bygeloof en sonde gevorm is, word oorgeneem. Merk ons nie inderdaad vandag hoe die saamwoon, die vermenging met die wêreld die Christelike lewenstyl al byna heeltemal doodgedruk het nie? Ons kleredrag, wat volgens so baie gelowiges 'n heeltemal onverskillige saak is, blyk nie meer 'n onverskillige saak te wees waar dit in diens van die brutale wellus staan en totale minagting openbaar vir die goddelike voorskrifte met die oog op die sedes nie. Die agting wat kinders en jongmense vir hulle ouers, meerderes en ouer mense moet hê, het dit nie al ook in verbondskringe plek gemaak vir brutale veragting nie? Waarom sou tydskrifte wat bedoel is om in verbondshuise gelees te word, soveel aandag aan sterrewiggelary, towerkuns, waarsêery en allerlei besweringe gee? Hulle beweer dat die lesers daarom vra! Net soos wat hulle vra na die beskrywing van die smerige lewens van hoereerders, dobbelaars en bedrieërs! Hulle is vir ons 'n strik wat die waaragtige lewensasem uit ons wurg! Wêreldgelykvormigheid is vandag een van die sterkste wapens wat die duiwel teen ons gebruik. Daarmee bring hy ons opnuut in verset teen ons roeping en verkiesing! Die begeerlikheid van die vlees; die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe "is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld" (1 Joh. 2:16). Nogtans span ons na die voorbeeld van die wêreld al ons kragte in om die genot van die begeerlikheid te smaak terwyl ons vergeet "die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig" (1 Joh. 2:17).

Ons en ons kinders is so tuis in die wêreld! Daar is by ons geen sprake meer van die vreemdelingskap waarvan die apostel Petrus praat nie. Ons en ons kinders het al in die strik geval en sal ons dan die nek altyd verder uitstrek na die lokaas wat die wêreld bied sodat die nuwe lewe in ons al erger gewurg word? Kyk mooi, en u sal sien hoe diep die wêreld al in die kerk ingedring het; hoe die wêreld haas die gelowiges in hulle eie

samekoms verdring! Daar word baie gepraat oor hervorming en versoening. Dan word daarmee, helaas, bedoel dat die gelowige moet aanpas by, saamwoon met die wêreld. Ons moet een nasie vorm met openlike God en Christusloënaars en "versoen"; dieselfde leefwyse deel met die wat die Wet en verordeninge van God, ja, die navolging van Christus as lewensonterend beskou. Ons moet die lewenswyse volg wat voorgeskryf word deur die mens wat hom deur niemand, ook nie deur God, laat voorskryf nie! Dit is geen hervorming en versoening nie, maar juis die strik wat die wêreld vir die wat die Here in Christus na sy voorneme roep, gestel het! En in soverre as wat ons al in die strik wurg, moet ons ons bekeer — moet ons wel hervorm in die sin van terugkeer na die Profetiese Woord van die Here, "wat baie vas is, waarop julle moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn".

Amen.

24. Die bloed van die verbond

LEES: Eksodus 24

TEKS: Eksodus 24:3-8

SING: Pss 105:1, 2; 119:1, 33; 86:1, 6; Skrifb. 33:1, 3.

Terwyl die HERE aan Moses die verordeninge bo-op die berg gegee het, het die volk op 'n afstand gewag om te hoor wat Hy deur Moses aan hulle wou sê. Nadat hy beveel is om weer saam met Aäron, Nadab, Abihu en sewentig oudstes op die berg terug te klim, het Moses afgeklim en "aan die volk al die woorde van die HERE en al die verordeninge vertel. . .". Nou sidder of bewee hulle nie meer en vlug ook nie van Moses af weg, soos toe hulle die stem van die HERE self gehoor het nie. Hulle is intendeel so op hulle gemak dat hulle somaar dadelik, sonder om tweemaal te dink — weer soos voor die skrikverskyning van die HERE toe hulle by Sinai aangekom het — eenparig antwoord: "Al die woorde wat die HERE gespreek het, sal ons doen." Met hierdie antwoord is die verbond gesluit. Daar is 'n ooreenkoms tussen hulle en die HERE gemaak. Eintlik is die ooreenkoms wat die HERE met Abraham en sy nageslag gemaak het, daar by Sinai bevestig! Die nageslag het aanvaar wat reeds eeue gelede met Abraham ooreengekom is. Israel het die belofte dat die HERE hulle God is en sal wees, aanvaar. Ook het hulle onderneem om aan die eise, vervat in die Wet wat hulle eers self aangehoor het en toe weer deur Moses aan hulle voorgehou is soos dit gesteun word deur die verordeninge, te voldoen. Daarvoor is hulle geroep kragtens hulle verkiesing en daarvoor het die HERE hulle op arendsvlerke gedra en na Hom toe gebring. Moses het hierna "al die woorde van die HERE opgeskrywe ... en dit voor die ore van die volk geles" (vs. 3 en 7). En weer eens dreun dit asof uit die mond van een man: "Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen en daarna luister" (vs. 7). Israel het presies geweet wat die verbond behels, en was baie seker dat hulle hul deel van die ooreenkoms sou nakom. Met die eenparige onderneming: "Al die woorde wat die HERE gespreek het, sal ons doen" het Israel hulle roeping en verkiesing vasgemaak! Die handeling daar by die berg regverdig seker die gedagte dat Israel gemeen het dat die saak daarmee afgehandel is. Die HERE het groot dinge gedoen — dit hang nou net van hulle wat geroep is, af of al die heerlikhede wat in die verbond opgesluit is, hulle deel sal wees en bly. Hulle is nou die huisgesin van God; kinders wat presies weet wat die Vader van hulle verwag. Hulle het tewens reeds gesê hulle weet wat dit is, en dat hulle dit sal doen. Hulle sal hulle soos gehoorsame kinders gedra! Dit is inderdaad dan ook die gedagtegang wat vandag weer so op die voorgrond kom. Luister maar na so baie radio- en televisiepreke en lees die traktaatjies wat gretig versprei word. Luister ook na u eie hart — hoe u self die saak insien. Die Here maak aan elke mens 'n aanbod en stel die voorwaardes vir 'n ooreenkoms met Hom. Aanvaar dit net en doen wat Hy eis en alles sal vir jou glad loop. Dit is maklik om Christen te wees, kyk net na Jesus, die groot Voorbeeld wat Hy ons op die pad laat voorgaan het. Hy het mos reeds aan Israel beloof: "Kyk, Ek stuur 'n Engel voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereed gemaak het" (23:20).

Hierdie eenvoudige en vir die mens vanselfsprekende verklaring van wat die verbond behels, sou reg wees as die Heilige Gees die verhaal oor die roeping en verkiesing van Israel afgesluit het met die eenparige onderneming van die volk daar by die berg. Maar Hy het nie daar opgehou nie! Hy laat ons verder hoor van 'n vreemde handelwyse deur Moses. Dit is asof Moses nie met die volk se eenparige antwoord tevrede is nie! Daar kom iets kort! Wat kortkom sou hy sowel as die volk vasstel uit wat hy, seker deur die ingewing van die Heilige Gees — Moses was 'n profeet! — toe gedoen het. Hy het die môre vroeg 'n altaar onder die berg gebou. 'n Altaar! Op die berg het die HERE hom beveel om 'n altaar vir Hom te maak, "en daarop moet jy jou brandoffers en dankoffers, jou kleinvee en beeste, offer" (vs. 23, 24). Die altaar was dus die sigbare uitdrukking van die innerlike aanvaarding van die verbond. Moses het ook "twaalf gedenkstone volgens die twaalf stamme van Israel" gebou om daarmee sigbaar te sê dat dit die volle getal is van die wat die HERE na Hom geroep het, wat die verbond aanvaar!

Moses het as middelaar eers aan Israel "die woorde van die HERE" oorgedra. Toe hy die altaar gebou het, het hy daarmee die antwoord van Israel aan die HERE oorgedra. Hulle erken Hom as hulle God en gee hulleself in sy diens oor. By die brandoffer is die hand op die kop van die dier gelê om die een wat offer, so as't ware op die dier oor te plaas. Daarna is dit heeltemal verbrand. Met die brandoffer het Moses aan die voet van die berg aangedui dat Israel hulleself heeltemal aan die HERE toewy — hulle sou verteer word in sy diens. Hulle gee hulleself geheel en al aan Hom oor en sal hulle lewe na sy voorskrifte inrig.

Voordat die brandoffer egter aan die brand gestee is, het Moses eers die bloed wat hy in komme opgevang het toe die diere geslag is, teen die altaar uitgegooi. As middelaar het hy so aangedui dat daar eers sprake kan wees dat Israel die verbond kan aanvaar, as daar versoening gedoen is. Dit moes eers vir hulle moontlik gemaak word om hulleself aan die HERE toe te wy. Hulle moes vir Hom aanvaarbaar gemaak word terwyl hulle self daartoe kan kom om met vrymoedigheid na Hom toe te gaan. Hulle het immers daar by Sinaï teruggedeins, van vrees gesidder, toe hulle van sy teenwoordigheid bewus geraak het. Ook het die HERE hulle by herhaling verbied om op te klim na Hom toe! Hulle het hulleself gewas, gereinig en tog kon hulle nie sy teenwoordigheid verduur nie. Daarom roep hulle Moses as middelaar in. En nou gooi Moses, die middelaar, eers die bloed teen die altaar uit om die offer aan God vir Hom aanvaarbaar te maak. Eers deur die versoeningsbloed kan die heiligdom betree word en kan die geroepenes deel hê aan die verbondsheerlikhede. Deur die bloed teen die altaar het die middelaar, Moses, aan God verklaar dat sy verbond met die vir wie hy intree, wel bevestig kan word! Die onreinheid wat tussen Hom en hulle staan is weggeneem!

En dan gaan Moses terug na die volk en gooi die ander helfte van die bloed oor hulle uit. Deur die bloed gereinig kan hulle nou met vrymoedigheid na die troon van genade gaan! Hulle kan hulleself so aan Hom oorgee. Die verbond is so daar by Sinaï deur bloed verseël — deur die versoening kon daar en het daar 'n waaragtige verbond bestaan tussen die HERE en die wat Hy uit die slawehuis uitgelei het. Die verbond is ook vir Israel moontlik. Hulle kon wel die ooreenkoms met die Here aanvaar omdat die middelaar die versoeningsbloed voorsien het! Daarom kan hulle die tweede keer in waarheid sê: "Alles wat die HERE gespreek, het, sal ons doen en daarna luister." Hulle is gedek deur die bloed van die verbond!

Die middelaar, Moses, het Israel hier teruggevoer na die nag toe hulle getrek het. Hulle kon die doodsengel eers sparend in daardie nag van oordeel sien verbygaan toe hulle agter die bloedpoort geskuil het. En hulle kon die slawebestaan eers agterlaat toe hulle op die roepstem van die HERE deur Moses deur die bloedpoort getrek het! Hulle roeping en verkiesing is van die begin af deur bloed vasgemaak!

Moses, die middelaar van die verbond met Israel, kon dit alleen bevestig deur die bloed van diere. Die bevestiging sou daarvandaan voortdurend in die erediens voortduur totdat die Middelaar van die nuwe verbond — of liever, die eintlike Middelaar van die verbond, Jesus Christus, wat soveel groter was as Moses sou kom. Hy sou nie vreemde bloed aanbring om te benadruk dat die verbond net moontlik is as daar versoening vir die wat geroep is, deur bloedstorting bewerk is nie. Hy het sy eie bloed gestort tot versoening van almal wat die Vader aan die Seun gegee het en wat Hy na sy voorneme roep! Alleen deur sy bloed is ons roeping en verkiesing vas! Ons kan alleen die verbond aanvaar en in die verbond lewe as die Middelaar ons vir God aanvaarbaar maak en aan ons die vrymoedigheid gee om na die troon van genade te gaan. Op Gólgota is die bloed gestort om teen die hemelse altaar en oor ons uitgegooi te word. Jesus Christus het ons deur sy bloed 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie gemaak! Deur die geloof in Hom, die Middelaar van die verbond, is ons roeping en verkiesing vas!

Amen.